Johanna Cornelia van der Merwe (7 March 1825 - 15 January 1888)
Deur Herman Labuschagne

Johanna van der Merwe wat die Bloukrans moordaanval ondanks 21 assegaasteke oorleef het. Die duikboot SAS Johanna van der Merwe van die SA Vloot wat onlangs herdoop is na SAS Assegai.

IN die laat herfs van 1987 gesels ek met Oom Flip Alberts van Outjo, Namibië. Hy was 'n afstammeling van Gert Alberts, Dorslandtrekleier gedurende 1875. In 1928 is Oom Flip en sy familie via Swartbooisdrif na die destydse Suidwes gerepatrieer. Hy toon aan my 'n besonderse foto van oom Flip by 'n graf naby Chiginkie in die suide van Angola. Dit is in 1957 geneem by die Humpata Fees. Volgens hom was dit die graf van Johanna van der Merwe, Voortrekker wat by Bloukrans 21 Zoeloe assegaasteke oorleef het.

In W.A. de Klerk se Die Laer lees ek van Hannie van der Merwe. Sy was die dogter van veldkornet Gert van der Merwe, Dorsland Trek leier. Ek doen navraag na die Voortrekker vrou Johanna. Skakel ook by die SA Vloot die bevelvoerder van die duikboot wat tot onlangs haar naam gedra het. Maar hy weet nie wie sy was nie!

Die kurator van die Voortrekker Museum in Pietermaritzburg weet net sy was met 'n Delport getroud en het 'n hoë ouderdom bereik. Hy meen sy het 'n kleinseun in Bloemfontein. So bring Wessel Delport, die kleinseun, my op 'n spoor. Die tydskrif Sarie het op 15 Julie 1970 'n artikel oor Johanna deur Felix Lategan onder die opskrif "Bloukransmoord" gepubliseer. Dit lui soos volg:

"So 'n jaar of twee gelede was dit my voorreg om die Geloftedag viering op Bloukrans by te woon in die geselskap van die laaste oorlewende kleinkind van Johanna van der Merwe, die Voortrekker meisie wat in 1838 in die Bloukrans moordaanval 21 Zoeloe assegaasteke oorleef en later in die Vrystaat twaalf kinders in die wêreld gebring het.

"Tant Ellen en haar man, oom Stoffel Scheepers, woon op Klarwater aan die voet van die Drakensberg naby Geluksburg. Daar het ek die gasvrye oom en tante gaan oplaai Bloukrans toe, waar hulle as stoere patriotte die verrigtinge met oorgawe meegemaak het, en my ook die plek gewys het waar die sandklip vroeër was waarop die lyke van die vermoorde Voortrekker vroue en kindertjies na die moord 'laat lê' is.

"Onder die lyke is twee meisies lewend gevind, Johanna van der Merwe (tant Ellen se ouma) en Magrieta Prinsloo ondanks die vele assegaasteke wat hulle van die Zoeloe krygers gekry het. "Die groot sandklip op die plek waar die ongelukkige laer gestaan het, is vandag nie meer te sien nie; Dit is volgens mev. Scheepers in die Bloukrans monumentjie 'ingekap'. Maar oom Stoffel, wat saam met sy skoonvader teenwoordig was toe die beendere wat aan die oopspoel was, daar opgegrawe is om op hoër terrein herbegrawe te word, is seker van die plek wat hy aan my uitgewys het.

"Hy vertel: 'Ek onthou goed hoe twee swartbont osse die karretjie getrek het dit was swart oorgetrek waarop die kiste met die bene en assegaai was . . . en sulke goed soos 'n skoenveterskêrtjie.' "Daar het oom Josia ons gewys: die rugstringe van 'n vrou met die harpoen (weerhaak) van 'n assegaai daarin afgebreek. "Ek het tant Ellen gevra om my die verhaal van haar Voortrekker ouma te vertel soos sy dit uit die mond van haar vader en ander familie gehoor het. Die stuk vrouehero ek uit ons geskiedenis volg hier woordeliks soos ek dit op band opgeneem het daar in tant Ellen se voorkamer op Klarwater."

Sy vertel: 'Meneer, Johanna Cornelia Magdalena van der Merwe is my eïghe bloed-ouma. Ek is die jongste kind van Marthinus Delport, Johanna van der Merwe se tweede jongste seun hy het net die een naam gehad, soos sy Hugenote oupa. Meneer, ongelukkig het ek nie my ouma Johanna self in die lewe gesien nie, maar haar portret hang in die Voortrekker Monument in Pietermaritzburg. 'Die klip by Bloukrans: Kyk, dit was so 'n hoghe klip hy het skuins in die grond gelê, so het Ouma my pa-hulle beduie. Dit is nou die klip waar die kinders oor gegooi is dis nou my ouma en Magrieta Prinsloo. Toe die Zoeloes die laertjie omsingel, sê die vroue: kom ons lê op die kindertjies . . . dit is te wreed om hulle teen die wawiele te laat doodslaan.

'Toe gaan die vroue en hulle lê op hulle babatjies. Ouma sê sy het nog vir haar pa die geweer en koeëls aangegee om te laai . . . Magrieta sê niemand leef meer nie kom ons druk ons koppe ook daar onder die vroumense in. 'Toe het hulle mos en hulle was die eerstes wat so gestee is met die assegaai. En elkeen wat gestee was, het hulle oor die klip gegooi. My ouma het vreeslik lang hare gehad en die hare het so oor haar kop gegaan en die bloed het oor haar kop geloop.

'So het hulle maar almal doodgestee en oor die klip gegooi weggegooi. Ouma had 21 steke saam met die harpoensteek hulle het hom (die assegaai) hier agter die blad uitgehaal, hulle kon hom nie terugbring nie. En Ouma het my pa-hulle honderde male gewys dat, as sy op haar maag lê, dan gooi hulle 'n koppie water gelykvol in hierdie gat (in haar rug). So het my pa gedurig vir ons vertel hoe Ouma Johanna hulle dit vertel het. Sy was dertien jaar oud en Magrieta Prinsloo twaalf.

'Ja kyk, die klip was net onder 'n suikerbosboompie. Oom Dail Bezuidenhout het toe (net ná die moord) van die ander laer af gekom ek meen van Weenen.

'Toe hy die rook sien, het hy saam met sy ou agterryer gejaag na die plek. Toe hy by die klip kom, sien hy Johanna en Magrieta Prinsloo leef nog. Toe het hy hulle neergelê onder die suikerbosboompie en teruggejaag en sy ou agterryer met 'n draagbaar laat kom om die twee meisiekinders terug kamp toe te dra want hy sê: hier is nie meer ander lewe nie . . . '

Naskrif: Intussen het die drie Suid-Afrikaanse duikbote hul ou Afrikaanse name verloor. SAS Umkhonto, SAS Spear en SAS Assegai word hulle deesdae genoem. Die SAS Johanna van der Merwe is die enigste duikboot wat nog opereer. Dit heet nou SAS Assegai . . .



Die Burger 18 Desember 1999 Bladsy 3:
Johanna van der Merwe oorleef 21 Zoeloe
assegaasteke

DIE KOPERKAPEL

Die koperkapel kom uit sy gat
En sluip die randjie rond:
"Dit het gereën; die veld is nat,
En nat is die rooi-geel grond."
Die meerkat kom, en sy ogies blink,
En hy staan orent en wag.
En die stokou ystervark sê: "Ek dink
Die reën kom weer vannag."
Maar die geitjie piep: "Dis glad nie reën!
Dis kollerig, swart en rooi:
Kom jy sulke reën in jou lewe teen –
So glad, so styf, so mooi?"
En die wyse steenuil waag sy woord:
"Dis bloed, dis mensebloed!
Dis die lewensbloed wat hierdie oord
Se bossie-wortels voed!"

By C Louis Leipoldt (1880-1947)

Wie's wie by die Van der Merwes se saamtrek!

2013-03-05 12:40

Artikelopisies ▼ Deel ▼ Kry Rapport op ▼



Van links staan Sarel van der Merwe (66), die land se bekendse tydrenjaer. Hy het 17 Suid-Afrikaanse kampioenskappe (11 tydrenne en 6 wedrenne) agter sy naam. Hy het in 2002 ná 'n loopbaan van 35 jaar uitgetree. Sy vinnigste spoed op land was 400 km/h by 'n Le Mans-tydren.

Mooiste: Anneri van der Merwe (20) van die Strand is Vrydagaand as Mej. Van der Merwe gekroon. Sy is 'n administratiewe klerk by 'n in-en-uitvoermaat-skappy in Somerset-Wes.

Oudste: Mathys van der Merwe (86) is van Kroonstad en het spesiaal Kaap toe gekom vir die Van der Merwe-fees. Hy is 'n boer en plant alles van aartappels tot mielies. Hy is vol staaltjies – almal met Van der Merwes te doen – van hoe hul familieplase aan hul name gekom het.

Jongste: Corlea van der Merwe (19 weke) is haar pa Ben en ma Anel se oogappel. Die gesin woon in Stellenbosch.

Verste: Sakkie van der Merwe (70), bekende oud-vlieënier van SAL en SAUK-weeraanbieder, woon al die afgelope 16 jaar in Albany, Wes-Australië. Hy het 'n olyfplaas in Australië gehad, maar hy het dit intussen verkoop en nou reis hy en sy vrou die wêreld vol.

Hier is nog so n storie vir die wat belangstel oor Calvinia

GREPE uit die kommando-lewe van twee Kaapse Rebelle van Calvinia is onlangs deur die bejaarde dogter van een aan WoonBurger vertel voordat sy skielik op Stellenbosch gesterf het. Dié Rebelle was Hendrik Nel en sy vriend Careltjie van der Merwe wat as jong manne in die Anglo- Boere Oorlog hulle in die Noordweste by die Boere kommando van genl. Manie Maritz aangesluit en merkwaardige avonture en doodsgevaar beleef het. Mev.

Maudie Basson (85), dogter van Hendrik Nel, het my onlangs daarvan vertel. Sy het lekker oor die oorlogsverhale van byna 'n eeu gelede gesels toe ek haar in Stellenoord op Stellenbosch besoek het.

Enkele weke later het tant Maudie ernstig siek geword en sy is op 21 Julie oorlede. Sy was die weduwee van die bekende kap. Jack Basson, wat parlamentslid vir Seepunt was.

Tant Maudie het vertel dat Hendrik Nel en Careltjie van der Merwe, toe negentien, op 'n dag besluit het om van Calvinia na Maritz se kommando weg te loop. Hulle het een nag verby die dorpswagte gesluis en deur die veld koers gekies. Hulle moes oppas dat die wagte hulle in die helder maanlig nie raaksien nie.

Hulle het op Rietfontein in die Agter-Hantam aangekom en is daarvandaan na Maritz se kommando wat 'n bietjie verder op een van die plase was.

Hendrik Nel se pa was ontevrede omdat sy seun weggeloop het om te gaan veg. Tant Maudie Basson het vertel dat die kommando op haar oupa se plaas Downes aangekom het. Dit is aan Williston se kant van Calvinia geleë.

Op Calvinia was daar "hanskakies" Afrikaners wat aan Britse kant teen die Boere geveg het. Tant Maudie Basson se oupa het pragtige weikampe gehad wat met sederhoutpale en draad afgekamp was. Dié "hanskakies" het dit verwoes. Die oupa was só ontsteld oor dié skreiende daad, dat hy aan 'n beroerte gesterf het.

Hy is oorlede net toe Maritz se kommando op Calvinia aangekom het, en van dié Boere was toe draers op die begrafnis.

Careltjie van der Merwe het op 'n dag op sy eie probeer om op die Britte te spioeneer. Dit was in die omgewing van Vier-en-Twintig Riviere, naby die huidige Porterville. Hy is egter gevang en die Kakies wou hom fusilleer. Maritz het laat weet vir elke Boer wat die Britte doodskiet, skiet hy twee Kakies dood. Careltjie is begenadig en as krygsgevangene na St. Helena gestuur.

Hendrik Nel was tot die einde van die oorlog by Maritz op kommando. Hulle het kruis en dwars deur Namakwaland getrek in hul guerrillaveldtog teen die Britte.

Tant Maudie het voorts vertel ná die dood van haar oupa het haar ouma en ma op Calvinia in die huis Avondrust gaan woon. "Die Britte was hatig teenoor my ma en ouma omdat hulle die Boere gesteun het. My ouma het al die geld wat sy gehad het in die some van haar rok vasgewerk en die twee vroue het besluit om vir die res van die oorlog uit Calvinia pad te gee. Hulle is toe albei in 'n spider ('n perdekar met groot wiele en 'n kap) na Worcester. Hulle kon nie veel saamvat nie, net hul kleren en die geld.

"Toe hulle ná die vredesluiting terugkom op Avondrust was omtrent alles uit die huis weg. Die stoof het buite op die ashoop gelê. Die klavier wat aan my ouma behoort het en miskien ook aan 'n grootjie, was gelukkig nog in die huis. Dit is steeds in die besit van die familie.

"My pa is weens hoogverraad voor die hof gedaag, maar die saak is teruggetrek en die Britte het hom verskoon en toegelaat om verder te gaan leer.

"Hy en 'n maat moes hul wapens, perde en saals op Clanwilliam inlewer en te voet na Calvinia stap. Hulle het geen geld gehad nie, net die kleren aan hul lyf. Die boereplase op pad soontoe was ook verrinnere. Haar pa het darem sjokolade by hom gehad wat hulle waarskynlik in die oorlogsdag van die Kakie konvooi buitgemaak het."

Toe die vredesonderhandelinge aan die gang was, het die Boere 'n Britse kommandant versoek om 'n skietstilstand uit te roep sodat 'n vriendskaplike rugbywedstryd tussen Boer en Brit kon plaasvind. Dié kommandant het dit na hoër gesag verwys, wat dit geweier het, het tant Maudie vertel.

"Aat Kaptein, die bekende joernalis, het in Die Burger oor dié insident geskryf nadat hy met my pa 'n onderhoud gevoer het op Stellenbosch, waar hy gewoon het."

Lesers wat weet wanneer Aat Kaptein daaroor geskryf het, kan my gerus laat weet.

Tant Maudie Basson het vertel haar pa was baie jare 'n vriend van genl. J.C. Smuts. Haar pa het voor die Anglo-Boere Oorlog aan die ou Victoria Kollege op Stellenbosch studeer. Prof. Gawie Cillie, vader van prof. Gawie Jr. en Piet Cillie, was 'n klasmaat van hom. Haar pa het hom later by 'n prokureursfirma, Bisset en Hofmeyr, laat inskryf en toe prokureur op Calvinia geword.

Volgens Rebel and Federal Records for Cape Colony, Second Anglo Boer War (1901-1902) van Taffy en David Shearing is Carel A. van der Merwe van Tygerhoek (nou Tierhoek), Calvinia, wat in Maritz se kommando was, op 16 Oktober 1901 by Halfmanskloof gevang. Hy is op Worcester tot vyf jaar gevangenisstraf op St. Helena gevonnissen en was krygsgevangene no. 29062. Hy het in Januarie 1903 na die Kaapkolonie teruggekeer. Amnestie is in Maart 1903 aan die Kaapse Rebelle verleen.

Dirk Ligte, liedjesboer van die Tankwa-Karoo.

Deur MARTHINUS VAN BART

Dit is te danke aan die literêre nalatenskap van die digter, skrywer en iterator prof. I.W. van der Merwe, beter bekend onder sy skrywersnaam, Boerneef, dat die legendariese Boesman van die Tankwa-Karoo, Dirk Ligte, reeds in 1938 tot die lys name van bydraers tot die inklusiewe Afrikaanse volkskultuur gevoeg is.

Daardeur het selfs die samestellers van die Standaard Ensiklopedie van Suider-Afrika (Sesa) kennis van Ligte as kultuurpersoonlikheid geneem en ’n inskrywing in Deel 6 oor hom gedoen. Hy word beskryf as ’n boorling van die Sandveld in die distrik Clanwilliam, en van Mosambiekse en Boesman-herkoms. Hy was ’n goedaardige, hardwerkende plaaswerker met ’n rustelose temperament. Die wye vlaktes van die Karoo-landskap en die avontuurlike lewe van die wandelaar was vir hom ’n sterk roepstem. En vet skaapvleis was eweseer ’n versoeking wat hy net nie kon weerstaan nie. Hy was egter altyd gewillig om sy straf weens diefstal te verduur – mits hy gevang word. Sy vermoë om ten volle gekleed, kompleet met ’n wuiwende (volstruis)veer in sy opslaanvoet en ramkie agter die blad, in die moordende Karoo-son lang afstande onverpoos af te draf, was verstommend. In Boerneef (1897-1967) se eerste bundel kortverhale, Boplaas, wat in 1938 deur Nasionale Pers gepubliseer is, word die musikant en kunstenaar Dirk Ligte die eerste keer bekend gestel met die verhaale “Dirk Ligte” en “Dirk Ligte – Die Nimlike Hy”. Boerneef en Ligte was tydgenote, en het mekaar op die Van der Merwes se plaas, Boplaas, in die Koue-Bokkeveld leer ken. Boerneef was nog ’n kind en Ligte al ’n opgeskote jong man.

Ook in 1938 verskyn uit Boerneef se pen die bundel Van my Kontrei, waarin ’n verdere vervolg oor Ligte, “Dirk Ligte – Nog Altyd die Nimlike Hy”, ogeneem is. Al drie essays is in 1979 by Tafelberg in Boerneef: Versamelde Prosa, versorg en ingelei deur Merwe Scholtz, gepubliseer. In 1998 verskyn, ook by Tafelberg, Boerneef: Die Berggans Het ’n Veer Laat Val – ’n Keur uit Sy Prosa en Poësie, saamgestel deur prof. Wium van Zyl. Albei kortverhale oor Ligte is ook daarin opgeneem.

In 1997 word aanvullende inligting oor hom in ’n opstel in die bundel Ceres van Gister en Eergister deur Francois Botma bekend gestel. Die boek met vertellinge oor die Ceres-kontrei is deur Unisa uitgegee.

’n Boesmanlander met ’n groot liefde vir die kultuurdinge van die Karoo, Joe Dauth, het ná sy eie jare lange navorsing oor Dirk Ligte ’n interessante biografie, Dirk Ligte, in 2001 uitgegee wat Boerneef se vertellinge oor Dirk Ligte aansienlik aanvul. Ware liefhebbers van Afrikaans en die Afrikaanse literatuur en volkskultuur kan dus nie sê Dirk Ligte is ’n onbekende nie. Boerneef het soveel van Dirk Ligte gedink dat hy drie gedigte, of “rympies”, soos hy dit noem, oor die swerwende troebadoer geskryf het. Hulle is bloot getiteld “Dirk Ligte I”, “Dirk Ligte II” en “Dirk Ligte III”. Dié verse, in die tipies inheemse streekspraak van die Koue-Bokkeveld en die omliggende Karoostreek, het die potensiaal om ’n besonderse verhoogmusiekopvoering vir die Suidoosterfees op te lewer. Boerneef dig onder meer:

Ek is die eerste hy die nimlike Dirk die hartlamklong van Namakwaland ek trap my spore by Pella verby en vry na die meide van Boesmanland. Ek lei hulle koud met ramkie-doepe en maak hulle saf en sê ek kom weer maar hierdie serannie verlang al hoeka na die bloedrooi blom van Kamies se rant. Lui die klokke en kietel die snare maak musiek deur Namakwaland slaan ramkies en trosse kitare slaan die rooi blom se hart aan die brand ek is die vlaktes se ligvoet-ghantang ek is die klipbok van berg en rant slaan ramkies en trosse kitare ek is mandoor van Namakwaland. In sy eerste kortverhaal (prosa) oor Ligte vertel Boerneef: “Ek het Dirk net twee maal gesien, soos ek gesê het: die eerste keer was dit op Boplaas in die seehuisie se deur, en daarna weer op Matjiesrivier se berg. Ek sal dit nooit vergeet nie. Maar ek het ook ander mense staaltjies omtrent hom hoor vertel wat ek nog baie goed onthou. As jy vandag in ons distrik gaan verneem, sal jy nog meer as een kry wat hierdie verhaaltjies ken.”

Hy verhaal hoedat hy as jong plaasseun op sy perd ry met eersgenoemde wat langs hom draf: “Dirk moet hom effens inspan om te praat, maar aan sy hardloop bespeur ek geen teken van vermoënis nie. Hy slaan ’n hotnotsriel op sy speedling af.

Maar hoe kry hy dit reg om so ’n ongelooflike vinnige pas vol te hou? ‘My oupa het ’n perd/ met ’n lang, witte stert, waarmee hy die vlieë van hom waai,’ dreun dit van die ghitaarsnare. ‘As die konstawels sulke perde gehad het, sou ek miskien swaarder gelewe het. Maar ek weet ok nie. Ligte is nie almal se maat nie.’ ‘My oupa het ’n perd/ met ’n lang, witte stert./ Maar nou lê hy dood/ daar onder in die sloot.’” Nog Ligte-rympies wat Boerneef opgeteken het – van hulle is herkenbaar in ons volksliedjies – is die volgende:


As die wind so waai, waai,/ soos hy nou daar waai, waai,/ dan waai my jas, dan waai my jas,/ in die taaihos vas, in die taaihos vas. Dis die wit perd van Calvinie,/ hy loop maar hy kan nie sien nie,/ dis die kolperd van Calvinie,/ hy loop maar hy kan nie sien nie. My naam is dokter Ysterbaard/ pierie- wiere-wiet Jan Bam:/ ek trou ’n vroultjie na my aard,/ pierie-wiere-wiet Jan Bam,/ Victoria, Victoria, pierie-wiere-wiet Jan Bam. Al slaan my ma my neer,/ as ek opstaan, dan loop ek weer./ Al is ek hoeka oud, ek is oud, maar nog nie koud.

Boerneef besoek Ligte op sy oudag waar hy sy laaste dae in ’n sorgoord slyt, en gee hom ’n rol twak, “van die beste wat ek op ’n plaas in die Bokveld kon kry”. En Dirk se afskeidswoorde aan die professor was: “Miskien ontmoet ons weer eendag op die Krovlak, of ek nou dood is ofte nie. Daar sal ammelee vir ons ’n plekkie wees.”

In sy navorsing oor Ligte het Joe Dauth in die Tankwa-Karoo op die plaas Katbakkies gesprekke gevoer met die tagtigjarige oupa Dirk Ambraal wat as jong perdeversorger van die polisie Ligte leer ken het. Hy was by tye Ligte se geselskap

onderweg na Ceres se hof en tronk. Dauth het Ambraal se staaltjies opgevolg, en ontdek dat daar besonder baie oor Ligte en sy dinge bekend was. Heelparty het met ander ooreengestem – met ’n stertjie so dan en wan bygelas. Sommige het aan die bonatuurlike gegrens, soos die gewilde een onder van die bruin mense dat Ligte se spook sommige nagte by die klipstalle onder die Prambreg aangetref kan word waar hy sy ramkie sit en pliek en rympies sing. Rympies wat Ambraal kon onthou, is: Akkedis Sem eltrou bobbejaan se agterklou. Dis die hond wat die bene kou bokkie my kind, wat is jou antwoord nou.

Dan slaat jou ma my wragtig op my kop maak ek en jou pa saam ’n dop. Al staat ek voor die magistraat ek weet jy sal my



Jacobus Alewyn aka **Kwaai Koos**



Schalk Willem Petrus aka **Kort Willem**



Oupa: Carel Aron





DUPLICAAT ORIGINEEL REGISTER.

1 RSC

1911.... Huwelijk bevestigd te (1) Calvinia.....in de Parochie van Calvinia.....in het District van Calvinia..... 1911....

No.	Wanneer Getrouwd.	Namen en Toenamen.	Ouderdom Laatste Verjaardag.	Ras.	Staat.	Rang of Beroep.	Woonplaats tijdens het Huwelijk.	Na Huwelijksgeboden, of met Licentie.	Toestemming, door wien gegeven, of op order van den Rechter.
475	2 Mei 1911....	<u>Schalk Willem Petrus van der Merwe</u>	79	Europeesch	Weduwnaar	Boer	Lutherland	met	magistraat
		<u>Anna Jacomina Elizabeth Nel geb Nel</u>	36		gescheiden Weduwe	—	Calvinia	licentie	A. Bain Calvinia

Getrouwd in (2) private woning, te (1) Calvinia.....voormeld, met licentie (3)..... door mij,

(4) Murray Jooste
Pred. Ned. Ger. Kerk

Dit Huwelijk is voltrokken tussen ons,

{ S.W. P. v. d. Merwe
A. J. E. Nel geb Nel }

In de tegenwoordigheid van ons,

{ D. F. Marais
J. W. H. Meiring }

Nagezien met het Origineel Register en correct bevonden, door mij.

Indien de ouderdom niet te bepalen is, schrijft dan de ouderdom bij benadering in, en voeg het woord "nader" daarbij.

Indien de beschrijving van de Kerk of Kapel.

"Na Huwelijks-Geboden" of "Met Licentie" naar het geval is.

Indien het Huwelijk bevestigd, moet op beide plaatsen, genummerd (4), teekenen.

I hereby certify this to be a true copy of the Duplicate Original Register of the marriage of S.W. P. van der Merwe and A. J. E. Nel, filed of record in this Office.

(4) Murray Jooste
The Union of South Africa,
Department of the Interior,
Cape Town, Cape of Good Hope
6th June 1912
J. D. Smith
Secretary for the Interior

Doods Kennisgeving.

VOLGENS VOORWAARDEN IN DE ADMINISTRATIE VAN BORDELS WET, 1913, BEVAT.

1. Naam ten volle van de overledene. SCHALK WILLEM PETRUS van der Merwe2. Geboorteplaats en Nationaliteit der overledene. Afdeeling Calvinia3. Namen en Adressen van den
Ouders der overledeneVader JACOBUS ALEWYN van der MerweMoeder ELIZABETH MARIA THERON4. Onderdom der overledene 52 jaren - maanden5. Beroep, in het leven, van overledene, of,
indien eene vrouw, van hare echtgenoot Doer6. Gewone Woonplaats van de overledene, of,
indien eene vrouw, van hare echtgenoot Quaggafontein, Sutherland7. Gehuwd of Ongehuwd, Weduwnaar of Weduwe WEDUWNAAR(a) Naam van overlevende echtgenoot (indien een) en of
hetzij gehuwd in gemeenschap van eigendom, of niet(b) Naam of namen, en datum (zoo nabij als mogelijk) van
het sterven van voorstervende echtgenoot of echtgenoten Magtel Elizabeth du Plessis
(in Gemeenschap gehuwd)(c) Waar laatste huwelijksgeregteerd plaats vond. Overleden 6 Mei 1906.

120/546

8. De dag van het overlijden: Op 18den April 1915 191(Huis aan zyn woning9. Waar het overlijden plaats vond. Deerp-ol Plaats Quaggafontein(Distrikt SutherlandACT
24 OF 1913.

10. Namen van de Kinderen der overledene, en of hetzij meerderjarig of minderjarig.

Anne Louise, gehuwd met Wm.J. SteenkampJacobus AlewynElizabeth Maria, gehuwd met Jacob.J. EstermyseSchalk Willem PetrusMagtel Elizabeth, gehuwd met Jan A. VisagieCarel AronCatharina Elizabeth, gehuwd met Jasper J.L. OloeteHelena Elizabeth, gehuwd met Josephus KuhnWouter JacobusIndien er geen Kinderen
zijn, en ieder of beide ouders
gestorven zijn, dan geeft de
namen en adressen van de
broeders en zusters van
overledene.11. Heeft de overledene enig losse eigendom nagelaten? Ja12. Heeft de overledene enig vaste eigendom nagelaten? Ja13. Is het geschat dat de boedel meer dan £300 in waarde overtreffen? Ja14. Heeft de overledene een testament nagelaten? JaGedateerd te KAIFERSBURG op den 9den dag van Juni 1915

(Handteekening)

J.A.V. d. MerweZegt in welke capaciteit, en of hetzij ten tijde van den
dood ten plaatse of nabij de plaats van den dood. Zoon van overledeneDit kennisgeving moet ingevuld en geteekend wordt door de naaste Bloedverwant of Naverwant van de
Overledene die ten zelfde tijde bij of nabij de plaats waar de dood plaats vond was,—of in de afwezigheid
van zulke Bloedverwant of Naverwant, door de persoon die bij, of onmiddellijk na, de dood, de hoofd zorg
had van de huis of de plaats waar het dood plaats vond, en moet verzonden wordt aan den Meester, of indien
den dood plaats vond in een distrikt waar eene zetel van een Provinciale Gouvernement niet bestaat, aan den
Magistraat van het distrikt, in duplo, binnen veertien dagen na den dood.

Coarel Aron geb ^{Gedoopt 3 Jan - 1875} 29 Nov 1874

oud { Schalk Willem Petrus van der Merwe
Mazel Elizabeth du Plessis
Coarel Aron van der Merwe
ger { Cecilia Margaretha van Zyl
Francis Johannes v. d. Merwe
Margaretha Maria van Wyk
Jan Abraham du Plessis

ORIGINEEL REGISTER.

1918

Huwelijk bevestigd te Kaapstad, in de Parochie van Kaapstad, in het District van Kaapstad.

1918

No.	Wanneer Getrouwd.	Namen en Toonamen.	Ouder- dom Laatste Verjaar- dag.	Ras.	Staat.	Rang of Beroeps.	Woonplaats tijdens het Huwelijk.	Na Huwelijks- geboden of met Licentie.	Toestemming door wien gegeven, of op order van den Rechter.
39	9 ^{de} September 1918.	Carel Aron van der Merwe Margaretha Wilhelmina Coetzee	43 19	Europeaan	Jonkman	Boer	Sutherland	Lebode	Vader

Getrouwd in het Geref. Kerk te Kaapstad voormeld. Geboden door mij.

D. H. Malan

Leeraar der Ned. Ger. Kerk.

Dit Huwelijk is
voltrokken tus-
schen ons,


C. A. v. d. Merwe.
M. W. Coetzee

In de tegenwoordigheid van ons,

N. J. J. Coetzee
G. J. Coetzee

ORIGINEEL REGISTER





SCHEEPERS, die stamvaar van die Kaapse Vlaamse perde.

FORM OF INFORMATION OF A DEATH. AANGIFTE VAN 'N STERFGEVAL.

(Act No. 17 of 1923.—Wet No. 17 van 1923.)

WARNING.—The penalties for false statements willfully made are the same as those for perjury.
WAARSKUWING.—Die straf vir valsse verklarings met opset, is dieselfde as in die geval van meened.

DECEASED.—OORLEDENE.

1. Christian names and surname Leerd van der Merwe
Voorname en familienaam

2. (a) Name of parent or guardian (if deceased was under the age of ten).
(a) Naam van ouer of voog (indien oorledene onder die ouderdom van tien jaar was)

(b) Place of residence of mother*
(b) Woonplek van moeder*

3. Sex Wonslik 4. Age 67 jaar 5. Race Blanke
Geslag Ouderdom Ras

6. Birthplace Koepfprins. Whether single, married, divorced, widower, or widow Getroud.
Geboorteplek Ongetroud, getroud, geskeide, wewenaar of weduwe

8. Occupation Shaapster
Beroep

9. Pensioner or dependent of pensioner Nee
Gepensioeneerde of afhanklik van gepensioeneerde

10. Date of death Neg-en-twintigste Maart 1943
Datum van afsterwe

11. Place of death Kwaggaafontein, distrik Sutherland
Plek waar oorlede

12. Usual place of residence Kwaggaafontein distrik Sutherland
Gewone woonplek

13. Intended place of burial Kwaggaafontein distrik Sutherland
Voorgenome begraafplek

14. Cause of death Cardiac Syncope
(In the case of the death of a mother when giving birth to a child, the words "first child" or "second child" must be inserted.)
Oorsaak van dood

(In the case of the death of a child, the words "first child" or "second child" must be inserted.)
(In die geval van die dood van 'n kind, moet die woorde " eerste kind " of " tweede kind " ingevoeg word.)

15. Duration of disease or of last illness 14 days
Duur van kwaal of laaste siekte

16. Name of medical practitioner Dr. C. L. Muldering
Naam van geneeskundige praktisyn

INFORMANT.—BERIGGEWER.

17. Original signature (or mark) Leerd (m)
Eie handtekening (of merk)

18. Qualification Police Member elected by voters in my ward
Bevoegdheid

19. Residence Kwaggaafontein distrik Sutherland
Woonplek

To be filled in when the form is signed before a Justice of the Peace or Police Officer.
Moet ingevul word wanneer die vorm geteken word voor 'n Vredereger of Politiebeampte.

Signed before me at _____ on this the _____
Geteken voor my te _____ op bedo die _____

day of _____ 19____
dag van _____

Justice of the Peace or Police Officer.—Vredereger of Politiebeampte.

The following spaces are reserved for the use of an Assistant District Registrar and of the District Registrar.
Die volgende ruimtes is vir die gebruik van die Assistent-distrikregistrateur en van die Distrikregistrateur.

When registered or received _____ Station _____
Wanneer geregistreer of ontvang _____ Stasieplek _____

(Signature)
(Handtekening) _____ Assistant District Registrar _____

When registered _____ 30 Maart 1943 District _____ Sutherland
Wanneer geregistreer _____ Distrik _____ Distrikregistrateur _____

(Signature)
(Handtekening) _____ No. of entry _____ 16
No. van inskrywing _____

* To be given in the case of an infant less than 1 year who dies in the institution where it was born.
* Moet saamgegee word in die geval van 'n kind onder 1 jaar wat sterf in die instelling waar dit gebore is.

For instructions see reverse of form.
Vir instruksies sien agterkant.





































Sam B. Benson
GUELPH, ONTARIO







Voorouers van Van der Merwe, Marchant Wilhelm [332222]

0.1 **Van der Merwe**, Marchant Wilhelm *Ceres 1977.04.25 [332222]

1.1 **Van der Merwe**, Carel Coetzee *Sutherland 1936.05.16 †Kaapstad 2010 : studeer in Australië vanaf 1958 - 1960. Is dux student vir die kursus in wol en vee-teelt. Boer eers op Kruisrivier, Sutherland en later op Geelbeksfontein Richmond [279186] × 1960.05.21

1.2 **Burger**, Ebenice Laetitia *Kolsvlei, Piketberg 1934.09.02 [332218]

2.1 **Van der Merwe**, Carel Aron *Quaggasfontein, Sutherland 1874.11.29 =Sutherland †Quaggasfontein, Sutherland; 67j 4m 1942.03.29 : boer; bekend vir die teel van 'n pragtige Vlaamse hings met die naam Scheepers asook die bou van 'n reuse dam op Quaggasfontein [70883] × 1918.09.09 Kaapstad

2.2 **Coetzee**, Margaretha Wilhelmina *Sutherland 1898.09.10 †1982.07.03 : haar familie van die plaas Toorn, Calvinia [70884]

2.3 **Burger**, Paulus Frederikus Bernardus *1881.07.25 =Piketberg 1881.09.18 [332296] × 1914.03.31 Porterville

2.4 **Visser**, Hester Helena *1893.03.27 †1973.07.07 [332297]

3.1 **Van der Merwe**, Schalk Willem Petrus *Calvinia distrik 1833.04.20 =Clanwilliam 1833.08.22 †sy woning Quaggasfontein, Sutherland; 82j 1915.04.18 : boer Quaggasfontein, Sutherland; stamvader van die Sutherland se van der Merwes; bekend as oupa Kort Willem; 'n pragtige boekie geskryf deur Cecile van der Merwe oor die familie Die van der Merwes van Rooiwal, Sutherland [70857] ×

3.2 **Du Plessis**, Magtel Elizabeth *Sutherland 1842.11.29 †Quaggasfontein, Sutherland; 64j 6mde 1906.05.06 [70858]

3.3 **Coetzee**, Nicolaas Salomon Louw *Sutherland 1871.01.05 †1955 : boer Kruisrivier, Sutherland [465808] × Calvinia

3.4 **Nel**, Catharina Wilhelmina Arnoldina *Calvinia 1870.05.09 †Geelhoek, Sutherland 1937.08.20 [465809]

4.1 **Van der Merwe**, Jacobus Alewyn *Tygerhoek, Calvinia 1804.01.12 =Swartland 1805.02.28 †Achter Hantam, Calvinia 1870.05.20 : landbouwer; bekend as Kwaai Koos Welbedacht, een van die stamvaders van Calvinia se van der Merwes; drie van sy nakomelinge, te wete Koos Laingsburg, F.J. en C.A. was baie bekend in die Evangeliebediening. Een van die spookstories in die voor-Hantam handel oor Kwaai Koos Welbedacht wat op maanlig nagte glo nog op 'n swart perd in die grootpad onderkant Spitskop gewaar word. Tygerhoek was die eerste plaas in die Voor-Hantam waar die geselskap van Lichtenstein aangedoen het. Dit is 'n baie ou plaas. Reeds in 1757 is hier 'n wei- liksens aan ene Abraham van Wyk toegeken. Lichtenstein vertel 'Hier in die huis van 'n sekere kolonis, met name van der Merwe, het 'n baie vriendelike ontvangs ons te beurt geval. Ons het heelwat gesprekke oor veesiektes met hom gehad, en te oordeel na sy opmerkings, is hy 'n baie verstandige man. In die nabyheid van sy woonhuis het ons 'n groot verskeidenheid van seldsame plante en insekte aangetref'. In hierdie eenaar van Tygerhoek het ons ongetwyfeld 'n seun van een van die heel eerste Van der Merwe's wat die Bokkeveld binnegetrek het. Reeds in 1747 is wei-regte op Stinkfontein - vandag Nieuwoudville se gemeente - aan 'n David van der Merwe toegestaan. Na die gesprek van Lichtenstein (1803) moes die plaas blykbaar nog 'n geruime tyd in die besit van die Van der Merwe's gebly het, want in 1838 woon hier nog altyd 'n lid van hierdie familie. Daarna het die plaas o.a. in die besit van veldkornet W Burger gekom. In die tagtiger jare van die vorige eeu het die heer F.J. van der Merwe van Brandwacht dit aangekoop, en sedertdien is dit onafgebroke in die besit van hierdie familie. Op die plaas staan 'n baie historiese woonhuis wat reeds oor die honderd jaaroud is en nog in 'n baie goeie staat van bewoning is. Waarskynlik is dit reeds in 1838 deur ene Carel van der Merwe bewoon. Dit was in die groot voorhuis van hierdie woning dat die ringskommissie aan die begin van 1847 - honderd jaar gelede - byeengekom het en tot die stigting van die gemeente Hantam besluit het. Hierdie gebou met sy sierlike Hollandse voorgewel (die twee sygewels was ook oorspronklik van dieselfde boustyl) maak 'n besonder aangename indruk op die besoeker. In hierdie ou huis is daar ook 'n Statebybel gevind wat in die jaar 1756 gedruk is [58777] × 1824.11.06 Huwelikshof, Worcester

4.2 **Theron**, Elizabeth Maria *Bergrivier 1805.10.15 =Tulbagh 1806.02.09 †Welbedacht, Hantam, Clanwilliam; 48jr 3mde 14dae 1856.01.27 [58778]

4.3 **Du Plessis**, Jan Abraham *1820.05.29 =Tulbagh 1820.10.04 †op die plaas Uitkyk dist Sutherland; 66jr 1mnd 20dae 1886.07.20 : boer; laat los goedere tot die waarde van 3600 pond [401925] × 1841.01.26 Worcester

4.4 **Nel**, Anna Louisa *? 1823 †Op die plaas Vierfontein gelegen in het Middel Roggeveld afdeling Worcester 1856.07.02 [401926]

4.5 **Coetzee**, Carel Gerhardus (Gert) *Roggeveld, Fraserburg 1827.04.26 =Worcester 1828.09.07 [134887] × 1866.09.24 Calvinia

4.6 **Louw**, Margaretha Wilhelmina *1849 : xx Piet BURGER [134882]

4.7 **Nel**, Jacobus Johannes Gideon *Rietfontein 1837 †sy eie huis Loeriesfontein; 79jr 11mde 1916.05.15 : boer Loeriesfontein [350220] × 1858.01.11 Calvinia

4.8 **Van Wyk**, Anna Jacoba *1842.09.12 =Clanwilliam 1843.09.24 [54001]

5.1 **Van der Merwe**, Carel Aaron *Vier-en-Twintig Riviere 1771.11.00 =Tulbagh 1771.12.22 †Welbedag, Hantam 1850.02.13 : burger Stellenbosch. Boer. Waar is die van der Merwe se heimat? Volgens Koos van der Merwe is dit Calvinia. Ander sê dis Clanwilliam en Porterville, ander Piketberg, en nog ander Bethlehem. Volgens Koos is daar geen ander groep Van der Merwes waarvan hy weet wat so talryk is, of in eie kring en daar buite so 'n beslissende rol gehad het nie. In die mening word hy ondersteun deur die bekende dr. W.P. Steenkamp. Dr. Steenkamp, sonder twyfel uit ergerlikheid omdat die van der Merwes die Steenkamps op alle gebiede voor was, het hom altyd daarin verlustig om te vertel dat Calvinia se Van der Merwes met die eerste Trekkers tot in Natal was, maar toe die wêreld hulle daar nie geval het nie, teruggekom het om onder hulle eie vyeboom in die Hantam te sit. Onder hul vyeboom het die Van der Merwes vermeningvuldig en hul invloed vergroot. Daarom dat hy die persoon bejammer wat eendag die geskiedenis van die Calvinia-Van der Merwes moet opstel. Wie sal ooit vir hom kan uit lê hoe Tontelboskolkse Van der Merwes met Koppieskraal se klomp skakel, of watter van Brandwagse Van der Merwes familie was, van die op Van Rhijnshoek, Die Drif en Spitskop. Sal daar iemand oor wees om te vertel wie oom Altie Bodam was, en van watter kant hy familie was van Isak Ploegfontein, Dowe Schalk, oom Stil Willie, Willem Juk en Jakob Matjiesfontein. Is daar vandag nog 'n handjievol oor wat die verskillende Koos van der Merwes uit mekaar ken - Kolie Brandwag, Koos Drif, Koos Taks, Koos Spitskop, Koos Witklip? So lank as wat daardie gemeenskap kan onthou was die Van der Merwes voor met 'n fyntrappery. As die Van Wyks eerste gekom het met 'n volstruisboerdery, het die Van der Merwes geantwoord deur met die eerste veerwa die dorp binne te ry. Dit staan op geteken dat die Van der Merwes die eerste serefin, of musiekie soos dit ook genoem is, die gebied binnegebring het en ook die besitters was van die eerste fiets. Die bekende Sakrivierlandgoed is ook op hul grond aangelê. Dit was 'n Van der Merwe, eerste oom Kolie Brandwag, wat 22 jaar voor die broers Wright in die Agterveld aan sy eie vliegtuig getimmer het, en dalk is daar nog spotters wat onthou dat oom Kolie 'n twintig, dertig jaar terug (ongeveer 1937) week na week 'olieklippe' vir ontleding uit die Karoo Pretoria toe gestuur het. Kyk na die Openbare lewe, en jy sien dat sewe uit sewentien lede van die Calvinia-kerk se boukommissie in Mei 1899 Van der Merwes was. Ou oom Fransie Brandwag, ondersteuner van Onze Jan Hofmeyr se Afrikaner-Bond, was van 1897 af vir baie jare Calvinia se verteenwoordiger in die Kaapse parlement. Sy seun Carel het na hom in die Kaapse provinsiale raad gesit en die seun Frans weer na hom in dieselfde raad. Veral in die evangeliebediening het Calvinia se Van der Merwes hulle onderskei. Die bekendste is sonder twyfel dr. A.J. van der Merwe, vorige Moderator van die Kaapse kerk, dokter Appie of Appie Koppieskraal soos hy onder sy mense bekend is. Daar was ook ds. J.A. van der Merwe, of Koos Predikant, soos hy ook genoem is, jarelank spesiale prediker van die Kaapse kerk. Nog twee bekendes was die broers F.J. en C.A. van der Merwe, seuns van oom Kareltye van Rijnshoek, oom Karel Lol. Ds. Karel was o.a. met die Van der Merwe-saamtrek in 1952 die voorsitter [37678] × 1793.01.20

5.2 **Van Heerden**, Elsie Johanna =Land van Waveren (Tulbagh) 1778.03.29 †1828 [37679]

5.3 **Theron**, Wouter *1777.09.19 =Tulbagh 1777.10.03 †1840.12.02 : burger Stellenbosch; eienaar van die gedeelte van die plaas Vliedermuisdrift op die oostelike oewer van die Bergrivier, wat grens aan die suidekant van Remhoogte [57231] × 1801.03.08 Kaapstad

5.4 **Marais**, Hester *Piketberg 1782.03.22 =1782.04.28 †Piketberg 1853.12.18 [57224]

5.5 **Du Plessis**, Jan Abraham =Tulbagh 1799.11.17 †Ceres 1875.05.07 : van die roggeveld; getroud in die huwelikshof, Worcester op 1818.05.02; speel mettertyd bankrot [56204] × 1818.05.07 Tulbagh

5.6 **Van Wyk**, Anna Christina *1788.08.23 =Tulbagh 1789.09.06 †Uitkyk 1845.12.14 [71279]

5.7 **Nel**, Jacobus *Amandelboom (later bekend as Williston), Hantam 1767.07.10 =Swartland 1768.07.10 †Blomfontein in Roggeveld; 75j 5m 9d 1840.09.13 : bekende Kommandant in die Onder-Roggeveld [23721] × 1793.03.10

5.8 **Van Wyk**, Anna Jacomina *1778.04.08 of 1777.12.02 =Stellenbosch 1778.04.12 †45j 4m 1823.06.06 [23722]

5.9 **Coetsee**, Dirk Jacobus *Graaff-Reinet 1795 =1796.03.13 †Voor-Sneeuberg, dist Graaff-Reinet 1850.10.15 [33745] × 1816.08.04 Graaff-Reinet

5.10 **Botha**, Maria Margaretha =1803.01.02 [30551]

5.11 **Louw**, Nicolaas Salomon *Driefontein, Bokkeveld (Calvinia) 1810.08.04 =Swartland 1811.09.02 †Calvinia; 100j 1m 1910.09.16 ΩGroot Toren : boer op Groot Toren; bekend as 'Klaas van Groot Toren' en na sy dood bekend as Klaas 100 jaar [37675] × 1830.03.28 Clanwilliam

5.12 **Visagie**, Elsie Johanna *Hantam 1813.10.06 =Swartland 1814.01.25 †Grootvlakte, Calvinia 1885.12.06 ΩGroot Toren : van Downes [37680]

5.13 **Nel**, Jacobus Gideon *Rietfontein, Calvinia 1812.10.21 =1813.02.07 †Rietfontein 1873.01.17 [61191] × 1834.02.02 Clanwilliam

5.14 **Louw**, Susanna Francina *1817.01.29 =Swartland 1817.10.25 [53063]

5.15 **Van Wyk**, Gerrit(Gert) Jacobus *1818.09.01 =Tulbagh 1818.09.20 †Rietvlei, ongeveer 1881 volgens vrou se S/K 1881 : trou as landbouer van Tafelberg; Mei 1841 doop hulle hul eerste kind in Weenen, maar is hulle in die volgende jaar terug in die Hantam [54000] × 1840.09.07 in die Pastorie, Clanwilliam na afkondiging van Huwelik

5.16 **Van der Merwe**, Anna Jacoba Louisa *dist Calvinia =1824.10.03 †'Groot Toren', dist Calvinia 1898.05.29 [58773]

- 6.1 **Van der Merwe**, Schalk Willem = Drakenstein 1735.01.09 : doopgetuies Schalk Willem van der Merwe en Anna Provo; burgher Stellenbosch; In 1772 he asks for his discharge as cornet in the 1st Company of burgher Dragoons of Stellenbosch due to illness etc [13084] × 1759.07.15 Tulbagh
- 6.2 **Smit**, Johanna Adriana = 1725.08.19 : sy doop kinders in 1788!!! - sy is baie ouer as haar twee mans is die doopdatum nie dalk 1743 daar is 'n gaping in haar ouers se kinders tussen 1742 en 1745 - dus sou sy 18 wees met geboorte van eerste kinders; sy het 'n jonger suster gedoop 3.1.1745 wat waarskynlik sy is [13083]
- 6.3 **Van Heerden**, Schalk Willemsz. = Drakenstein 1732.07.20 †? 1793 [9473] × 1754.10.03 Tulbagh
- 6.4 **Van der Merwe**, Louisa = Drakenstein 1737.01.06 † Land van Waveren 1790.07.03 : doopgetuies Isaak van der Merwe en Cecilia Jansen van Rensburg; 7 jaar oud toe haar moeder oorlede is [9474]
- 6.5 **Theron**, Jacobus = 1728.04.03 : burger Stellenbosch [10553] × 1771.11.03
- 6.6 **De Vos**, Anna Sophia = 1748.05.26 † Tulbagh 1818.02.28 [14422]
- 6.7 **Marais**, Paulus Stephanus * 1751.10.31 = Drakenstein Gemeente 1751.11.21 † Waveren (Tulbagh) 1794.12.14 : burger Drakenstein; ontvang die leningsplaas Gousblomkraal op 24.3.1779, wat hy vir minder as 'n jaar besit. Gousblomkraal is op die westelike oewer van die Bergrivier geleë, naby die huidige Moorreesburg. Hierdie plaas word later die eiendom van die Van der Merwes. Op 17.2.1780 ontvang hy die leningplaas de Remhoogte gelegen agter de Honingberg aan de Bergrivier. Hierdie woonplaats is geleë net suid van Gousblomkraal maar op die oostelike oewer van die Bergrivier, en was dus deel van die toe welbekende Vier en Twintig Rivieren streek, vandag Porterville en omgewing. In sy boedelinventaris word verwys na sy Zeeven minderjarige kinders van wie die jongste, Martha Petronella, slegs twee jaar oud is. Die volledige inventaris bevat interessante inligting. Onder 'Beestiaal' is onder andere 490 skape, 181 bokke en 41 perde gelys. Onder 'Lyfeigenen' (slawe) is die name en plekke van herkoms van 10 mans en 3 vroue aangedui. Daar word ook een slawekind genoem. In die inventaris word ook verwys na die twee 'sprakeloose Dochters' - 'n Slawevrou is aan elk van hulle toegewys [23160] × 1777.03.02
- 6.8 **Malherbe**, Anna * 1758.06.11 = Paarl 1758.06.26 † Tulbagh 1822.09.16 [23159]
- 6.9 **Du Plessis**, Jan Abraham = 1763.07.03 [23400] × 1780.03.09 Paarl
- 6.10 **Van der Merwe**, Helena Elisabeth * Cape = Drakenstein 1764.03.25 † Cottage, Tulbagh; 70jr 1834.01.01 : doopgetuies Pieter du Toit, Elizabeth?, Johannes Botha en Helena du Toit; In die lys van overledenes in Tulbagh word haar ouderdom as 69jr 9mde 24 dae aangeteken [23399]
- 6.11 **Van Wyk**, Gerrit = Drakenstein 1758.10.22 : een van tweeling; burger Stellenbosch; erf die plaas d'Uytiky oor die Doorn Rivier, Roggeveld van sy ouers [22835] × 1782.11.17
- 6.12 **Nel**, Anna = 1766.08.10 † Tulbagh 1788.08.28 [22836]
- 6.13 **Nel**, Johan Abraham = 1735.08.28 : burger Stellenbosch [10323] × 1764.03.11 Paarl
- 6.14 **Louw**, Maria = 1744.03.01 † Waveren 1797.07.11 [10324]
- 6.15 **Van Wyk**, Gerrit Matthys = Kaap 1754.09.15 : burger Stellenbosch; erf die opstalle op 2 leningsplase, Matjesfonteyn geleë agter die Piquetbergen oor die Olifantsrivier en Klipfonteyn geleë oor die Doornrivier op die Roggeveldsberg, van sy ouers [15438] × 1771.12.15 Tulbagh
- 6.16 **Scholtz**, Elisabeth = 1751.02.21 [15442]
- 6.17 **Coetsee**, Gerhardus Lodewicus * 1768 = 1770.10.06 † Slegtgenoeg, Melksrivier, Buffelshoek, Graaff-Reinet 1843.10.08 : burger Graaff-Reinet [1827] × 1792.11.29
- 6.18 **Naude**, Elisabeth Engela * 1778.05.10 = Kaapstad (Roodezand) 1779.03.07 [1826]
- 6.19 **Botha**, Rudolph Philippus = 1764.05.20 : burger Swellendam en Graaff-Reinet [17410] × 1795.10.11 Kaapstad
- 6.20 **Oberholster**, Johanna (Anna) Sophia * 1759.01.13 = 1759.02.25 † Elandsfontein, 'Voor Sneeuberg' 1841.03.25 [13941]
- 6.21 **Louw**, Willem = 1764.10.07 † Grootevlakte, Hantam 1839.07.16 : burger Stellenbosch; boer op Kranskloof aan die Driefontein, Onder-Bokkeveld [23061] × 1789.10.25 Swartland
- 6.22 **Pienaar**, Hester Josina * Tulbagh = Land van Waveren (Tulbagh) 1772.04.18 † Groote Vlake, Hantam; 84j 5m 2d 1856.08.19 [23062]
- 6.23 **Visagie**, Isaak Heremias * Kliprug, Clanwilliam 1792.10.24 = Swartland 1792.12.09 † Onder-Downes, Calvinia 1867.10.07 : woon Hantam, subdist Clanwilliam, Worcester; Voortrekker; 1849 is hy reeds in Natal; 1840.10.23 koop hy die plaas Kruisfontein in Natal van Petrus Lindeque [37676] × 1812.10.03 huwelikshof, Worcester
- 6.24 **Van der Merwe**, Johanna Sophia * Tygerhoek 1796.07.26 = 1797.02.05 † Onder-Downes, Calvinia; 75j 7m 2d 1872.02.28 [37677]
- 6.25 **Nel**, Elias Albertus * Sakrivier 1776.07.17 = Stellenbosch 1778.04.05 † Matjesfontein 1834.05.07 : burger Stellenbosch [55181] × 1809.11.05 Tulbagh
- 6.26 **Louw**, Susanna Hendrina Louisa * Matjesfontein 1791.04.08 = 1792.03.18 † Rietfontein, Agter Hantam 1834.03.17 [55178]
- 6.27 **Louw**, Jacobus Johannes Gideon * 1791.12.02 = Swartland 1792.02.19 : veldkornet en boer Theefontein, wyl Agter-Hantam [55191] × 1814.11.05 Tulbagh
- 6.28 **Van Wyk**, Anna Francina Christina = Tulbagh 1799.10.06 † 1861.08.17 [55200]
- 6.29 **Van Wyk**, Gerrit * Middel-Roggeveld, dist Worcester 1792.10.20 = Tulbagh 1793.02.17 † sy plaas Tafelberg, wyk Hantam, dist Clanwilliam 1842.03.30 : veeboer [37669] × 1813.11.06 Tulbagh

6.30 **Louw**,Margaretha Wilhelmina *1795.10.09 =Swartland 1796.02.24 †Calvinia 1865.03.07 [55193]

6.31 **Van der Merwe**,Schalk Willem *Elsenbosch, Vier-en-Twintig Riviere, Piketberg 1794.02.01 =1794.04.13 †Lokenburg, dist. Calvinia; 72] 3mde 28dae 1866.05.29 : in die Tulbagh sensus van 1818-1820 het hy 2 wagen en tuig perde, 16 aanteel perde, 24 Trekosse, 22 aanteel beeste, 1221 skape en 45 bokke. In 1824 was hy woonagtig op die plaas Douwenis in die Onder-Roggeveld, waar hy nog twee verdere plase besit het. In Travels and Adventures in South Africa deur George Thompson lees ons die volgende ``August 1 1824 - Downes residence of Schalk van der Merwe situated at the north end of the Roggeveld Berg which terminate here in bluff detached hills. I found the lady of the mansion kraaling her flocks and herds, her lord being absent and soon ascertained from her that neither horses nor guides were to be obtained here; but being informed that some free Bastard Hottentots resided at a distance of about six miles, I set off by foot by moonlight, with the view to engaging one or two as guides. August 2, 1824. Welbedag of Carel van der Merwe. Having procured fresh horses continued my journey. On my left was the Hantamberg, an insulated mountain of great extent, being 2 days ride in circumference. The top of this mountain which is flat, and of no great elevation, is considered extremely salubrious for the grazing of horses at certain seasons of the year, when the periodical sickness prevails upon the plains. Nor is it this destructive distemper, the robberies of the Bushmen that the farmer have to fear in this vicinity. Wild Beasts are also numourus, at Schalk van der Merwe I was told that upwards of 30 horses had been destroyed upon the farm by Leopard and Hyenas in the course of the season. Another farmer had lost within a few days 9 horses killed by wild dogs." Op 'n tydstop vermoedelik na 1838 het Schalk ensy gesin die Kaapkolonie verlaat en na Natal getrek. Aangesien hy probeer het om al die eksemplare van die 'Report of the Case of C.A. van der Merwe for the murder of his wife' deur H.C. Selby probeer opkoop het om sodoende die hele aangeleentheid van die moord te probeer verdoesel vir die nakomelinge is dit waarskynlik die rede waarom hy en sy gesin na Natal getrek het. Volgens 'n ou Transport Akte is daar op 19 Mei 1853 weer 'n stuk grond van 9,540 morg grond in die Lokenburg omgewing aan hom toegeken. Die familie het egter nie lank in Natal gewoon voordat hulle teruggekeer het na Lokenburg. Die familie is in besit van 'n swaard wat deel uitgemaak het van sy drag as veldkornet. Volgens Von Meyer se besoek aan die Hantam 1840 - 1841 tref hy Schalk en sy gesin aan op Lokenburg. Volgens Von Meyer was Schalk op daardie stadium die eienaar van 1,500 skape, 1,000 bokke, 150 perde en 200 beeste en het hy 200 mud koring en 150 mud gars ge-oes, waarnaas hy ook 20 lêers wyn geproduseer en was hy van plan om brandewyn ook te stook. Die oorspronklike Lokenburg wat gepag is wag ong 50 000 morg grond [49605] × 1812.12.06 Tulbagh

6.32 **Louw**,Anna Jacoba *Bokkeveld, Calvinia 1793 =Kaapstad 1793.11.24 †Lokenburg, Calvinia 1860.03.03 : met die sloping van die ou Tiekiewinkel op Calvinia in die 1960's is een van die oudste grondbriewe uit die tyd van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanje aan die Kaap onder die vloer van die huis in 'n klein keldertjie van die dorps huis van Francois Jacobus gebore 1832 gevind. Die ou dokument is al baie verbleik en in 'n moeilike leesbare sierskrif geskryf. Dit is gedateer 16 Februarie 1786. Volgens die kontrak is die plaas Lokenburg vir een jaar aan die veeboer Jacobus Adriaan Louw (Anna Jacoba se pa) uitgegee en moes hy jaarliks 'n tiende van die een of ander opbrengs aan die Kasteel lewer. Lokenburg was glo voor hierdie tyd die eiendom van luit. Servaas van Breda. Ander name wat op die leesbare sinne op die ou grondbrief genoem word, is landdros Daniel van Ryneveld, J. F. I. van Plettenberg en E. Bergh. Die reisiger Lichtenstein maak in sy reisbeskrywing melding van die vrugbare en waterryke plaas van die Louws. Jacob Louw was glo een van die rykste boere in die Noord-Bokkeveld. Volgens Lichtenstein is Lokenburg, of Leekenberg soos hy geskryf het, reeds 1774 as leningsplaas uitgegee. Eerste Nasionale Bank is nou op die perseel gebou [49604]

7.1 **Van der Merwe**,Izaak *1711.04.14 =Stellenbosch 1711.09.27 †Modderfontein 1777.06.01 : In die sterftes vir die Land van Waveren is hy oorlede 3 Julie 1777; bekend as Izaak D'Oude; Izaak het die plaas Modderfontein of later bekend as Moerasfontein in die Koue Bokkeveld van die Kompanjie gepag in 1743. Die plaas is later herdoop as Boplaas; Die ou opstal op Boplaas is 'n paar jaar gelede tot museum verklaar (toe sy vrou in 1774 oorlede is is hy Izaak D'Oude) [948] × 1732.04.19 Drakenstein&neef en niggie

7.2 **Janse van Rensburg**,Cecilia *1715.03.01 =Paarl 1715.04.21 †Land van Waveren (1.12.1774 blykbaar nie reg nie) 1774.04.26 : doopgetuies Schalk van der Merwe en Anna Provoo; in 'n gesamentlike testament op 17700409 voor G.L. Neethling ``Skr. Just. van die Goewerment" bemaak die egpaar aan hul seun Nicolaas die plaas ``De Schaapen Rivier" en ``De Zand Rivier" albei in die Bokkeveld vir 2000 gulden. Aan hul seun Carel bemaak hulle die plaas ``De Modderfontein" ook in die Bokkeveld vir 2000 gulden, later bekend as Boplaas [952]

7.3 **Smit**,Alwyn =Stellenbosch 1695.09.28 †Land van Waveren 1774 : boer op `Zo Voorbij', Vierentwintigrivieren [5353] × 1718.12.25 Drakenstein

7.4 **Becker(Bekker)**,Hester =Stellenbosch 1700.09.05 †1755.04.30 [5355]

7.5 **Van Heerden**,Pieter Willem =Drakenstein 1709.09.22 †1767 : net Willem gedoop; burger Drakenstein, Ceres is aangelê op sy woonplaas `De Rietfonteinen' [864] × 1730.04.30 Paarl

7.6 **Van der Merwe**,Martha *1713.03.29 =Drakenstein 1713.05.14 †Land van Waveren 1784.03.00 : doopgetuies Abraham Prevoo en Johanna J van Maarseveen [870]

7.7 **Van der Merwe**,Jacobus *1700.01.19 =Drakenstein †Tulbagh 1769.10.31 : bekend as `d'Oude'; maak in 19.4.1767 saam met sy vrou testament voor Abraham Faure, Sekretaris van Stellenbosch en Drakenstein (testament 7 Februarie 1779 vertoon); eerste eienaar van Vanduitie Kraal [1703] × 1726.04.14 Drakenstein

7.8 **Jacobs**,Catharina =Paarl 1712.03.13 †1748 : sy laat twee plase gelegen aan die Hexrivier gent. Venduitiekraal en die ander Onder in die Hexrivier waarde Rds 150; 79 beeste groot en klyn Rds 316; 700 skaapen Rds 525; 7 paarden Rds 28; 1 nuwe oswagen Rds 100; 1 oude Oswagen rds 25; 3 snaaphaanen Rds 20; 2 tafels Rds 4; 2 oude kisten Rds 3; 2 beddens met toebehooren Rds 34; 7 stoelen Rds 7; 2 raakjes met een wyninng porcelyn en tinne Rds 6; 1 spiegel Rds 1; 1 partijtje vaatwerk in soort Rds 30; 10 Sylver vurken rds 10; 3 sre potten rds 6; 1 ploeg met sn toebehoorden en 1 eg Rds 10; 1 party gereetskapp Rds 8; 8 slavejonge Domingo van Mallebaar, Jonas van Bengalen, Titus van Mallebaar, Goliath van de Caab totaal Rds 300; 1 slavinne gent. Maria van Mallebaar oud en gebreklik, Rds 25, 1 slavinne Christyn van de Caab Rds 80 totale waarde Rds 1708; Lasten Pieter Hugo over geleende contant Rds 100; Diverse Rds 100; teken deur Roelof van der Merwe [4341]

7.9 **Theron**,Jacques *1699.07.07 =Drakenstein 1700.08.22 †1756 : boer in land van Waveren, een van eerste ouderlinge van gemeente Roodezand(Tulbagh) [5160] × 1722

7.10 **Du Toit**,Elisabeth =Paarl 1705.08.09 †Tulbagh 1789.01.05 : ook bekend as Isabeau [5159]

- 7.11 **De Vos**,Pieter =1723.02.14 †1756 : burger Stellenbosch; Sy Inventaris MOOC 8/9.25 word 11 Sept 1756 ingehandig [11987] × 1746.05.25 Tulbagh
- 7.12 **Du Toit**,Maria Susanna =Paarl 1727.08.10 [11989]
- 7.13 **Marais**,Jacques(Jacobus) *1709.07.12 =Paarl/Drakenstein 1709.09.22 †1751.06.06 : burger Drakenstein; boer op De Fonteyn, Blouville, Wagenmakersvallei [7225] × 1740.02.23
- 7.14 **Retief**,Hester =1719.02.02 †1805.04.15 [7226]
- 7.15 **Malherbe**,Petrus Jacobus =Paarl 1728.07.11 †Paarl 1782.04.10 [9655] × 1756.12.05 Paarl
- 7.16 **Cilliers**,Elisabeth =Paarl 1735.07.02 †Distrik Drakenstein 1761.09.09 : Elisabeth se man Petrus Jacobus Malherbe koop die plaas Kromrivier no 1 (30 morg) in die Wellington omgewing in 1757. Teen 1762 het hy 10,000 wingerdstokke aangeplant waaruit jaarliks tot 4 lêers (2,309 liter) wyn geproduseer word en hou ook 'n klompie beeste op die plaas aan. Die plaas word na haar man se dood deur sy tweede vrou verkoop. [11785]
- 7.17 **Du Plessis**,Philippus =Paarl 1727.01.19 : burger Drakenstein [6637] × 1752.04.01 Paarl
- 7.18 **Du Toit**,Elisabeth =Stellenbosch 1725.07.08 [6638]
- 7.19 **Van der Merwe**,Pieter *1742.05.17 =Paarl 1742.06.10 †Tulbagh 3 Julie 1790 ? 1775 : sy Inventaris MOOC 8/15 7/8 lees ons ..Taxatie van alle sodanige goederen als er ab intestato metter dood zijn ontruijmd ende nagelatendoor den Landbouwer Pieter van der Merwe Roelofsz. Ten voordele van Zijne overgeblevene huisvrouw Helena du Toit ter eenree mitsgaders hunne bij den anderen in huwelijk verwekte 4 minderjarige Kinderen met Namen: 1. Helena Elizabeth 11 jaren, 2. Anna Susanna 9 jaren, 3. Elsje Maria 7 jaar en 4 Rudolvus Petrus oud 5 Jaren ter andere zijde; sodanig ende in dier voegen als denselve door de Landbouwers Schalk Willem van der Merwe en David van der Merwe roelofsz zijn geïnventariseert, en door de ondergeteekende Gecommitteerde Weesmeesteren getaxeert in maniere als volgt, Namelijk Een Plaats ofte Hofsteedegenaamt de Vleeschbank geleegen aan de groote Bergrivier Rds 666-32; 1 wagen en Kar 50; 1 Ploeg 6; 3 Beddens 60; 1 Kadel 3; 1 Kast 12; 2 Kleijne Lessenaars 4; 1 Theetafel 3; 4 rakken 3-24; 6 stoelen 6; 2 stoven 36; 1 Keetel en 1 confoor 2-24; 24 porcelijne borden 3; 1/2 stel theegoed -36; 3 grove schotels - 36; 1 aarde Coffij Keetel - 24; 1 Coffij Kan 1; 5 spoelcommen - 36; Transporteere RD 824-2; 1 trepot -36; 2 candelaars -36; 6 tinne Leepels - 36; 1 tinne Com 1-24; 12 ijsere vorken -24; 9 messen in Zoort 1; 1 blikke trommel 1-24; 1 spiegel 1-24; 1 ledige Kist 3; 2 snaphaanen 8; 4 water Emmers 4; 3 ijsere Potten 4-24; 1 Kook Keetel -36; 1 rooster en 1 vleesssschvork en 1 dr4ievoet en 1 schuijmspan en 1 potlepel 3; 1 Lantaarn 1; 2 houtbeijlen 3; 1 handbeijl 2; 1 dissel 1-24; 3 booren -36; 6 beijtels1;Transportere Rd 864-28; 2 handjamers -36; 1 sneijmes -36; 1 holdissel en 1 mess 1-24; 1 omslag met 2 Kleijne booren 2; 8 mudden Zout 6; 20 ledige Zakken 16; Beestiaal - 138 Beesten 552; 240 schapen zijnde met een besmettelijke ziekte bezet 60; 40 Bokken 6-36; 9 Paarden 114; Leijf Eijgenen 1 Slave Jongen genaamte Hector van Bougies en 1 Slavinne gent Cornelia van de Caab en 1 Slavinne gent Silvia meede van de Caab - 300; Door de Wed is tevens opgegeven dat den overledene aan zijne twee kinderen met Namen Elsje Maria en Rudolphus Petrus twee slavekinderen heeft geschonken met namen aan den eerstgen. een slavekind genaamt Rosa en aan den anderen een salvejongetje gent. Samuel beide van de Caab; Transportere Rds 1924-29; Lasten aan Johs. Alberts Mijburg f2000 ofte Rd 666-32 nevens 8 m daarop verlopene renten 22-11; aan de Wed. Pieter du Toit d'oude f900 - 300; aan Philippus Koetser f600 - 200; 1188-43. Zulx den Boedel Zuiver te voren staat Rd 735-25 Aldus Geinventariseert en taetaxeert ter Weescamer aan Cabo de Goede Hoop den 21 Julij 1775 [11746] × 1762.08.08 Drakenstein
- 7.20 **Du Toit**,Helena =1748.06.02 †1788 [11745]
- 7.21 **Van Wyk**,Abraham =Kaap 1725.08.19 †Tulbagh 1793.11.20 ΩOu Begraafplaas op Tulbagh : woon op die plaas `d'Uytiky oor die Doorn Rivier', Roggeveld [14059] × 1757.10.30 Drakenstein &Christina in H/R
- 7.22 **Van Zyl**,Christina Maria =Drakenstein 1738.05.18 : Christina in D/R [14060]
- 7.23 Sien 6.13 [10323]
- 7.24 Sien 6.14 [10324]
- 7.25 **Nel**,Elias =Stellenbosch 1701.07.28 †1740 : boer en burger Drakenstein. Op 18 Januarie 1731 koop hy De Vondeling uit die boedel van Cordier en na sy dood in 1740 word die plaas gereistreerin die naam van Margaretha de Villiers [5298] × 1733.03.15
- 7.26 **Vivier**,Anna *1713 =of 17 Jan 1714.01.14 [5300]
- 7.27 **Louw**,Jacobus =Kaapstad 1706.04.18 †1776.09.05 : burger Drakenstein. Jacobus het later met sy gesin die Boland verlaat en hom ongeveer 1750 op die leningsplaas Brandwacht aan die Langevallei, naby Leipoldville, in die omgewing van Verlorenvallei gevestig. Hy neem Wagendrift in pag en in 1763 ook Klipheuwel (Sandberg), wat vir 'n tyd in Hermanus Engelbrecht, sy stiefseun, se besit was [9348] × 1741.09.03 Paarl
- 7.28 **Guillaumet**,Jeanne(Johanna) *Lanquedoc, Frankryk 1715 †1782.12.00 : na ontmoeting in die Langevallei in 1779, skryf die Engelse reisiger Paterson die volgende: `She is an old French lady who has lived long in this part of the country and possessed numerous herds of cattle' [8603]
- 7.29 **Van Wyk**,Gerrit =Stellenbosch 1714.09.30 †? 1787 : 1787 boedelrekening verwys na hom as `den Landbouwer Gerrit van Wijk Arys' [8659] × 1738.11.02 Drakenstein
- 7.30 **Eykhoff**,Maria Magdalena =Kaapstad 1721.06.15 : ook Eekhof en Eckhof [2559]
- 7.31 **Scholtz**,Jan Joachim *1730.06.24 =Drakenstein; 24 Junie? 1730.05.28 †Stellenbosch 1804.08.02 : burger Stellenbosch [9375] × 1748.09.19 Swartland
- 7.32 **Van Wyk**,Catharina Elisabeth *Kaap =Kaap 1730.10.15 †De Rogge Cloof 1777.07.18 [9376]

- 7.33 **Coetsee**,Dirk =Kaapstad 1742.09.30 †1788.09.05 : gedoop tor hul belydenis van geloof afgelê het; burger Stellenbosch [11870] × 1759.05.06
- 7.34 **Olivier**,Anna (Johanna) Elizabeth =1741.05.07 †1801 [1810]
- 7.35 **Naudé**,Stephanus *1749.05.06 =Drakenstein 1749.05.25 †vermoor op sy plaas in die distrik van Graaff-Reinet 1801.12.00 : burger Stellenbosch en later Graaff-Reinet. Benoem tot Heemraad en dikwels saam met Landdros na Kafferhoofde vir vredesonderhandelinge; 1795 is daar groot ontevredenheid tussen Landdros Maynier en burgers, Maynier word afgesit asook Heemrade Stephanus Naudé en Meintjies van den Berg; 1779 besit hy 'n plaas De Noodhulp aan die Melksrivier [1808] × 1771.03.17 Tulbagh
- 7.36 **Smit**,Elisabeth Johanna =1752.04.21 †1795.07.22 [1809]
- 7.37 **Botha**,Philippus(Philip) Roedolfus(Rudolph) =1722.09.13 †Somerset-Oos 1825.11.00 [6323] × 1747.10.08
- 7.38 **Du Preez**,Elisabeth =1728.02.22 †1779.06.07 [6324]
- 7.39 **Oberholster**,Abraham =Drakenstein(Paarl) 1732.12.07 [8871] × 1753.08.05 Swartland&neef en niggie
- 7.40 **Van Wyk**,Anna =Kaap 1734.11.21 [8872]
- 7.41 **Louw**,Jacobus Gideon =Kaapstad 1731.01.14 [5590] × 1758.11.05
- 7.42 **Wiese**,Hester =1741.12.10 [5595]
- 7.43 **Pienaar**,Petrus(Pieter) =Tulbagh 1750.03.29 †1796.03.00 : hy en sy vrou deur Jager(Jonker) Afrikaander op 'n afgryslieke manier op die plaas Groottoom (Toren) vermoor [13752] × 1771.02.24 Tulbagh
- 7.44 **Theron**,Jacoba Margaretha =1755.02.09 [13753]
- 7.45 **Visagie**,Gerrit =1744.04.04 [14596] × 1780.12.17
- 7.46 **Steenkamp**,Gesina *1759.05.10 =1760.02.24 [14597]
- 7.47 Sien 5.1 [37678]
- 7.48 Sien 5.2 [37679]
- 7.49 **Nel**,Albertus *burger van Stellenbosch =1743.10.05 [10328] × 1772.03.01
- 7.50 **Van Jaarsveld**,Cornelia =1750.07.26 [10329]
- 7.51 **Louw**,Jacobus Gideon =1760.02.10 : burger Stellenbosch [2650] × 1781.01.28
- 7.52 **Van Aarde**,Helena Antonia =1761.03.29 [2649]
- 7.53 Sien 6.21 [23061]
- 7.54 Sien 6.22 [23062]
- 7.55 **Van Wyk**,Johannes Abraham =Kaapstad ('behoort onder het land van Waveren') 1774.03.13 †1840.01.19 : burger Stellenbosch; sy sterfkennis is baie onduidelik op die film [44682] × 1795.11.29 Stellenbosch
- 7.56 **Jooste**,Susanna Francina *1779.03.24 =Tulbagh 1779.10.03 †Akkerdam, dist Calvinia [44672]
- 7.57 **Van Wyk**,Abraham *Roggeveld, Worcester =Kaap(behorende onder de kerk van Waveren) 1766.03.02 †Tulbagh 1840.05.14 : burger Stellenbosch; eienaar van die wingerdplaas 'De Hoop', dist Worcester; besit opstalle en woon op Quachas Fontein, geërf van sy ouers, en De Wolvedans en Hooyvlakte, Midderoggeveld [20327] × 1790.06.06 Kaapstad
- 7.58 **Jooste(n)**,Anna Gloudina(Claudina) =Drakenstein 1776.03.03 [28680]
- 7.59 Sien 6.21 [23061]
- 7.60 Sien 6.22 [23062]
- 7.61 Sien 5.1 [37678]
- 7.62 Sien 5.2 [37679]
- 7.63 **Louw**,Jacobus Adrianus =1750.02.22 : vestig hom op die plaas Lokenburg ook bekend as Uievablei, Bokkeveld tans Niewoudtville. 1786 ca. betrek hy die leningsplaas. 1774 is die plaas gepag deur Lt Servaas van Breda in diens van die H.O.I.K. Dit word beskou as een van die oudste leningsplase. Toe die plaas uitgegee was, word dit destyds aangedui as 'in de ooge van het Bokkeveld'. 1798 op die landkaart van die reis van John Barrow word die plaas duidelik aangedui. 1803.10 besoek Lichtenstein hierdie plaas [13059] × 1774 ??
- 7.64 **Louw**,Maria Elisabeth =Tulbagh 1754.04.07 [13060]

- 8.1 **Van der Merwe**, Schalk *volgens inligting in Bybel 1673.07.14 =Kaapstad 1673.08.13 †Voor 1740 QFranschhoek : testament 21 Maart 1740 registreer; daar word baie na hom verwys as Schalk Willem in die doopregisters en ander dokumente; 1682.09.08 is die erfbrief - slegs een dag na dit aan sy pa uitgereik is - vir De Hoop in Klein Drakenstein opgestel ten gunste van Schalk met die Goewerneur Simon van der Stel se naamtekening onder die dokument. Hier is geen sprake van 'n vroeëre toesegging nie; die gebied aan die oostekant van die Bergrivier word trouens op hierdie datum eers amptelik oopgestel. De Hoop het presies dieselfde mate en oppervlakte as Kunnenberg en is geleë in die onbewerkte strook tussen die Bergrivier en die Drakensteinberge en daar was geen bure in die omgewing nie. Die familie het vir 105 jaar hier gewoon. In 1715, terwyl hy op kommando teen die Boesmans was, kry Schalk teëspoed op De Hoop. Die plaas is sodanig verspoel dat hy dit moes ontruim; 1716 koop hy Wittenberg in Noorder-Paarl van Christiaan Matzdorf (Maasdorp). Die oorspronklike oppervlakte van Wittenberg was 40 morg 560 vk roede, maar Schalk ontvang in 1717 'n bykomende 30 morg 240 vk roede sodat die vergrote Wittenberg nou'n oppervlakte van 71 morg 200vk roede beslaan; 1740 toe sy eggenote Anna Provot oorlede is, was hulle nog op Wittenberg woonagtig. Na sy dood word dit die eiendom van sy oudste kleinseun Willem gebore 1721. Dit is hier waar drie olifante op 'n sekere dag teen die buitegeboutjie kom skuur het en Anna, met die destydse ou logge geweer na hulle geskiet het, omdat hulle dalk haar woning kon kom omstoot; in Schalk en Anna se testament word die plase De Hoop en Wittenberg aan die 15de kind Roelof toegesê vir 'n vasgestelde prys, waarby 2 slawe en 'n ossewa met 10 osse ingesluit is. Die plaas Zachte Vallei wat hy as leningsplaas vanaf 1732 tot 1740 ontvang is aan Gerrit bemaak, asook 'n slaaf en een ossewa met 10 osse. Aan Carel is kontant bemaak en 'n sekere slaaf Samson. Aan Pietronella een "slaave meysje genaamt Eva"; 1717 - 1740 besit hy het ook Nooitgedag in Paardeberg [930] × 1696.02.26 Kaapstad
- 8.2 **Prevot(Provo)**, Anne *Marcq by Calais 1680.01.23 =1681.02.18 †1745 QFranschhoek : ar 1688.05.29 met die Schelde van Calais, Frankryk; volgens die boedelinventaris MOOC 8/6.51 in 1740 is daar nog 11 oorlewende kinders; Elsje getroud met Willem Burgert, Jacobus, Willem, David, Isaak, Marritje getroud met Willem van Heerden, Hendrik, Gerrit, Roelof, Petronella oud 22jr en Carel oud 16 jaar; Willem oud 20 jaren van wylen Carel van der Merwe, voorts die kinderen van den landbouwer Andries Burgert als Marritje Burgert getroud met den landbouwer Barend Lubbe, Willem Burgert oud 16, Anna Sophia oud 14 en Barend Frederik Burgert oud 12 jaar by represetantie van wylen moeder Maria van der Merwe, de kinderen van den landbouwer Johannes Botas als Anna Sophia getroud met een landbouwer Louw Pretorius, Else oud ?, Marritje oud ?, Catharina oud ?, Willem oud ?, Hendrik oud ?, Hester oud en t'kind van Maria Botha genaamt Maria Anna Coetzer oud ?, alsder respektives moeder is groot moeder Anna van der Merwe en de sydenlyk de kinderen van wylen Pieter van der Merwe met name Aletta oud 9, Schalk Willemsz oud 7, Pieter oud 2 jaar, Zoo en... Een plaats ofte hofsteede geleegen onder 't district van draakensteijn aan de Paarel gent. Wittenberg volgens twee daarvan sijnde kaarten en erfbrieven de dato 30 Januarij 1712 en 21 September 1717. een plaats ofte hoofsteede geleegen aan Drakensteijn gent. de Hoop volgens erfbrief de dato 8 septbr 1692. Deese Twee voorn plaatsen sijn aan de soon Roelof volgens tesamentaire dispositie de dato 22 november 1739 vermaakt omme voor f3000 te moogen behouden. Een opstal geleegen in 't land van Waveren gent de Sagte Valleij aan de soon Gerrit als vooren voor f1000 vermaakt.; in Inventaris vir die plaats De Hoop, MOOC 8/6/51 3 Racken, 6 tinnen borden, 1 tinne kom, 10 porcelyn borden, 1 ovale tafel, 1 Ledikant, 5 stoelen, 2 Ystgeren Potten, 2 emmers, 1 Thee Ketel, 1 graaff, 5 Lede Leggers, 1 halven Legger, 1 spekvat, 1 vat met asyn, 3 leggers Calys, 2 matten datum 11 October 1740 geteken deur Roelof P van der Merwe; Volgens MOOC 14-12 deel 1 vol 3:35 het sy ook Anthonij van Mallabaar, Rds 25, Lena van Mallabaar Rds 15, Sneb van Balie Rds 80, Titus van Mallabaar Rds 70, Lena van de Caab Rds 100, Anthonij van Bengalen Rds 70, Philip van Java Rds 47, Meij van Boegis Rds 83 [936]
- 8.3 **Van Rensburg**, Nicolaas(Nikolaus) Janse *? 1661 †1728.10.06 : 47 jr oud toe hy trou; verskyn as Claas met die doop van sy seun Johannes in 1709; van Reijnsburg by Leiden in Nederland of van Rendsburg in Schleswig-Holstein; boer op Rensburg, 'n leningsplaas wat hy op 17.12.1711 bekom het. Die daarop volgende eienaars noem dit Knollevally. Dit is nou die staatsplantasie Kleitjieskraal naby Wolseley. Hulle het ook op Vrymansfontein (Agter-Paarl) gewoon. Die plaas is deur Aletta van der Merwe se vorige man Marthinus van Staden gekoop. Hy het ook die leningsplase Zeekoeigat (naby Wellington) en Claas Voogtsrivier (naby Robertson) gehad [954] × 1708.08.14 Stellenbosch
- 8.4 **Van der Merwe**, Aletta =Kaapstad 1684.04.30 †Drakenstein 1729.09.30 QDrakenstein : ook bekend as Aaltje was 'n lidmaat in die Paarl; het sy perd gery aangesien daar 'n dames saal in die inventaris is in die afslaerslys koop mijn heer Sichert die saal vir Rds 3.4; haar inventaris MOOC 8/54/16 ...Aletta van der Merwe Laast wed. der Landbouwer Claas Jansz van Rensburg ten voordeele van haar 9 kinders met name Maria van Staden getrouwt met den Landbouwer Frans Smit en Martinus van Staden; Kinderen in haar voorige huwelik bij wijle Marthinus van Staden verwekt, mitsgads. Johannes janszoud 21, Elsje oud 17, Cicilia oud 14, Willem oud 12, Nicolaas oud 9, Hendrik oud 6, Sophia Jansz van Rensburg oud 4 Jaren, Kindern van 't Laaste bed, soals deselve door de ondergetekende gecommitt. Weesm. In presentie van de mondige Erfgename zijn opgenomen Namentlijk drie Stucks opstellen of te Leningsplaatsen waarvan twee gelegen over 't Rode Sant - een gekoop deur Andries Gauche vir Rds 304 en die ander gelege over t Roodesant aan Claas Voogts Rivier deur Hendrik Willemz van der Merwe vir Rds 166.5 en Een aan de groote Bergrivier genaamt Zeekoegat gekoop deur Jonas van der Poel vir Rds 133.3. Op de Plaats aan de Groote Bergrivier: 2 botervaten met een boter bak, 2 boter Karns, 1 houtte tregter met wat bouwgereetschap, 1 Kist met wat timmermansgereetschap, 1 Kist met wat ijzerwerk, 4 gesort. Racken, 2 bijlen, 1 aarde pot met een snaphaan, 1 Koorn en een meel sift, 9 sijldoekse sacken met tarw, 3 sijldoekse met sout en semelen, 1 vrouwe en een mans sadel; 4 Koornschoppen; 4 ploegen met toebehoren; 2 Eggen; 1 hackebort met een handbijl en hakmes, 10 sacken, 3 Ledige Kisten, 1 Ledige Kelder, 3 Tafels, 8 stoelen, 2 snaphanen, 1 spiegel met een Kapstok, 5 ijzere potten, 3 koekepannen, 3 vleesvorken, 2 schuijmspanen, 3 roosters, 3 asschoppen, 2 tangen, 1 copere vuurtesje, 2 copere thee Ketels, 3 houtte pollepels, 1 treeftje, 8 Water Emmers, 1 drievoet, 3 Kopere en 1 tinne Kandelaars, 1 ijzere confoor, 3 tinne schotels, 2 tinne Kommen, 2 blicke tregters, 18 tinne Lepels, 12 porcelijne borden, 4 dito schotels, 1 strijkijzer met 1 tinne waterpot, 4 spoelkommen, 2 combuijstafels, 8 ledige vatgen, 1 back Kist, 2 sacken met eenig Vet en bonen, 1 mudmeel, 2 Lepel racken 1 partij rommel, 3 ossewagens, 5 stux mans slaven. Beestiaal: 191 Runderbeesten als; 116 voor den boedel; 31 voor Johannes Jansz van Rensburg; 8 voor Elsje Jansz van Rensburg; 12 voor Cicilia Jansz van Rensburg; 7 voor Willem Jansz van Rensburg; 8 voor Claasz Jansz van Rensburg; 6 voor Hendk Janszvan Rensburg; 3 voor Sofia Jansz van Rensburg; 16 Paarden als: 5 voor den boedel; 2 voor de soon Johannes; 2 voor de dogter Elsje, 2 voor de dogter Cicilia, 2 voor de soon Claas, 2 voor de soon Hendrik, 1 voor de dogter Sofia. 1334 Schapen als: 1154 voor den boedel, 130 voor de oon Johannes, 10 voor de dogter Elsje, 9 voor de dogter Cicilia, 13 voor de soon Willem, 14 voor de soon Claas, 4 voor de soon Hendrik. Lasten des Boedel: aan de diaconie aan Drakenstein f1200 volg obl aan d'hr Gijsbert le Febre f258-10 voor verschot aan Henk Willems van der Merwe f21 voor verschot; aan Leendert Cornelisz van Amsterd f75 voor gagie;

aan Andries Duijff f6 voor maalgelt aldus g'inventariseert op den opstal aan de Bergrivier den 15e November 1729. Haar boedel veiling op 16 Nov 1729 het twee dae gehou en 'n totaal van Rds 3908.3 is behaal [957]

- 8.5 **Smit,Johannes**(Jan) *??? 1652 †na woordewisseling en fisiese bakleiery op 1 Oktober 1696 met ene Jacob Cloete oor die manier waarop hy sy perd behandel. Smit wou vir Cloete met sy 'degen' aanval en is deur Cloete ontwyk, neergefel met 'n stuk hout, met die vuis geslaan en in die bors geskop 1696.10.06 : hy was aanvanklik 'n soldaat; in 1681 was hy deel van die garnisoen in Delft onder bevel van kaptein Moor; aankoms 1688 van Maastricht, Nederland met vrou en twee kinders; burger Stellenbosch. Op 19 November 1680 is Christoffel, babaseun van Johan Smits en Lucretia van Senne, ten doop gebring in Delft, in die Rooms Katolieke Kerk, Sint Hippolytus op het Bagijnhof. In die Delft trouboek is 'n nota aangebring dat beswaar ingebring is deur Lucretia, weduwee van Robert van Sante, teen die aansoek van Jan Smit en Adriana Tol om in die huwelik te tree. Lucretia se beswaar dat sy reeds 'n kind van Jan gehad het, is nie gehandhaaf nie [4796] × 1681.12.27 Delft, Holland
- 8.6 **Tol,Adriana** =Delft, Nederland (doopdatum 16 Julie 1656?) 1649.07.29 : van Delft; d.v Jacob Alewijnsz Tol en Elisabeth Dircx van der Piet, van Delft, Holland. Adriana se pa, Jacob Alewijnsz Tol, was klerk van die sekretaris van Delft en het op 3 Maart 1647 in die Nieuwe Kerk, Delft (waarskynlik reeds in sy veertigs, maar steeds ongetroud) in die huwelik getree met die 20 jarige Lijsbet van der Piet en het in 'n huis genaamd De Snouck op die hoek van Ouderlangendijk en Jacob Gerritsenstraat in Delft gaan woon waar sy familie gevestig was vanaf minstens 1620. By sy afsterwe in September 1662 is sy kinders onder die sorg van die Delft Weeskamer geplaas en hoewel hul ma, Lijsbet, nog steeds na die kinders se opvoeding en welstand omgesien het, was daar ook drie voogde aangestel om na hul erfporsie en fisiese behoeftesom te sien tot hulle mondig geword het. Adriana verklaar op 22 Desember 1685 dat sy die vrou van soldaat Johannes Smit is; bedank haar ma vir goeie versorging en opvoeding en stel haar vry van enige verdere verbintenis tot haar versorging. In 1698 word Adriana gelys in die Kaapse monsterrolle as Adriana Talks, weduwee van Jan Smit, met 6 kinders. Op 20 Junie 1700 doop sy as moeder 'n dogter Johanna, maar die pa word nie vermeld nie [4797]
- 8.7 **Becker(Bekker),Pieter**(Peter) *1673 †Robbeneiland tussen 1742 en 1747? : van Koningsberg, aankoms 1695 as soldaat, burger 1697; boer in Drakenstein; avontuurlike lewe; word verban na Mauritius 1701 weens aanranding op Jan Botma; ontsnap na die binneland; word 1710 weens mishandeling van 'n slaaf tot 4 jaar dwangarbeid en daarna permanente verbanning na Europa gevonniss; tree daar opnuut in diens van die H.O.I.K.; 1717 terug in die Kaap; word by aankoms na Robbeneiland verban [5354] × 1699 ??
- 8.8 **De Clerq(De Klerk),Jeanne**(Johanna/Jannetjie) *Walcheren, Zeeland =1676.05.03 †Kaap 1767.02.03 : van Serooskerke(ook Straatkerke) op Walcheren, 'n eiland in Zeeland. Sy is vernoem na haar ouma aan moederskant, Jannetje Joosse van Vooren. Toe Pieter Becker in 1710 vir die tweede keer in hegtenis geneem is, het sy haar tiende kind verwag en moes vir haar en haar kinders sorg. Sy het weiregte verkry op 'Clooft vun't RoodeZant' wat later 'n leningsplaas geword het en sedert 1731 onder die naam Straatkerk (haar geboorteplek) in rekords verskyn. Sy het 'n buite-egtelike verhouding gedurende 1713/14 gehad, vermoedelik met Mattheus de Maker, en 'n dogter Johanna de Maker is gebore [1715]
- 8.9 **Van Heerden,Pieter** Willem *Heerde, Gelderland? 1681 †sy plaas Weltevreden, Land van Waveren(Tulbagh) 1763.06.09 : aankoms April 1701 op die skip Popkensburgh; een van die eerste boere in die Land van Waveren [854] × 1708.09.18 Stellenbosch
- 8.10 **Van der Merwe,Magdalena**(Magteld) =1692 †plaas Weltevreden, Tulbagh 1765.02.11 : Magteltie met doop van Hendrik in 1713 [861]
- 8.11 Sien 8.1 [930]
- 8.12 Sien 8.2 [936]
- 8.13 Sien 8.1 [930]
- 8.14 Sien 8.2 [936]
- 8.15 **Jacobs,Daniel** *Vieille Eglise, naby Calais 1673.09.14 =Guines 1673.10.05 †1712 : landbouer van Drakenstein [2545] × 1702 ??
- 8.16 **Cordier,Louise** *1685 †1774.11.22 [1700]
- 8.17 **Theron(Therond),Jacques** *1668 †Drakenstein 1739.12.02 : van Nimes, Lanquedoc, Frankryk; aankoms aan die Kaap op 26 April 1688 op die Oosterland; soldaat, burger 1688.05.31; ontvang in 1690 grond aan die Palmietrivier aangrensend aan Jean Joubert se plaas Lanquedoc. Hy het ook op 19 April 1702 'n huurkontrak met Jacques de Savoye aangegaan om vir twee jaar op De Savoye se plaas in die Wamakersvallei te boer op voorwaarde dat hy 'n huis en 'n kraal bou, asook 'n wingerd van 5 000 wingerdstokke aanplant. Theron sou geregtig wees op 'n derde van die opbrengs, terwyl die jongste seun van De Savoye die eienaar van die plaas sou bly. Jacques bekom in 1711 die plaas Lanquedoc wat in sy familie se besit bly tot 1812. Hy word in 1714 eienaar van La Rhone in Tulbagh en hy en sy buurman, Jean Imbert, boer daar in vennootskap tot 25 Junie 1716. In 1716 koop hy die plaas Keerweder, Klein Drakenstein, en verkoop dit weer in 1720. Hy was diaken, later ouderling en ook heemraadslid vir Paarl. Gerrit Bastiaansz Langenhoven was vanaf 1720 tot 1722 huismeester by Jacques Theron. Jacques se vader het op 2 April 1719 uit Nimes, Lanquedoc, 'n brief aan hom gerig nadat hy van mnr Fisquet verneem het dat sy seun getroud is, 'n gesin het en aan die Kaap woon [2114] × 1697
- 8.18 **Du Preez(Des Pres),Marie-Jeanne**(Johanna) *Bethune 1675 †1763 : van Bethune, Artois. Sy was ook Maria Johanna [2115]
- 8.19 **Du Toit,Francois** *1664 =Lille 1664.09.15 †1731.10.22 : van Ryssel(Lille) in Frans Vlaandere, s.v. Pierre du Toit en Marie Rousel(le); aankoms 1686 met skip Vrijheit saam met sy broer Guillaume; boer op sy plaas Kleinbosch in Dal Josafat; later ook Soetendal in Wagenmakersvallei. Hy het ook Schoongesicht en Palmietvallei in Daljosafat besit en Lemietrivier en Soetendal in die Wagenmakersvallei; heemraad en ouderling van Drakenstein gemeente. Hy was die eerste blanke wat deur Du Toitskloof gegaan het, wat later die pad geword het na Goudini, Worcester en ander dele van die binneland. Hy het ook deelgeneem aan die vryburger opstand teen WA van der Stel in 1706. Die Politieke Raad het 9 aangeklaagdes in

absentia skuldig bevind en vir vyf jaar na Mauritius verban (hierdie vonnis is nooit uitgevoer nie), 'n boete is aan elkeen opgelê en hulle is verbied om ooit weer 'n militêre of politieke pos aan die Kaap te beklee [1793] × 1690.02.12 Kaapstad

- 8.20 **Seugnet**, Susanna *Semussac, Charente, Maritime, Frankryk 1673 †1762 : van Saintonge; aankoms 1689 aan die Kaap saam met haar susters Claudine en Jeanne [1794]
- 8.21 **De Vos**, Wouter *1689 †Libertas Stellenbosch 1731 : van Groenlo, Nederland, soldaat, 1713 burger Stellenbosch; kleremaker op Stellenbosch. Hy was diaken, ouderling, heemraad vir Stellenbosch en boer vanaf 1722 op Libertas, die plaas uit die boedel van Adam Tas deur hom aangekoop. Hy besit ook Libertas Parva, Doornbosch en Patrysvallei; Sy Inventaris MOOC 8/5.39 word 9 Augustus 1731 ingehandig; in sy gesmantelike testament met Maria Sophia van der Byl is sy geboortig tot Groenloo in het Graafschap Zutphen [1794] × 1717.09.12 Stellenbosch
- 8.22 **Van der Byl**, Maria Sophia *Stellenbosch 1701.03.03 =Stellenbosch 1701.03.20 †Stellenbosch 1725 [1795]
- 8.23 **Du Toit**, Francois *1699.06.25 =Paarl 1699.06.28 †Tulbagh 1751.12.06 : boer Land van Waveren. Hy was heemraadslid vir Drakenstein en luitenant in die krygsraad. Francois het die leningsplaas Winterhoek in die Land van Waveren vanaf 1725 besit; die plaas het na sy dood in 1752 in besit van sy seun Jacobus gekom wie dit tot 1791 behou het. Francois het met vee en graan geboer [5155] × 1722.04.12
- 8.24 **Theron**, Marie (Maria) *1698.08.07 =1698.08.24 †1781.05.30 [5156]
- 8.25 **Marais**, Charl *Plessis Marle, Frankryk 1668 †1711 : aankoms 1688 aan boord die Voorschooten as 19 jarige saam met sy ouers, twee broers en 'n suster; woon te Le Plessis Merle, Simondium, later De Fortuin in Wamakersvallei; Anne des Ruelles is sy stiefsuster. Na sy pa se gewelddadige dood het hy en sy broer Claude voortgeboer op hulle plaas. Hy ontvang op 28 Februarie 1699 die grondbrief vir die veeplaas De Fortuin, Wellington. Hy en sy broer Claude het die klagskrif teen WA van der Stel onderteken in die Adam Tas rebellie van 1706, maar teken ook later die getuigskrif ten gunste van WA van der Stel, waarskynlik onder druk van landdros Starrenburg [1789] × 1692
- 8.26 **Des Ruelles**, Anne *1673.10.10 =Guines naby Calais, Frankryk : arriveer in 1688 saam met haar ouers in die Kaap [1790]
- 8.27 **Retief**, Francois *1663.02.02 †1721.09.24 : oorspronklik gespel Rétif; van Mer langs die Loirerivier, naby Blois in Orleans, Frankryk. Hy was klaarblyklik 'n wyn-, brandewyn- en asynmaker van beroep. Daar het 'n bloedige vervolging van die Protestante in Frankryk plaasgevind na die herroeping van die Edik van Nantes op 18 Oktober 1685. Dit was in hierdie tyd dat Francois en sy suster Anna vir hulle lewe gevlug het na Holland. Die Hollanders het destyds immigrante vir die Kaap gesoek, en Francois en sy suster besluit om na die Kaap te kom; aankoms 12 Mei 1688 aan boord die Borssenburg. Hy het ook 1689/90 van die Kompanjie hulp ontvang om gevestig te kom en was landbouer op die plase La Paris in Wemmershoek en Patatskloof, in die Wamakersvallei, wat onderskeidelik in 1694 en 1712 aan hom toegeken is. Hy koop in 1718 die plaas Hartebeeskraal, Klein Drakenstein, en na sy dood het sy vrou op die plaas gebly en geboer. Francois en sy swanger vrou is een nag in hulle huis aangeval deur 'n rondloper, 'n sekere Daniel, waartydens hulle verskeie meswonde opgedoen het. Hiervan het hulle gelukkig volkome herstel, maar die chirurgyn Paul le Febre het die inbreker weggeneem nadat hy die Retiefs se wonde versorg het en op pad na Stellenbosch het die inbreker aan sy nege meswonde beswyk. Francois is een van die ondertekenaars van die getuigskrif ten gunste van WA van der Stel in die Adam Tas rebellie van 1706. Op 16 Oktober 1707 is hy deur Barend Pietersz Blom, Gideon Malherbe, Jean de Tuillet, Johannes Lorentz, Daniel Jacob en Jacques Pottier by die landdros en heemrade aangekla omdat hy water uit die Kromrivier uitgekeer het en Blom se koringlande as gevolg hiervan periodiek oorstroom en sy beste graangrond waardeloos geword het. Die saak is deur die klaers gewen en Retief is deur die landdros en heemrade berispe omdat hy sonder verlof die loop van die rivier verander het [4692] × 1700.05.02
- 8.28 **Mouij**, Maria *Frankryk 1685.05.15 †1758.09.21 : het saam met haar vader pa en suster as veertienjarige dogter op die Donkervliet in 1699 aan die Kaap aangekom. Na haar man se dood het sy met die boerdery voortgegaan en haar wingerdstokke het tot 12 000 toegeneem. In 1724 koop sy Wildepaardenjacht in Klein Drakenstein van Paul Roux. Sy verkoop as weduwee die plaas La Paris op 19 Oktober 1736 aan Pieter de Villiers van Landskroon in die Agter-Paarl en Patatskloof in 1748 aan Carel van der Merwe. Teen 1755 was sy op De Hartebeeskraal woonagtig en het sewe slawe besit. Waarskynlik het haar skoonseun, Tieleman Roos, die boerdery behartig en in 1758 het sy De Hartebeeskraal (sedert 1786 bekend as Amstelhof) aan hom oorgedra [4693]
- 8.29 **Malherbe**, Pierre (Pieter) *1695.09.06 =Drakenstein 1695.09.25 †c 1756 : hy koop Hexenberg in September 1734 uit sy oorlede vader se boedel [1799] × 1724 ? & Die Paarl se huweliksregisters ontbreek vir 1721-1724. Die eerste opgaafrol wat vir man teëgekomp is, is vir 1724 (J187-p7) en daarvolgens was hulle reeds getroud.
- 8.30 **Cellier**, Elisabeth (Isabeau) =Paarl 1705.07.26 †c 1778 : Elisabeth se man, Pierre Malherbe, is die enigste oorlewende seun van die Malherbe stamouers en die Malherbe van word deur hom voortgedra - al die Malherbes het dus 'n bietjie Cellier bloed in hul are. Die plaas Hexberg in die Wellington omgewing (30 morg 60 vk roede) wat sedert 1712 in Malherbe besit was, word op 8 September 1734 op haar man se naam oorgedra, maar te oordeel aan die opgaafrolle het hy reeds voor 1734 op die plaas geboer. In 1726 besit hulle reeds 2 perde, 20 beeste, 50 skape en 2 varke. Gedurende 1729 word 2,000 wingerdstokke aangeplant wat ten tye van haar man se dood in ongeveer 1756 tot 10,000 vermeerder het. Koring, rog en gars word ook gesaai. Aanvanklik word min wyn op die plaas geproduseer, maar in later jare produseer hulle jaarliks tot 20 lêers (11,547 liter). Na haar man se dood neem Elisabeth die boerdery tot en met haar dood in ongeveer 1778 oor, met ondermeer die hulp van haar vyf slawe en 'n slavin, maarstaak die aanplant van gesaaides. Ten tye van haar dood was die aantal wingerdstokke op die plaas 26,000 en haar boedelinventaris lys ook 10 perde, 35 beeste asook 170 skape en bokke. Na haar dood word die plaas die eiendom van hul kleinseun Gabriel Rossouw [2000]
- 8.31 **Cellier**, Jan =ca 1702 †ca 1755 : Burger Drakenstein; Dragonder (berede lid) van klein Drakenstein Burgerkommando 1740 - 1744. Jan is in ongeveer 1702 gedoop; die presiese datum waarop hy gedoop is, kon nie bepaal word nie aangesien die Paarl se doopregisters vir die tydperk 1702 tot 1714 onvolledig is. Op sy pa se boedelinventaris van Desember 1722 word sy ouderdom as 20 jaar aangegee. Hy bly saam met sy ongetroude broers en susters by sy ma op die plaas totdat hy in 1728 met die weduwee Anna Marais trou. Sy was ongeletterd, maar

dit is onbekend of Jan ook ongeletterd was aangesien geen dokumente opgespoor is waarop sy handtekening voorkom nie. Hy begin sy huwelikslewe met drie stiefkinders - twee seuns en 'n dogter tussen die ouderdomme van 2 en 4 jaar. Sy stiefdogter Anna Rossouw trou in 1744 met sy jonger broer Abraham (b7) terwyl sy stiefseun Gabriel Rossouw in 1747 met sy suster Francina (b5) se dogter Elisabeth le Roux trou en na haar dood hertrou hy in 1748 met Jan se suster Elisabeth (b4) se dogter Maria Elisabeth Malherbe. Pieter is sy enigste stiefkind wat nie met 'n Cellier afstammeling trou nie, maar een van sy seuns trou in 1782 met sy niggie Sara Petronella Cilliers (b7c9). Anna Marais se eerste man, Gabriel Rossouw, het die plaas Druivevallei in die Wellington omgewing besit waar hy sowat 30 beeste, 50 skape en 'n paar perde aangehou het en ook koring gesaaï het. Met haar huwelik met Jan word die plaas van 30 morg sy eiendom. Hy gaan aanvanklik voort met die boerdery wat Gabriel Rossouw begin het en saai ook rog en gars. Gedurende 1735 plant hy 5 000 wingerdstokke aan en in die daaropvolgende jare produseer hy jaarliks tot 20 lêers (11,547 liter) wyn. Op 27 September 1743 word 'n addisionele stuk grond van 36 morg 415 vk roede ingelyf as deel van Druivevallei. In 1744 erf Anna Marais die plaas Kykuit in Daljosaphat, Paarl (55 morg 415 vk roede) van 'n ongetroude neef Charles Marais en dit word ook Jan se eiendom. Die aantal wingerdstokke wat hy besit vermeerder met hierdie erflating van 5,000 tot 20,000. Jan bly die eienaar van beide plase tot met sy dood op 53-jarige leeftyd in ongeveer 1755. Net voor sy dood het hy volgens die opgaafrolle ook 12 perde, 30 beeste, 300 skape besit terwyl sy boedelinventaris 23 perde, 165 beeste en 300 skape lys. Waarskynlik het hy die meeste van sy vee op sy leningsplaas Brakkefontein, suid van Bonnievale, aangehou. Jan het hierdie plaas sedert 1746 gehuur en sy weduwee het die huur daarvan in Mei 1757 opgesê. Jan het met sy dood ook 8 slawe besit wat van Bengale (Bangladesh), Boegis (Indonesië), Madagaskar en Malabar (weskus van Indië) afkomstig was. Kort na Jan se dood verkoop sy weduwee die plaas Druivevallei aan Petrus Louw, die toekomstige skoonpa van twee van haar kleinseuns, en boer tot en met haar dood in 1765 op Kykuit. Sy staak egter die aanplant van gesaaïdes in 1757. Na haar dood erf haar oudste Cilliers seun Jan (b2c1) die plaas Kykuit teen 'n bedrag van 6,000 gulden Indiese valuta en na sy dood, sowat 'n jaar later, word dit die eiendom van haar enigste oorlewende Cilliers seun, Jozua Carel (b2c6). [1785] × 1728.12.05 Drakenstein

- 8.32 **Marais, Anna** =? 1707 †plaas Kykuit, distrik Drakenstein 1765.01.11 : Haar geskatte doopdatum verskil van publikasie tot publikasie. Kort na die dood van haar tweede man, Jean Cilliers, verkoop sy die plaas Druivevallei aan Petrus Louw. Sy boer op Kykuit tot en met haar dood; het egter opgehou om aan te plant [1786]
- 8.33 **Du Plessis, Carel Prieur** *op die skip "Oosterland" =aan boord in Tafelbaai 1688.04.18 †1737.09.18 : geneesheer; het sy opleiding van sy vader ontvang; praktiseer in Kaapstad en Paarl as dokter; boer op klein skaal op sy twee plase, De Palmiete Vallei en Knolvlei, Drakenstein. Hy het die twee plase op 18 Junie 1716 uit die boedel van Jean du Buis gekoop. Johan Melchior Frick was in sy diens as huismeester vir sy kinders [2051] × 1712.06.12 Stellenbosch
- 8.34 **Van Marseveen(Marcevene), Cecilia** *Holland 1692 : sy dra die plase Knolvlei en De Palmietvallei oor aan haar skoonseun Jacobus Louw [2052]
- 8.35 Sien 8.23 [5155]
- 8.36 Sien 8.24 [5156]
- 8.37 **Van der Merwe, Roelof** *1718.06.26 =Drakenstein 1718.07.24 †1777 : getuies by sy doop is die ouers self; lidmaat in die Paarl 1735; hy word die eienaar van De Hoop na sy pa se dood. In 'n gesamentlike testament op 2.12.1776 voor Abraham Faure, sekretaris van Stellenbosch en Drakenstein, bemaak hulle aan hulle seun Schalk Willemzoon die woonplaas ``De Hoop" en ook die smidswinkel en meul daarop, aan hulle seun Carel die leningsplaas ``De Burgersdrift", aan die jongste seun Andries 600 gulden, aan 'n dogter Susanna die slavin Ralie of 600 gulden en as voogde oor hulle minderjarige kinders en kindskinders word benoem die Heemraad, monsieur Paul Roux en Stephanus du Toit. Hierdie testament is geteken ``Ter woonplaats ofte hoofstede De Hoop" [11214] × 1740.07.17 Paarl
- 8.38 **Du Toit, Anna** =Paarl 1722.08.02 †Paarl 1793.03.08 ΩFranschhoek : Lidmaat van Drakenstein in die Paarl in 1735 [11215]
- 8.39 **Du Toit, Pieter** =? 1719 : burger Drakenstein [8484] × 1740.01.31
- 8.40 **De Swart, Susanna** *1721 [8485]
- 8.41 **Van Wyk, Gerrit** *?? 1694 †? 1737 : Burger van Drakenstein ten tye van huwelik; van `De Vaderlandse Rietklooff, Piquetberg'; in die gesamentlike testament met sy tweede vrou is hy `Gerrit Willemsz: van wijk'; 1731 word hy genoem as swaer van Antonetta Camphers in die inventaris opgestel na die dood van haar man Arie van Wijk [262] × 1722.04.26 Kaap
- 8.42 **Vivier, Elisabeth(Isabeau)** =Drakenstein(Paarl) 1698.02.12 †voor 1730.08.16, een maand na haar dogter Catharina se geboorte. Sy is volgens rekords op 16-jarige ouderdom verlei deur die 26-jarige chirurgyn Charles Prieur du Plessis, die man van haar niggie Cecilia van Marseveen, en weer twee jaar later toe sy vrou swanger was 1730 [2138]
- 8.43 **Van Zyl, Pieter** =Paarl(Drakenstein) 1706.12.12 †Ouplaas, Benede-Olifantsrivier 1782 : burger Drakenstein; 1732 word die leningsplaas `aan die Olifants rivier onder de Compagniesdrift' aan hom toegeken - later ook die plase Vredendal en `Vaderlandsche Riet Kuyll' (Atties) [5621] × 1734.09.26 Paarl
- 8.44 **Van Wyk, Hester** =Stellenbosch 1712.10.23 : weduwee Johannes van den Bosch [5622]
- 8.49 **Nel(Neel), Guillaume** *? 1663 †? 1734 : Franse vlugteling van Rouen, Normandië. Hy en sy vrou het beide reeds voor die herroeping van die Edik van Nantes Frankryk verlaat; aankoms aan die Kaap voor 1690 aan boord die Borssenburg met vrou en twee kinders; ontvang 1690 die plaas Blaauwklip naby Stellenbosch (vorige eienaar Gerrit Jansz Visser); in 1711 is die plaas Bootmans Drift, Drakenstein, aan hom toegeken; begin 1722 word Blaauwklippen oorgedra aan sy skoonseun Barend Pieters van Wesel. Hier boer hy en werk as kleremaker en sy vrou werk as vroedvrou in die distrik; in 1734 woon hy en sy vrou in die Kaapse distrik; 1705 is hy al bekend as Willem Nel en teken ook sy naam so. Die gesin was arm en sy vrou moes huiswerk by 'n groot vriend, Adam Tas, doen om te oorleef [4917] × 1685.05.03 Amsterdam
- 8.50 **De la Batte, Jeanne** *Saumur langs die Loire-rivier 1663 [4918]

- 8.51 **Vivier**, Abraham *Normandië, Frankryk 1654 =1654.06.20 †1713 : s.v. Abraham Vivier en Elizabeth Louvel; Franse vlugteling; aankoms aan die Kaap 1688 vanaf Zieriksee in Zeeland aan boord die Zuid-Bevelandt saam met sy twee broers; hulle kom van Normandië af en boer in Drakenstein. Hy en sy twee broers is aldrie oorlede in 1713, waarskynlik tydens die pokke epidemie. Abraham ontvang gedurende 1689-90 hulp van die Kompanjie ten einde homself aan die Kaap gevestig te kry. Simon van der Stel word egter in 1690 deur ds Simond oorreed om die drie broers Vivier toe te laat om plase in Daljosafat aan te lê aan die oostekant van die Bergrivier, maar met die uitdruklike voorbehoud dat die Kompanjie nie vir hul veiligheid aanspreeklik sou wees nnie. Abraham het hom 1690 gevestig te Schoongezicht en die grondbrief 22 Februarie 1692 ontvang. Hy en sy twee broers het die klagskrif teen WA van der Stel onderteken in die Adam Tas rebellie van 1706 [2120] × 1695
- 8.52 **Du Preez(Des Pres)**, Jaquemine *Lille 1679 †1715 [2121]
- 8.53 **Louw**, Jacobus *plaas Louwvliet =Kaapstad in die kersaal van die Kasteel deur ds Johannes Overneij 1680.01.21 †sterf tydens die pokke epidemie 1713.07.00 : hy was 'n vriend en swaer van Adam Tas en het saam met ander rebelleer teen Goewerneur Van der Stel se onregverdige optrede. In 1706 en 1708 was hy Heemraad van Drakenstein en 1712 as Ritmeester aangestel. Jacobus het 'n soldaat van die Kompanjie, Gerrit Baltus Labare, van 31 Oktober 1711 tot 30 Oktober 1713 as skoolmeester aangestel teen 12 guldens per maand. Tydens die pokke epidemie was Jacobus sowel as Maria siek aan pokkeen stel hulle op 4 Julie 1713 'n testament op wat op 1 Augustus 1713 aan die Weeskamer aangebied word. Jacobus, vriend en swaer van Adam Tas, en sy broer Pieter, die Goewerneur se vriend, was kwaai-vriende as gevolg van hulle politieke sieninge en beide sterf aan pokke sonder om vrede te maak. Pieter se vrou herstel die vrede tussen die familie na sy dood [5585] × 1702.01.22 Tafel Vallei, Kaapstad, deur ds Kalden
- 8.54 **Van Brakel**, Maria *Holland =1677.05.30 ΩMoederkerk se gronde, Stellenbosch : Maria doen op 15 Augustus 1713 aansoek om haar man se vleiskontrak met die Kompanjie voort te sit. Sy het by haar skoonma op die familieplaas Louwvliet gewoon en het die boerdery op Louwvliet en Questenburg voortgesit; daarby het sy ook nog ander boerdery belange, wat sy van haar pa geërf het, behartig. Sy koop op 2 Augustus 1714 die Van Brakel familieplaas, De Goede Ontmoetingh in die Koeberg uit haar oorlede broer Leendert van Brakel se boedel vir 3600 guldens. Op 13 Oktober 1714 koop sy die veeplaas De Hoop, naby Paardeberg, en op 11 Julie 1718 verkoop sy dit weer aan Barend van Dyk. 'n Opgawe van 1719 toon Maria se vee as volg: 120 beeste, 50 skape en 6 varke; koring ge-oes 40 mud en 10 mud gars. Vanaf April 1720 ontvang haar jonger seuns onderwys van Pieter Steinmetz, 'n Duitse soldaat in diens van die Kompanjie, wat sy gehuur het. Nadat Maria haar skoonma vir meer as twintig jaar versorg het, is Beatrix Louw op 82-jarige ouderdom in 1722 oorlede en laat sy 'n derde van haar boedel aan haar oudste seun Pieter se kinders, 'n derde aan haar jongste seun Jacobus se kinders en 'n derde aan Maria van Brakel, haar skoondogter, wat haar deur die jare so getrou versorg het. Op 1 Maart 1744 was Maria doopgetuie by die doop van haar seun Jacobus en sy vrou Johanna Guillaumet se eersteling, 'n dogter wat na haar vernoem is en nie na die ma se moeder [4852]
- 8.55 **Guillaumet**, Francois *naby dorpie Aimargues suid van Nîmes in Lanquedoc 1685 : in 1700 het hy Frankryk reeds verlaat, woon as kleremaker in Berlyn. In 1726 na die Kaap met die "Berbice" om synywerheid vir Kompanjie te vestig wat egter in 1735 gestaak is; bly met gesin as vryburgers aan die Kaap. Die plaas Soete Inval, Paarl/Drakenstein, behoort aan hom vanaf 1732 tot 1736 [52564] × 1710 ??
- 8.56 **Cloy**, Claudine *?? 1693 : oorspronklik van Savoye [52565]
- 8.57 **Van Wyk**, Arie(Arien) =Kaap; Roelof en Tryntje van Wyck is getuies 1686.04.15 †voor 1731.09.25 : eienaar van Bontevallei; sy boedel toon `een opstal gelegen aan de Piquetbergen getaxt. op f 150' [6033] × 1711.12.27 Stellenbosch
- 8.58 **Campher**, Antoinetta(Agnita) *Kaapstad ?? 1688 [6030]
- 8.59 **Eykhoff(Eckhoff)**, Matthys Hendrik *1690 †1721 [2137] × 1719.10.22 Drakenstein
- 8.60 Sien 8.42 [2138]
- 8.61 **Scholtz**, Joachim *Hertogdom Altmark, Brandenburg, Pruise 1690 †De Klijne Vogelvallei, Piketberg 1738 : van Altmark, Brandenburg; 1720 soldaat; 1720 stalkneg; 1720 -1722 soldaat; 1722 - 1725 boukneg by Barend Buys; 1725 burger; 1732.06.26 was hy werksaam op die plaas Hooggelegen van Andreas Bester naby Kaapstad en van hier het hy 'n versoek om hulp aan die goewerneur en lede van die Politieke Raad gerig omdat hy arm en gebreklik is en dit moeilik vind om vir hom en sy seuntjie te sorg; sy vrou se dogter by Strang word nie genoem nie, maar is later met Jacob Kruger getroud en het omgesien na Jan Joachim, haar halfbroertjie. Blykbaar het Joachim se gesondheid verbeter en op 1732.12.10 word toestemming aan hom verleen om vir een jaar met sy vee op die veepos `Kanse Fonteyn' in die vlakte van Piquetberg op die verlate plaas van Gerrit van Aardt te staan. Na sy huwelik met Antoinetta Campher in 1733 was hulle gesamentlik verantwoordelik vir sy seun en die Strang dogter (weer terug by Joachim) en Antoinetta se tien Van Wyk kinders; 1733.09.13 ontvang hy toestemming om hom op die plaas `Elandskloof over de Olifants Rivier' te vestig. Elandskloof het op die pad na die Bokkeveld gelê. In die jare 1738 - 1739 het die Boesmans 'n skrikbewind in die Agter-Piketberg gevoer en boere het vanaf die heel voorste poste teruggeval. Joachim het die plaas `De Klijne Vogelvallei' aan die Piquetberg gekoop en het hom op veeboerdery sowel as landbou toegespits [6034] × 1727.08.03 N.G. Kerk Paarl
- 8.62 **Swart**, Anna Maria *1690 †1732 : van Stockholm, weduwee van Jan Andries Stockenstrom en vroeër getroud met Martin Mecklenburg en Carl Strang [8367]
- 8.63 Sien 8.41 [262]
- 8.64 Sien 8.42 [2138]
- 8.65 **Coetsee**, Cornelis =1692.02.13 [5327] × 1740.02.25 Stellenbosch
- 8.66 **Gerrits**, Geertruy =1703.08.05 [5330]

- 8.67 **Olivier**,Johannes =1706.06.13 †1764.08.21 : boer `Over de Olifantsrivier' [6603] × 1730.02.12 &Tulbagh
- 8.68 **Du Preez**,Cecilia =1713.05.14 †Tulbagh 1781.04.11 : na die dood van haar man het sy met die boerdery voortgegaan op die plaas Klipfontein, Land van Waveren [6608]
- 8.69 **Naudé**,Jacob =Drakenstein 1723.08.01 †Waveren 1774.12.17 : burger Stellenbosch; 1744 met sy huwelik is hy jongman van `Cabo de Goede Hoop', burger en koster Drakenstein; 1741 - 1745 koster en bode van Drakenstein en ook onderwyser in die kerkskool van Drakenstein. Dit is nie korrek dat hy van 1739 koster was nie. In 1745 bedank hy as koster omdat hy die plaas Klipvlei in die Wagenmakersvallei gekoop het waar hy gaan woon. Vanaf 1756 tot 1765 werk sy neef, Philip Jacob Naudé, as kneg by hom. In 1765 verkoop hy Klipvlei aan Johann Franz Ophausen. In April 1766 verkry Jacob weiregte op die plaas Standvastigheid in die Kleine Roggeveld waar hy tot sy dood woon en boer. Diemeeste publikasies verwar die stamvader Jacob Naudé en sy seun Jacob met mekaar. [1682] × 1744.10.11 Drakenstein
- 8.70 **Du Toit**,Anna Susanna =1727.09.12 †1767.02.16 [1683]
- 8.71 **Smit**,Jacobus =Kaapstad 1716.09.06 [8394] × 1746.08.14 Swartland
- 8.72 **Van Dyk**,Catharina =1724.08.27 [8395]
- 8.73 **Botha**,Theunis =1686.04.15 : 1714.09.07 woon op `Eendracht Over de Breede Rivier', later `Waaikraal'; was diaken van Drakenstein-gemeente, heemraad van Stellenbosch, kornet, later ritmeester van Stellenbosch milisie [5146] × 1710.12.15 Stellenbosch
- 8.74 **Snyman**,Maria Magdalena =Stellenbosch, ingeskryf in D/R Kaap 1693.08.09 [5147]
- 8.75 **Du Preez**,Philippe(Philippus) =Paarl 1705.04.04 †Paarl/Drakenstein 1765.12.11 : heemraadslid vir Swellendam; woon op die plaas `Grootvadersbosch' dist Heidelberg, KP; ook van die plaas `de Slange Revier tussen die Dijvenhoks Revier en de Buffeljachts Revier' [6333] × 1727.03.09 Drakenstein
- 8.76 **Potgieter**,Sibella(Isabella) =Swellendam 1711.11.28 of 1711.06.28 [6334]
- 8.77 **Oberholster**,Johannes(Johan) =1710.08.24 : burger Drakenstein [4744] × 1728.05.02 Paarl
- 8.78 **Prevot**,Elisabeth =1711.02.06 : haar doopinskrywing is nog in Frans gedoen [4743]
- 8.79 Sien 8.41 [262]
- 8.80 **Prevot(Provo)**,Marie(Maria) =Drakenstein 1713.01.28 [264]
- 8.81 **Louw**,Jacobus =1700.05.16 †1778.08.00 : hy word na sy huwelik met Wilhelmina van Zyl eienaar van haar plase. Jacobus het La Motte en Frederiksburg op 14 Augustus 1744 aan David de Villiers verkoop, wat reeds die eienaar van die aangrensende Vrede-en-Lust was [4853] × 1727.10.04 Drakenstein
- 8.82 **Van Zyl**,Wilhelmina *Haarlem =Rooms Katolieke Kerk St Anna, Haarlem 1695.10.21 : na Jean Durand se dood het sy die eienaar van sy plase La Motte en Frederiksburg geword en nie sy seuns Jan en Jonathan soos in sy testament bepaal nie. Haar tweede eggenoot, Jacobus Louw, het La Motte en Frederiksburg op 14 Augustus 1744 aan David de Villiers van die aangrensende Vrede-en-Lust verkoop [5295]
- 8.83 **Wiese**,Pieter =1718.03.06 : veeboer van die plaas Wiesdrif, dist Bredasdorp; blykbaar is Wiesdrif in die Bredasdorpse Strandveld (geleë tussen Heuningrug en Soetendalsvlei) na Pieter Wiese vernoem [5591] × 1740.10.23
- 8.84 **Swart**,Margaretha *1723.12.10 =Stellenbosch 1724.01.23 [5594]
- 8.85 **Pienaar**,Jacob =Paarl 1718.12.04 †1787.07.03 ΩTulbagh [1701] × 1744.07.19 Paarl
- 8.86 **Van der Merwe**,Hester =Drakenstein 1725.07.22 †Tulbagh 1770.02.12 : gedoop deur Lambertus Flischer; doopgetuies Schalk Willem zn van der Merwe en Maria la Feber; 16 maande oud toe moeder oorlede is [1702]
- 8.87 **Theron**,Jean(Johannes) *1712.04.30 =1712.07.09 †1788.12.00 [2110] × 1734.05.09
- 8.88 **Pretorius**,Maria =1714.12.09 †1783.07.04 [2111]
- 8.89 **Visagie**,Izaak =Kaapstad 1708.05.06 : burger Drakenstein [7370] × 1736.03.04
- 8.90 **Nieuwoudt**,Helena =Kaapstad 1718.10.09 [7373]
- 8.91 **Steenkamp**,Wilhelm *1732.02.21 =1732.05.04 [14316] × 1755.04.02
- 8.92 **Smit**,Hendrina *1737.10.23 †Elandsfontein, Onder Roggeveld, Worcester 1826.07.21 [14317]
- 8.97 Sien 7.25 [5298]
- 8.98 Sien 7.26 [5300]
- 8.99 **Van Jaarsveld**,Willem Adriaan =1726.09.15 †1806 [10330] × 1749 ??
- 8.100 **Jordaan**,Elisabeth *? 1725 [10331]

- 8.101 Sien 7.41 [5590]
- 8.102 Sien 7.42 [5595]
- 8.103 **Van Aarde**,Johannes *1723 [997] × 1744.05.02
- 8.104 **Bekker**,Susanna =1727.09.28 [1064]
- 8.109 Sien 7.21 [14059]
- 8.110 Sien 7.22 [14060]
- 8.111 **Jooste**,Jacobus =1747.02.25 : burger Stellenbosch [12602] × 1768.05.08
- 8.112 **Du Plessis**,Anna Francina =Drakenstein 1752.07.02 [12603]
- 8.113 Sien 7.21 [14059]
- 8.114 Sien 7.22 [14060]
- 8.115 Sien 8.111 [12602]
- 8.116 Sien 8.112 [12603]
- 8.125 Sien 7.27 [9348]
- 8.126 Sien 7.28 [8603]
- 8.127 **Louw**,Hermanus =Kaapstad 1709.12.08 †Roggeveld 1769.08.31 : na die dood van sy vrou, het hy 7 kinders by sy slavin, Rachel Abrahamse. Hy dien in 1763 'n versoek by die Politieke Raad in om sy slavin en sy vier kinders by haar vry te stel en die kinders word almal op 3 Desember 1768 in Swartland gedoop [8667] × 1752.11.12 Tulbagh
- 8.128 **Van Wyk**,Elisabeth =1727.04.27 : waarskynlik oorlede na die geboorte van haar eersteling [8665]
- 9.1 **Van der Merwe**,Willem Schalk *Nederland 1643 †N.G Kerk Paarl Lidmaatregister 1716.07.12 : volgens resoluë van die Politieke Raad afkomstig van Broek; volgens register Kaapse gemeente, van Oud- Beyerland naby Rotterdam; 1661.04.26 aankoms in Tafelbaai met die skip ``Dordrecht'', as haakbuskutter, teen agt gulde per maand. Hy was aanvanklik in diens van die Companie se baas-tuinier Hendrik Boom; 1661.05.05 ontvang hy Vryburgerskap, en hy was blykbaar 'n goeie boer want hy is geloof ``voor bequaemheyt als landbouwer''. In die Resolusies van de Politieke Raad was vermeld dat hy boulandt heeft gearbeijt; 1663 tree hy weer in diens van die H.O.I.K. as adelborst belas met landbou; 1668 drie weke voor sy huwelik met Elsje Cloete is hy weens smokkel met die Hottentotte aangekla deur die Bewindhebbers. Hy en sy skoonvader Jacob Cloete het blykbaar aangehou smokkel want hy is drie jaar lank gevangene op Robbeneiland weens smokkel en gepaardgaande geweldpleging; 1673 in Januarie het sy huis asook sy hele graanoes afgebrand; 1677.03.23 kry hy toestemming van die Kompanie om weer grond te bewerk saam met Pieter Van der Westhuizen, hierdie keer in Houtbaai, d.i. die plaas Kronendal waarvan die Kaaps-Hollandse opstal nog bestaan; 1681 is hierdie ooreenkoms gekanselleer en die plaas is as vrye eiendom aan hom toegeken; 1677 oes hy 60 mud graan; 1692.09.07 word 'n erfbrief aan hom uitgereik vir die plaas Kunnenberg, in die erfbrief beskryf as ``de Kinnenborgh''. Die plaas is opgemeet deur landmeter Heinrich Bernhard Oldenland met 'n grens 60 roede aan die Bergrivier en 600 roede in die rigting van Babilonstoring. Sy bure was Jacobus van der Heiden op Overveen en Maarten van Staden op Bloemendal. Volgens die erfbrief is die grond alreeds in 1687 aan hom toegewys. Hierdie stelling klink verdag, want die 1687-toewysings is deur landdros Johannes Mulder van Stellenbosch persoonlik opgemeet en Oldenland se opmetings begin by die 1689-toewysings. Die plaas De Hoop in die Klein Drakenstein is in 1692 aan Willem se seun Schalk Willem van der Merwe toegeken. Hy is die vader van 13 kinders en ook die vader van 'n buite-egtelike dogter, Maria Schalks, wat trou met die stamvader Paulus Heyns, van Leipsig. Maria se moeder was 'n slavin van Goewerneur Simon van der Stel; 1715 lidmaat in die Paarl; 1643 gebore volgens Teun van der Vorm in Holland wat ook van der Merwe's navors en is hy 'n seun van Schalk Willemsz van de Merwe gebore ongeveer 1620, by een onbekende vrou; In ``Resolutions of the Council of Policy of Cape of Good Hope, Cape Town Archives Repository, is Willem Schalk van der Merwe van Broeck, nu eenigen tyt vryman geweest is, ende ock als daggelder op d' E.Comps. bouwlandtheeft g'arbeijt, ende preuwe van ploegen, maijen en dorschen heeft gegeven, wort op sijn versoeck ende bequaemheyt tot den landtbouwe weder aangenomen in dienst van d' E.Compe. voor adelborst, met een belon van 12 gl. 's maents, mits gehouden sal sijn in alles als vooren principael de lantbouwerije noc 3 jaren van heden aff daervoor te dienen.'' [909] × 1668.09.09 Kaapstad
- 9.2 **Cloete**,Elsje *Duitsland =St. Vitus Catholic church in Oedt 1655.02.28 †verskyn nie na 1703 in die Opgaafrulle nie 1702 : ook Eltgen later Elsje Klauten; aankoms saam met haar moeder en broer in 1659; vertrek met attestaat na Stellenbosch ongeveer 1716 en op 9.11.1725 weer lidmaat in Paarl. Sy is bekend as Elsje Jacobs - m.a.w. d.v. Jacob Cloete. In 1678 het sy vir die Khoikhoi Quisa en sy medegevangenes van voedsel en drank voorsien, al het sy geweet dat hulle ontsnap het [920]
- 9.3 **Prevost**,Charles *1650.07.00 †eerste Hugenoot wat aan die Kaap sterwe 1688.07.00 : van Dombroy by Calais, s.v. Henri Prevost en Jeanne de Fief; in 1673 baaswamaker by Duinkerken; aankoms 29 Mei 1688 van Amsterdam op die skip De Schelde met sy vrou en vier kinders. Op die dag van hul aankoms is 'n kind van die egpaar op die skip in Tafelbaai gebore [941] × 1673.10.09
- 9.4 **Le Febre**,Marie *?? 1651 †1700 : van Marcq by Calais, d.v. David le Febre en Elisabeth le Bleu. Sy word oorleef deur haar vierde man wat ongeveer 20 jaar jonger as sy is [944]
- 9.7 Sien 9.1 [909]

- 9.8 Sien 9.2 [920]
- 9.15 **De Klerk**, Pieter *1634.10.04 †in Nederland of op see 1678.06.00 : van Serooskerke, in Zeeland, s.v. Pieter de Clercq en Clasyna Cordie, een van tweeling [4748] ×
- 9.16 **Cochet**, Sara *?? 1654 †Stellenbosch, voor 9 April 1714 1714.04.00 : aankoms Kaap 26 April 1688, as weduwe van Pieter de Clercq, met drie kinders; van Oost-Souburgh op die eiland Walcheren, Nederland. Sy het as weduwe op 21 Oktober 1710 vir haar 'n huis op Stellenbosch gekoop en daar gaan woon tot haar dood [4339]
- 9.19 Sien 9.1 [909]
- 9.20 Sien 9.2 [920]
- 9.29 **Jacob**, Pierre *1643 †voor 1693 : van Vieille Eglise naby Calais; aankoms 1688 as Franse vlugteling aan boord die Schelde met sy vrou en drie kinders; boer op De Goede Hoop in Groot-Drakenstein, aangrensend aan Bossendal van Jean le Long. Die grondbrief vir sy plaas is eers op 23 Mei 1708, 15 jaar na sy dood, deur sy familie ontvang. Hy is oorlede voor vereffening van skuld aan die Kompanjie vir hulp verleen in 1689/90 [2102] ×
- 9.30 **De Vos**, Suzanne *1645 †Paarl/Drakenstein 1708 : van Calais, aankoms 1688 met haar man en drie kinders [2103]
- 9.31 **Cordier(Cortje)**, Louis *?? Frankryk 1650 †1702 : van Orleans; s.v. Louis Cordier en Jeanne Blessebois; Franse vlugteling, aankoms 1688 op Zuid Beveland met sy vrou en vier kinders; landbouer en een van die eerste ouderlinge van die Franse Gemeente van Drakenstein. In 1692 het hy die plaas Bethel (tans Nantes), by die Paarlberg, gekry en sy van word nou Cortje gespel [1725] × Frankryk
- 9.32 **Martinet**, Françoise *1658 †1701 : Franse vlugteling, aankoms c. 1688 saam met haar man en vier kinders. Die plaas Bethel word in 1708 uit haar boedel verkoop aan Daniel Hugo [1749]
- 9.35 **De Pres(De Pre)**, Hercules *1645 †De Zoete Inval, Paarl/Drakenstein 1696.11.22 : van Kortryk (Courtrai), Vlaandere; Franse vlugteling, aankoms aan die Kaap 5 Junie 1688 op die skip 'De Schelde' met sy vrouen ses kinders, vanaf Vlissingen in Nederland. In Vlissingen het hulle by die Waalse gemeente aangesluit, waar dienste in Frans of die Franse dialek, Waals, gehou is. In 1690 het hy finansiële hulp vir homself en vyf kinders ontvang van die Kompanjie; sy oudste dogter het op haar eie ook sodanige hulp ontvang. In 1692 is die plaas 'De Zoete Inval' aan hom toegeken; In sy Inventaris MOOC 8/1.19 van 22 Nov 1696 den Vryburger van Drakenstein ten voordele van zijn nagelaten weduwe Secilia Daties ter enner en 6 so mondige als minderjarige kinders ter andere zijde...van de voorm weduwe met toestaan van haar 2 mondige kinders Hercules en Philip Dupree, een plaats leggende onder het gebied van drakensteijn groot volgens ervgrond brief daar van sijnde daar bij 40 vierkens, wagens, ploeg eegd en wat meer van bougereedschap daar op mogt sij met weijnig huisraat is gestel alle op f2500, 414 schapen kleijn en groot et p:s f838, 35 p:s beesten kleijn en groot et p:s f25 f 875, 1 p:s paard a f50 [2113] ×
- 9.36 **D'Atis**, Cecilia *1650 †Paarl/Drakenstein 1720.11.15 : Franse vlugteling, aankoms aan die Kaap 1688 op De Schelde saam met haar man en ses kinders. Sy het as weduwe vir Jan Harmse van Deventer op 'n jaarlikse kontrakbasis aangestel om vir haar op die plaas te werk. In 1718-1719 het sy die Drakensteinse wynpag gehad en kon drie slawe, Antonie, Jan en Lijsbeth bekostig en haar vee en persoonlike besittings het ook vermeerder. Ceciliastraat wat na haar vernoem is, loop naby KVV in die Paarl verby [2116]
- 9.39 **Seugnet**, Helie *?? Saint Georges de Didonne, Chte Mme, Frankryk 1634 †voor 15 November 1685 in Meschers, Chte Mme, Frankryk [578006] × Frankryk
- 9.40 **Pelletreaux**, Jeanne *?? Meschers, Chte Mme, Frankryk 1637 [578007]
- 9.43 **Van der Byl**, Pieter =Overschie, Rotterdam 1661.01.01 †Stellenbosch 1723.10.09 : boer Babylons Toren, Drakenstein en Vredenburg, Stellenbosch. Hy het kort na 1688 saam met sy moeder na die Kaap gekom om bysy pa aan te sluit en het aanvanklik saam met sy ouers op Varietas groot 13 morge in Tafelvallei gewoon. Sy ouers trek April 1680 na Stellenbosch. Na sy troue gaan woon hulle op Vredenburg en boer daar saam met sy pa totdat hy in 692 die plaas Babylon's Toren ontvang en daar gaan woon en boer. Na sy pa se dood het Pieter en sy gesin teruggetrek na Vredenburg, geleë op die noordelike bank van Eersterivier, wes van die plaas Libertas. In 1704 ontvang hy 'n derde plaas, Vijffontein (later Klawervallei). Hy besit ook 'n erf in Kaapstad wat hy in 1715 verkoop. Hy koop 'n jaar later 'n plaas van Barend Lubbe, nie ver van Vredenburg nie en kort voor sy dood ook die plaas De Voorspoed in Riebeek Kasteel distrik. In 1687 word Pieter vaandrig van die Stellenboschse dragonders; in 1695 tree hy as luitenant op vir 'n kompanjie van vryburgers in Paarl/Drakenstein se burgerdragonders; heemraadslid, met onderbrekings, vanaf 1695 tot 1720. Hy was diaken en daarna ouderling en die kerklidmaat wat die hoeksteen van die eerste kerkgebou in Stellenbosch gelê het; het ook 'n leiersrol gespeel in die Adam Tas rebellie teen goewerneur WA van der Stel [4729] × 1688.08.29 Kaapstad
- 9.44 **Bosch**, Anna Sophia =1672.06.26 †Stellenbosch 1701.03.17 [4728]
- 9.45 Sien 8.19 [1793]
- 9.46 Sien 8.20 [1794]
- 9.47 Sien 8.17 [2114]
- 9.48 Sien 8.18 [2115]
- 9.49 **Marais**, Charles *?? 1642 †op sy plaas Le Plessis Marle, vermoor deur 'n Hottentot 1689.04.03 : van Le Plessis Marle naby die dorpie Longvilliers sowat 45km ten suidweste van Parys, (omgewing bekende Hurepoix); aankoms 1688 met die skip Voorschoten saam met sy vrou en vier kinders; verlaat Delftshaven 31.12.1687 en land 13.4.1688 in Saldanhabaai, kom na Kaapstad met die Jupiter. Hy ontvang 'n plaas naby Simondium wat hy die naam Le Plessis Merle gee. Op 29 Maart 1689 is hy sodanig deur 'n Hottentot aangerand dat hy op 3 April oorlede is. Sy weduwe trou met wewenaar Daniel des Ruelles, 'n medevlugteling uit die omgewing van Calais [1787] ×

- 9.50 **Taboureaux**, Catharine *?? Frankryk 1647 †1729 : aankoms 1688 saam met haar eerste man en vier kinders [1788]
- 9.51 **Des Ruelles**, Daniel *1653 †1726.10.03 : van Guines, Calais, Frankryk. Hy en sy gesin het tot die gereformeerde gemeente te Guines behoort en na die herroeping van die Edik van Nantes na Zierikzee indie Nederlandse provinsie Zeeland gevlug, waar nog 'n dogter gebore is. Hulle was lidmate van die Franse gemeente in Zierikzee van ongeveer November 1686 tot Maart 1688 en is gedurende hierdie tyd gereeld gehelp deur die gemeente, aangesien hulle uiters behoeftig was. Op 22 April 1688 verlaat hulle Nederland aan boord van die Zuid-Beveland en Daniel en twee dogters bereik die Kaap op 19 Augustus 1688; sy eggenote en 'n dogter waarskynlik tydens seereis oorlede. Hy het 'n leidende rol in kerklike aangeleenthede gespeel en het sedert 1692 op De Hoop geboer en die plaas is 22 Februarie 1694 deur landmeter Oldenland opgemeet. In 1769, toedie weduwee van Daniel se kleiseun Isaac Marais die plaas wou verkoop, is ontdek dat 'n erfbrief nooit opgestel is nie en na 77 jaar is die grond toe heropgemeet en 'n erfbrief deur Ryk Tulbagh uitgereik op 22 Augustus 1769 nadat al die ander nakomelinge van Daniel skriftelik afstand gedoen het van hul regte op die plaas [5871] × 1671.07.12
- 9.52 **Goudalle**, Anne †seereis na Kaap 1688 : van Friesland, d.v. Jean Goudalle en Marie Vitu [5872]
- 9.55 **Mouy**, Pierre *?? 1658 †1735.07.31 : van St Amant, Vlaandere; aankoms Kaap 20 Julie 1699 as wewenaar met twee dogters aan boord die Donkervliet; vestig hom 1705 op die plaas Krakeelhoek langs die bloop van die Wamakersrivier en ontvang die grondbrief in 1712. Die plaas se naam is in 1743 deur die nuwe eienaar, Johan Hermann Lategan, na Welvanpas verander [52560] ×
- 9.56 **?, ? *?? 1665 [163145]**
- 9.57 **Malherbe**, Gideon *1663 †1713.06.27 : van die Thimerais in die Eure et Loir-gebied, 70km suidwes van Parys. Dit is nie ver van die dorp Malesherbes nie, een van 'n paar plekke met die naam. Sy naam staan in die kerkregister van Laons, Normandie, waar hy op pad van Brezolles onderweg na Dreux gebid het. Aankoms April 1688 met die skip "Voorschoten", toe ongetroud; in 1690 word hy vermeld "met vrou"; landbouer en woon aanvanklik op "Normandie" in Groot Drakenstein en later in die Wamakersvallei waar hy die plase "De Groene Fontein" en "Hexenberg" besit [976] × 1690
- 9.58 **Grillion**, Marie *1670 †1735 : aankoms 1688 waarskynlik met 'Borssenburg'. Volgens haar brief aan die Weeskamer van die Kaap het haar man aan natuurlike oorsake gesterf en in dieselfde jaar is twee seuns en 'n dogter in die pokke epidemie oorlede [977]
- 9.59 **Cellier**, Josué *1667 †De Orléans; 54 jarige leeftyd 1721.10.00 : van Orleans in Frankryk, landbouer, wynbouer en timmerman; het Frankryk waarskynlik na die Vrede van Rijswijk in 1697 verlaat en van 1685 tot 1699 tydelik na Delft in Nederland gegaan; aankoms 1700 met die skip Reygerdaal, saam met sy vrou, vestig aanvanklik op Het Kruyspad naby Brackenfell, in 1713 besit hy die plaas De Orleans in Dal Josafat. Soos talle ander Hugenote, was Josué en sy gade ongeletterd. Sy afstammeling spel die van Sellier, Sillier, Silje, Celliers, Cillie, Cilliers ens. Volgens Boucheris Josue, moontlik die seun van Josue Celliers en sy vrou Judith Rouilly. Hierdie egpaar het 'n seun Nicolaas in die kerk te Bazoches-en-Dunois laat doop. Volgens Boucher kom die berugte Etienne Barbier ook van Bazoches-en-Dunois. Toe die 39-jarige Etienne Barbier in 1739 voor die gereg moes vlug, het hy by die weduwee van Josue Celliers vir nagenoeg 'n jaar skulding gevind. Josué het die plaas De Orleans naby die Palmietrivier in Daljosaphat, Klein Drakenstein ontvang en in besit geneem. Op 15 Maart 1712 is die plaas Het Kruys Pad by Stellenbosch ook aan hom toegeken. Volgens die beskikbare dokumente het Josue op De Orleans geboer en nooit die plaas naby Stellenbosch effektiewelik beset nie. Hy was 'n fluks boer en in 1714 het hy reeds vier perde, ses osse, 200 skape en 8 000 wingerdstokke besit en dit nadat hy in 1700 sonder enige besittings daar aangekom het. Spelling van sy afstammeling se van (Mei 2000) : Die verandering van Josué Cellier se afstammeling se van van Cellier na Celliers, Cillié en Cilliers kan nie aan 'n spesifieke tyd of altyd aan 'n spesifieke geslag gekoppel word nie. Selfs op die dokumente wat vir Josué Cellier nagegaan is, word sy van benewens Cellier ook as Celliers, Seillie, Seillier, Sellie, Selliers, Sillier en Silliers gespél. Vir die volgende 3 geslagte (b,c en d-geslagte) is die spelling van sy nasate se van legio met Cilliers as die mees algemene spelling. Ander spellinge wat vir hierdie drie geslagte teëgekom is, is De Cilliers, De Silliers, Seliers, Selje, Sellie, Sellier, Sielje, Silie, Silje, Siljee, Silliers, Celje, Cellie, Cellier, Celliers, Cielje, Cilie, Cilli, Cillie, Cillier en Cilje. Dit is eers vanaf die vierde geslag (e-geslag) dat die spellinge Celliers, Cillie en Cilliers meerendeels gebruik is, maar van die voorgemelde variasies het steeds voorgekom. Waar die Cillié ontstaan het, is onbekend. Dan was die spelling van 'n bepaalde persoon se van op verskillende dokumente ook nie altyd dieselfde nie en dit het tot in die 1900's nog voorgekom. Verder was 'n bepaalde spelling ook nie altyd deur al die lede van 'n gesin en hul nageslagte gebruik nie. Die eerste afstammeling van Jan (b2) wat die Celliers spelling algemeen gebruik het, was Jacob Daniel (b2c1d1e1f4) en daarna sy afstammeling, maar Jacob Daniel se twee broers en hul nageslag het weer hul van as Cilliers gespél terwyl dit wil voorkom asof een van hierdie twee broers se seuns, Johannes Francois (b2c1d1e1f8g1), ook die Celliers spelling gebruik het. By Abraham (b7) se afstammeling is die Celliers spelling ook net by enkele lede van 'n gesin gevind, maar die spelling is dikwels nie behou nie. Die eerste gesin waar dit wil voorkom of hierdie spelling behou is, is by twee van die seuns van Johannes Stephanus (b7c2d2e2f3), Jacobus Stephanus (g8) en Jacob Petrus (g9). Dit wil ook voorkom asof die Celliers spelling algemeen in die Transvaal gebruik is. Alhoewel die Cillie spelling wel op dokumente van Abraham (b7) se afstammeling voorkom, is die spelling nie behou nie. Die eerste afstammeling van Jan (b2) waar hierdie spelling oor die algemeen deur 'n gesin gebruik is, is by sommige van die kinders van Petrus (b2c1d2), maar selfs hier wissel die spelling op dokumente vir dieselfde persoon tussen Cillie, Cilliers en sommige van die voorgemelde variasies. Sover vasgestel kon word, het sy seun Petrus Johannes (e2) se nageslag die Cillie spelling behou terwyl al drie spellings by sy seun Johannes Arnoldus (e6) se nageslag voorkom. Wat die spelling van vanne op die databasis betref, is die Cellier spelling slegs vir die stamvader en sy kinders gebruik. Daarna is die mees algemene spelling Cilliers gebruik. Celliers en Cillié is gebruik waar daar met 'n redelike mate van sekerheid bepaal kon word dat dit die korrekte spelling is, maar geen onderskeid is tussen Cillie en Cillié gemaak nie. Verkeerde spelling van vanne op die databasis moet dus te wagte wees [1783] × 1697 Frankryk
- 9.60 **Couvret**, Elisabeth *Orleans 1676 †c1743 1743 : aankoms 1700 saam met haar man; saam met haar het haar broer Paul en sy vrou Anne Vallette en hulle dogtertjie gekom [1784]
- 9.61 Sien 9.59 [1783]
- 9.62 Sien 9.60 [1784]

- 9.63 Sien 8.25 [1789]
- 9.64 Sien 8.26 [1790]
- 9.65 **Du Plessis**, Jean Prieur *Poitiers, in Poitou, Frankryk 1638 †Stellenbosch 1708.12.00 : chirurgyn, hy word 1687.09.20 in die Waalse Kerk van Amsterdam opgeneem en kom dan van die eiland, St. Thomas, Wes-Indië; 1688 aankoms op die Oosterland na die Kaap met sy vrou, maar is 1693 terug na Europa op die skip St. Jansland; kom met sy tweede vrou, Marie Buisset, weer terug na die Kaap. Hy was van adellike afkoms en het sy landgoed agtergelaat en na Holland gevlug; een van die Hugenote wat 1689/90 hulp van die Kompanjie ontvang het om hulself gevestig te kry aan die Kaap. Byna honderd jaar later het Keiser Napoleon 1 verneem dat afstammelinge van die ou beroemde familie van Poitiers in Suid-Afrika woonagtig was en versoek dat die oudste lid van die familie na Frankryk moes kom om besit te neem van die groot landgoed van die Du Plessis' en die onopgeëiste hertogdom, maar die aanbod is destyds van die hand gewys [2049] × Europa
- 9.66 **Menanteau**, Marie(Madeleine) †voor 1700 ΩKaap : kom 1688 op die "Oosterland" saam met haar man in die Kaap aan [2050]
- 9.67 **Van Marseveen**, Pieter Jansz *??Courtrai, Vlaandere 1655 †1728 : die plaas Pastorie, Paarl, is in 1692 aan hom toegeken, maar hy ontvang die grondbrief eers op 28 Februarie 1699. Die ongetroude chirurg, Gideon le Grand, het by die gesin Van Marseveen van die plaas Nantes ingewoon tot sy dood in September 1710 [986] × 1688.07.25 Kaapstad
- 9.68 **Du Preez**, Elisabeth(Isabeau) *1670 =Courtrai-St. Maartens, Frankryk in Roomse kerk; getuies Charl Leurdan en Louise Pittens 1670.08.31 †na 1710 : van Courtrai (Kortryk), Vlaandere [987]
- 9.73 Sien 8.1 [930]
- 9.74 Sien 8.2 [936]
- 9.75 **Du Toit**, Pierre *1697.03.09 =Drakenstein(Paarl) 1697.03.24 †1768.05.16 : hy koop en boer op Palmietvlei in Dal Josafat; boer ook op die plaas Roodewal, 'n leningsplaas in die Breederivervallei. Hy koop ook die plaas Calais, Daljosafat en dit word oorgedra op 1 Mei 1736. Hy word verkies as diaken vir die Paarl gemeente en dien ook as Heemraadslid vir Paarl/Drakenstein [4689] × 1716
- 9.76 **Rousseau**, Elisabeth =Drakenstein 1696.10.14 †1785.02.15 [4688]
- 9.77 Sien 9.75 [4689]
- 9.78 Sien 9.76 [4688]
- 9.79 **De Swart**, Ernst Frederik *1693 †1730 : van Thiel in Gelderland. Hy arriveer 1711 aan boord die Unie aan die Kaap as botteliersmaat in diens van die VOC; burger 1715; 1717 het hy die reg verkry om koffie te verkoop en in 1718 het hy die wynpag ontvang [4949] × 1716
- 9.80 **Du Toit**, Helena =Paarl 1695.05.08 : sy is gedoop Laina [4948]
- 9.81 **Van Wyk**, Willem *?? 1648 †? 1702 : van Ingen (Engen), Nederbetuwe, Wijck by Duurstede, Nederland; s.v. Adriaen Gerritsz van Wijck en Jantgen Aerts; werk aan die Kaap 1672 in die tuine van die Kompanjie; 1678 vryburger en boer in die nabye omgewing van Kaapstad; aanvanklik in vennootskap met Gerrit Teunisz en van 1679 tot 1685 saam met Hans Erntrout. 16911027 word hy lidmaat van die gemeente Stellenbosch. Teen 1692 boer hy op Sandwijk, Drakenstein. Hy het hoofsaaklik met wingerd geboer en sy boerdery het uitgebrei van 2 000 wingerdstokke in 1692 tot 6 000 in 1702 [6031] × 1685.08.05 Kaap
- 9.82 **Hillebrants**, Catharina (Trijntjen) †? 1695 : ook Tryntie Hillebrand(t)(s); 1695.03.10 inventaris van die vryburgeres geteken ten voordeel van haar man en twee minderjarige kinders [6032]
- 9.83 Sien 8.51 [2120]
- 9.84 Sien 8.52 [2121]
- 9.85 **Van Zyl**, Willem *Delft, Nederland 1666 †1727.03.08 : 1699.01.23 aankoms aan boord van 'de Drie Croonen'; tuinier vir die VOC; 1702 burger; 1717, 1719 1723 - 1724 verkies tot Heemraad van Drakenstein; hy was oorspronklik Katoliek en sy vrou Hervormd; hul besit Vreed'en Lust aan Drakenstein, Honingfontein geleë aan Honingbergh en Leeuwenhoek geleë aan 24-Rivieren by sy afsterwe; Vrede-en-Lust is van Jacques de Savoye gekoop op 24 Januarie 1702 en deur Willem se weduwee verkoop in 1728. Willem was een van die leiersfigure in die Adam Tas-rebellie [974] × ÷
- 9.86 **Van Loveren**, Christina *? 1675 : van Amsterdam [975]
- 9.87 **Van Wyk**, Adrian(Arie) *Amsterdam =Amsterdam 1668.01.18 †Stellenbosch 1714.09.15 ΩStellenbosch : 1676 - 1678 aankoms van Amsterdam, burger Stellenbosch, landbouer [982] × 1693
- 9.88 **Helmes(Helm)**, Cornelia =Kaap 1673.09.17 [983]
- 9.103 Sien 9.35 [2113]
- 9.104 Sien 9.36 [2116]
- 9.105 **Louw**, Jan Pieterz *1628.03.01 =Bovenecarspel 1628.10.29 †op sy plaas Louwliet 1691.05.09 : van Caspeltermare of Kaspel Vermeer; aankoms 1659 of 1660 aan die Kaap as adelsbors/soldaat; burger Rondebosch en landbouer; wewenaar van Hubbeke Reyniers. Hy kry die bynaam Broertje en verskyn so op 'n amptelike dokument van 8 Oktober 1661. Hy

noem die plaas langs die Liesbeekrivier wat hy amptelik in 1660 bekom, Louwvliet, en boer daar tot sy dood, waarna sy vrou en gesin met die boerdery voortgaan en sy weduwee 'n jaar na sy dood in 1692 onder die vyf grootste wynboere in die Kaapse nedersetting tel met 20 000 wingerdstokke. Daar was groter wynboere in die Stellenbosch en Drakenstein gebied. In 1677 oes hy 28 mud graan; teen 1682 het hy reeds 10 000 druiwestokke geplant en besit ongeveer 200 skape, 8 perde, 10 trekosse, 'n paar melkkoeie en pluimvee [1780] × 1661.08.23 in die fort, Kaapstad, deur ds Godefridus van Akendam wat op reis was na die Ooste met De Jonge Prins

- 9.106 **Weyman(Weijan)**, Beatrix *Holland 1639 †Louwvliet 1722.07.00 : Hollandse weesmeisie van Utrecht, Nederland. Sy vertrek van Texel, Holland, aan boord De Jonge Prins op 12 April 1661 en bereik die Kaap op 15 Augustus 1661. In haar testament van 13 November 1721 bemaak sy 'n derde van haar besittings aan die kinders van haar oudste seun, Pieter, 'n derde aan die kinders van haar jongste seun, Jacobus, en 'n derde aan haar skoondogter, Maria van Brakel, vir jare se liefdevolle versorging en lojale ondersteuning. Daarbenewens, in 'n kontrak van 1 Augustus 1713, moes Maria van Brakel 15 000 gulden vir die plaas Louwvliet en Questenburg aan die boedel betaal [1781]
- 9.107 **Van Brakel**, Adriaan *1640 : van 's Hertogenbosch; heemraadslid van Stellenbosch. Hy woon en boer op die plaas De Goede Ontmoetingh, Philadelphia, Koeberg [4738] × 1670.05.28 Kaapstad
- 9.108 **Rosendaal**, Sara Huybrechtsz *?? 1654 : van Amsterdam [4739]
- 9.113 Sien 9.81 [6031]
- 9.114 Sien 9.82 [6032]
- 9.115 **Campher(Campfer/Kamfer)**, Lourens(Lorenz) *1651 : van Mohrow, Pommere, Duitsland; burger Stellenbosch; 1693 eienaar van die plaas Driesprong (later 'n deel van Muratie) by Koelenhof [5837] × 1699 *??
- 9.116 **?,** Ansela *?? 1668 : oorspronklik van Timor(o)r; van die Kaap; slavin; 1695 Junie is sy vrygestel [5838]
- 9.117 **Eykhoff(Eckhoff)**, Heinrich *?? 1664 †1691 : van Essen, Duitsland, aankoms 1684 as soldaat in diens van Kompanjie, word vryburger in 1687 en woon eers op Stellenbosch maar boer vanaf 1694 te Drakenstein [2136] × 1688.08.29
- 9.118 Sien 9.4 [944]
- 9.129 **Coetsee**, Dirk *1655 †Papendorp 1725.06.25 : van Kampen, s.v. Gerhard Couche en Margaretha Claasdochter, aankoms 8.5.1679 per Asia, woon vier jaar in Kaapstad en daarna, tot 1729, op Stellenbosch waar hy in 1682 van Simon van der Stel die bekende plaas Coetsenberg in eiendom gekry het, het ook in Jonkershoek die grond, genoem Assagaai Bosch, gehad, in 1687 is hy Heemraad en in 1706 kaptein van die Stellenbosch infanterie [2059] × Holland
- 9.130 **Van der Schulp**, Sara *1654 †1728.02.00 : van Amsterdam, d.v. Jacobus van der Schulp en Maria Elison [2060]
- 9.131 **Gerrits**, Caspar †1719.01.00 : van Nymegen [5328] × 1693.05.03 Stellenbosch
- 9.132 **Speldenberg(Pyl)**, Elsje =Kaapstad 1679.11.26 [5329]
- 9.133 **Olivier**, Cornelis *??buite eg 1674 [5613] × 1699.11.22
- 9.134 **Richman van Wey**, Anna Catharina =1686.09.15 †1777.07.18 : ook Anna van der Wey; besit die plaas 'Hasekraal aan de Bergrivier' [5616]
- 9.135 **Du Pré**, Philippe *Kortryk(Contraï) 1681 †De Hoop 1722.05.21 : van Bethune, Artois, Frankryk; aankoms 5 Junie 1688 aan boord De Schelde as 7 jarige saam met sy ouers; kinderjare op De Zoete Inval; 1699 verkry hy die plaas Klipvallei in Wagenmakersvallei(Wellington) en word ook eienaar van die plaas Dekkersvlei, Klein Drakenstein wat hy 1721 verkoop aan Jacques Delporte; verhuis in 1714 na Roodezand waar hy die plase Artois en De Hoop aanlê. Hy is een van die Hugenote wat die getuigskrif ten gunste van WA van der Stel onderteken in die Adam Tas rebellie van 1706. Philippe word dan ook op 14 Augustus 1706 deur WA van der Stel aangestel as 'n vaandrig en bevelvoerder vandie Drakensteinse burger milisie. In 1706 word hy aangestel as padmaker in die vallei en beklee die pos tot 1710. Hy erf die plaas De Zoete Inval in 1720 uit sy moeder se boedel. Gerrit Bastiaansz Langenhoven was vanaf 1716 tot 1719 by Philippe in diens as huismeester vir sy kinders en weer in sy diens vanaf 1722 tot 1727 [4761] × 1698
- 9.136 **Prevot**, Isabeau(Elisabeth) *Marcq, Calais, Frankryk 1683.10.31 †Waveren(Tulbagh) 1750.01.18 [4760]
- 9.137 **Naudé**, Jacob *Berlyn 1696.08.29 † c. 1735. Die sterfdatum 1774.12.17 wat in verskillende bronne gegee word, is dié van sy seun Jacob. Jacob senior se naam kom die laaste keer voor in die monsterrol en die opgaafrol van 1735. Hy is waarskynlik in 1736 oorlede. Die sterfdatum 1740.03.01 wat sommige bronne aangee, staan nie in die Drakensteinse lidmaatregister G3 4/1 nie 1736 : van Berlyn, van Franse afkoms; 1718 aankoms aan boord van die Abbekerk; met attestasie van Hanover, Duitsland; adelbors, word lid van die kerk in Drakenstein tussen 1718.01.13 en 1720.09.29; 1718 huismeester by Pierre Joubert; 1719 huismeester by Josua Cellier; 1720. 05.03 - as onderwyser uitverhuur aan sy toekomstige vrou. Na sy vrou se dood verkoop hy Olyvenhout op 8 Augustus 1724 aan Jean Nortier en Estienne Cronier se plaas Champagne in 1728 aan Matthys Strydom. Die bronne wat aangehaal word, verwar die stamvader Jacob Naudé met sy seun Jacob Naudé. [1680] × 1722.05.07
- 9.138 **Taillefert**, Susanna *?? 1685.08.00 =Middelburg 1687.10.14 †1724.02.13 Ōhaar begrafnisdiens is in Frans gehou : sy was redelik welaf en het 'n groot boedel nagelaat. Sy en haar derde man, Jacob Naudé, het op Pierre Cronjé se plaas Versailles in Wagenmakersvallei gewoon en geboer en het ook Pierre se plaas Olyvenhout besit en bewerk [1681]
- 9.139 **Du Toit**, Etienne Stephanus *1703 †1769.11.10 : volgens sy ouers se testament opgestel 27 Desember 1723 is hy hul jongste seun en volgens die testament van Amant Veron, opgestel op 30 Julie 1723 was Stephanus die jongste seun (MOOC 7/1/4 no 103) (MOOC 7/1/3 no 80). Sy ouder volgens die van sy vrou geskat omdat die man gewoonlik ouer as die vrou was.

Hy is op 17 September 1724 as lidmaat van die gemeente van Drakenstein aangeneem. As hy in 1703 gebore is was hy 21 jaar oud met sy aanneming. As hy in 1707 gebore is was hy 17 jaar oud in 1724, 'n meer aanneemlike ouderdom om aangeneem te word. Ongelukkig gee nie sy ouers of sy testament sy ouderdom aan nie. Volgens sy ouers se testament was hy gebreklik (moontlik met 'n gebrek gebore) en is hy bo sy broers en susters bevoordeel in hul testament. Hy boer op Soetendal en Limietrivier, DalJosafat [2536] × 1726.02.17 Stellenbosch

- 9.140 **Marais**, Debora =Paarl/Drakenstein 1705.10.04 †1756 [2537]
- 9.141 **Smit**, Jacobus =Stellenbosch 1689.10.16 †Swartland ? 1752 : boer op Uylekraal, dist Swartland [5308] × 1709.03.03 Kaapstad
- 9.142 **Slabbert**, Elisabeth =Meliskerke 1691.04.15 : sy teken 'n testament op 30 Augustus 1756 in Kaapstad [5309]
- 9.143 **Van Dyk**, Burgert Pieter =1697.05.18 [1726] × 1715.10.06 Kaapstad
- 9.144 **Visser**, Maria *1696 =Stellenbosch 1722 : doopgetuies was Hans Hattingh en sy vrou Susanna Visser [1727]
- 9.145 **Botha(Both)**, Frederik(Friedrich) *Wangenheim, by Gotha 1653.03.04 : seun van landbouer Michael Both en Susanna Saulus; aankoms aan die Kaap 1678 as soldaat; burger 1683; sedert 1685 kom hy voor op Stellenbosch as burger en 'boer om die kwart' vir Jan Cornelitz van Oud-Beyerland naby Rotterdam; 1706 is hy en Maria Kickers skuldig bevind aan owerspel, aanhouding en verberging van vee en geweld aan persoon van Claas Das en vir tien jaar na Mauritius verban. Hy het die plaas Zandberg, later Scholtzenhof, in 1689 uitgelê. In 1694 is Zandberg van leningsplaas oorgedra op sy eie naam [833] × 1714.06.21 Stellenbosch
- 9.146 **Kickers**, Maria *1670 : van Amsterdam, weesmeisie; 1706 saam met Frederik Botha skuldig bevind aan owerspel, aanhouding en verberging van vee ens. en vir tien jaar na Mauritius verban. Omdat die VOC op 1706.07.23 besluit het om Mauritius prys te gee en hierdie besluit die Kaap eers in Februarie 1707 bereik het, is hul of nooit na Mauritius nie of by 1710 weer terug in die Kaap. Aangesien sy die skuldige party was kon sy nie weer trou nie, altans nie voordat Jan Bombam dood is nie. Sy het 7 kinders by Botha gehad, 1 kind by Ferdinand Appel en ook 1 kind by Jan Coenraad Visser [834]
- 9.147 **Snyman**, Christoffel *aan die Kaap =Kaap 1669.03.09 †1706 : 1692 koop hy die plaas Sandvliet in die Groot Drakenstein en boer op Sandvliet. Die plaas bly in besit van sy weduwee, Marguerite de Savoye en haar tweede man Henning Viljoen, totdat dit in 1735 uit haar boedel verkoop word. Christoffel was een van die min halfslag seuns van 'n slawe-moeder wat in die wit gemeenskap ingetrou het [2122] × 1689.07.00
- 9.148 **De Savoye**, Marguerite-Therese *Gent, Nederland 1671 =Gent 1672.09.04 †1735 : aankoms 1688 (17 jaar oud) saam met haar ouers, broer en suster as Hugenote-vlugtelinge uit Aeth, Vlaandere, met die 'Oosterlandt' aan die Kaap van Goeie Hoop. Sy is die stammoeder van die Snymans en Viljoens in Suid-Afrika. Na haar eerste man se dood bly sy in besit van die plaas Sandvliet, totdat dit in 1735 uit haar boedel verkoop word; haar boedelinventaris is op 20 Maart 1742 opgestel. Sy het baie geld geskuld o.a. aan Pieter du Plessis (Charles-seun), Johannes Marais en Hercules du Preez (Hercules-seun) [2123]
- 9.149 Sien 9.135 [4761]
- 9.150 Sien 9.136 [4760]
- 9.151 **Potgieter**, Johannes Harmensz =Swellendam 1674.09.06 of 1674.09.23 †tussen 1730 en 1733 : ook Jan Harmensz. In 1714, na die dood van Clara, trek hy verder na die binneland na Stellenbosch met sy twee dogters Elizabeth en Sybille. Vanaf 1717 woon hy by Rhebokskloof, Kliprivier in Wellington, later die eiendom van Charl Cilliers. In 1715 het die veiligheid van die vryburgers sodanig verswak dat die VOC nie meer in staat was om hulle te beskerm nie. Na die soveelste aanval, waartydens die huis van Pieter Rossouw afgebrand is en die vryburgers se beeste gesteel is, pleit die boere by die Politieke Raad vir toestemming om 'n vergeldingskommando bymekaar te maak en op 20 November 1715 word 'n kommando van 30 vrywilligers onder bevel van 'burgervandrig' Schalk Willemsz van der Merwe en 'wagtmeester' Jan Harmensz Potgieter opdrag gegee om die Boesmans wat vir die aanval verantwoordelik was te gaan soek en die gesteelde beeste terug te bring. Gedurende hierdie ekspedisie wond Potgieter 'n Boesmanvrou noodlottig en moet hy op 7 Januarie 1716 voor die Politieke Raad verslag doen oor die ekspedisie. Jan is aangekla voor die Krygsraad en na baie oorweging en verdere getuienisse is hy uiteindelik op 14 Oktober 1727 ontslaan uit die weermag op grond van 'gevorderde ouderdom en onbehoorlike gedrag' [2419] × 1712.07.24 Stellenbosch
- 9.152 **Herbst(Herfst)**, Clara *? 1687 †Kaapstad voor 1714 [2420]
- 9.153 **Oberholster**, Jan(Johann) *Oberholz, by Wald i.d. kanton Zurich in Switzerland ? 1673 †1723 : 1695 a. aan die Kaap; soldaat 1696, later burger en slagter; tot 1701 nog lid van die Rooms-Katolieke Kerk. Hy verkry 1705.12.19 saam met drie ander vryburgers die kontrak om vleis aan verbygaande skepe en die hospitaal te lewer; 1706.12.18 verkies tot diaken op die Kaapse Kerkraad; 1707.06.29 Ds Le Boucq poog om hom uit die kerkraad te skors omdat hy lank met 'n vrygestelde slavin, Agnitie Colyn, saamgeleef en kinders by haar gehad het; 1711.12.24 verkies tot diaken op Stellenbosch; 1713.01.10 verkies tot heemraad vir Stellenbosch. Hy het in 1709 sy huis in Tafelvallei verkoop en Stellenbosch toe getrek waar hy sy skoonvader Guillaume du Toit met sy boerdery gehelp het en na dié se dood die eienaar van sy plase Watergang, Aan't Pad en Valley Lustre geword het. Hy word vanaf 1713 kaptein eers van die Drakensteinse Burgermag en in 1715 ook van die Stellenbosch Burgerdragonders [4735] × 1706.07.05 Stellenbosch
- 9.154 **Du Toit**, Helena *1690.07.23 =Stellenbosch 1690.08.06 †24jr 1714.07.15 [4734]
- 9.155 **Prevost**, Abraham *Marcq by Calais 1679.05.24 †1767 : ook Prevost. 1709 word hy die eienaar van plaas Lanquedoc, Klein Drakenstein en verkoop die plaas in 1711 aan Jacques Theron; hy boer op Drie Fontaine, Drakenstein en verkoop die plaas op 1720.05.22 aan Pierre Joubert vir 2 400 Indiese gulden [980] × 1709.05.12 Stellenbosch
- 9.156 **Van Marseveen**, Anna *1690 [981]

9.159 Sien 9.155 [980]

9.160 Sien 9.156 [981]

9.161 **Louw**, Pieter *Louwvliet, Kaapstad 1667.06.00 =Kaapstad, in die kerkzaal van die Fort, deur ds Adrianus de Voogt 1667.07.17 †? 1713.05.00 : boer op Louwvliet en Questenburg tot 1703; koop erf 1 DD. Tafelvallei vir 4490 gulden en kry oordrag op 31 Oktober 1704. Sy naam verskyn op die lys wat landdros Starrenberg gekollekteer het ter ondersteuning van goewerneur WA van der Stel tydens die Adam Tas rebellie en vir sy lojaliteit beloon die goewerneur hom op 1 Januarie 1707 met die plaas Doornekraal, 60 morg 180 vk roede groot, geleë tussen Groote Paadeberg en Kleine Paardeberg, Stellenbosch/Drakenstein. Pieter se naam verskyn op die opgaafrol van 1707 van Drakenstein, sy gesin het waarskynlik in die Kaap aangebly [1782] × 1693.11.29 Kaapstad

9.162 **Wendels**, Elisabeth *1671 †? 1719 : van Amsterdam; haar boedelvendusie gehou op 1722.05.28 [1752]

9.163 Sien 9.85 [974]

9.164 Sien 9.86 [975]

9.165 **Wiese**, Benjamin : van Amsterdam [4938] × 1714.02.18 Kaapstad

9.166 **Mostert**, Hester =1690.10.08 [4936]

9.167 **Swart**, Pieter *Nederland =?? 1692 †voor 1756.08.22 : Pieter het sy weduwee moeder se erf op Stellenbosch gekoop; later weireg verkry op Uilkraal(Bredasdorp) en moontlik tot 1722 daar gewoon; kinders was reeds Melkbossers [5592] × 1721.06.15 Stellenbosch

9.168 **Du Buis**, Sara =Simondium-kerk (Drakenstein), Paarl 1701.11.11 †Swellendam 1766 : sy was die groot tante van die bekende swerwer Coenraad Buys (du Buis) [5593]

9.169 **Pienaar**, Jacques =Franschhoek ? 1692 †1751.08.19 : trek Noordooswaarts waar weilisensies aan hom toegeken word; De Bockerivier 1731; Driefontein, Agter Bokkeveld 1739; Elandsfontein in die Bokkeveld 1746. Hy is die eienaar en boer van Leeuwentuin, Wamakersvallei [1440] × 1714.01.21 Stellenbosch

9.170 Sien 8.16 [1700]

9.171 Sien 7.7 [1703]

9.172 **Pienaar**, Esther (Hester) =1706.10.30 †1725.12.07 : haar inventaris te voordele van haar nagelaten man Jacobus van der Merwe ten eenen en dogtertjie gen:t Ester van der Merwe oud een maand. Sy laat 46 Rundbeesten waardeer teen 8Rds totaal 1104; 300 skape teen 4Rds waarde 1200, 2 merries en vullens te samen teen 150 Rds; somma f2454; laste in die boedel Schalk willem van der Merwe Rds 1940 en geld in die boedel te vonen Rds 514 geteken 7 Desember 1725 [1704]

9.173 Sien 8.17 [2114]

9.174 Sien 8.18 [2115]

9.175 **Pretorius**, Lodewyk =Kaapstad 1688.09.05 †Stellenbosch voor 14 April 1718 [2112] × 1711.12.13 Stellenbosch

9.176 **Rossouw**, Maria =1693 †Daljosafat voor 12 Januarie 1767 [1792]

9.177 **Visagie**, Guiliam =1674.11.25 †voor 5 Junie 1740 : ten tyde van sy dood besit hulle die volgende eiendom: `Een plaats ofte hofsteeden genaamt Slent geleegen aan de suidwesthoek van de paardeberg blijkens acte van de Cassie ofte transport, de dato 25 Oktober 1713 door de burgers Isak Visage en Lucas Meijer gepasseert rx. 1333-16. Een opstal genaamt de Gonjemanskraal geleegen aan de piekeniers Kloof rx. 33-16. Een opstal genaamt 'T Tweegat geleegen aan de paardeberg rx. 33-16' [5717] ×

9.178 **Prinsloo**, Gerritje =Kaapstad 1681.08.24 [5718]

9.179 **Nieuwoudt**, Isaac (Isack) *Amsterdam, Nederland =Westerkerk, Amsterdam 1688.10.15 †? 1760 : 1713.07.11 poorter van Amsterdam - ook `tapper' in Amsterdam; 1716.03.07 aankoms aan die Kaap aan boord van die `Bentvelt' van Amsterdam - `kwam naar Zuid-Afrika als weduenaar en hertrouwe met Anna van Wijk'; Hy kon blykbaar eers trou nadat hy in 1723 burgerskap in Drakenstein ontvang het; Nieuwe Woudt is 'n pleknaam naby Groningen, Holland. Eers soldaat, later chirurgyn, vryburger en boer. Hy was die eerste vaste eienaar van die plaas Keerweder [7371] × 1724.02.06 Kaapstad

9.180 **Van Wyk**, Anna *?? 1697 : geboortedatum onbekend, miskien tussen 1697 en 1700 as mens die Monsterrolle en ander dokumente in ag neem [7372]

9.181 **Steenkamp**, Jan (Harmenz) *Giessen, Nieuwkerk(Nijkerk), Nederland ?? 1682 †'Het Slot' ? 1744 : van Nieuwkerk; werk as boukneg vir die predikant Petrus Calders en later vir Nicolaas Oortman [993] × 1720.05.19 Drakenstein

9.182 **Van Eck (Van Neck)**, Jannetje *? 1705 †vermoor aan die grens van die Roggeveld deur Boesmans 1772 [995]

9.197 **Van Jaarsveld**, Adriaan *?? 1677 †1750 : aank. voor 1702; volgens opgaafrol van 1702 'n ongetroude vryburger met 'n veestapel van 50 skape. Toe hy einde 1750 sterf, het hy 'n redelike sterk boedel nagelaat en twee plase gehad t.w. die eindomsplaas Bootmansdrift, Onder-Riebeekkasteel aan die Bergrivier en 'n leningsplaas De Platten Heuvel, geleë aan Jonkershoek [5090] × 1711.11.22 Stellenbosch

9.198 **Nel**, Cornelia *1694 [5091]

- 9.199 **Jordaan**, Paul = Drakenstein 1695.09.25 : landbouer; 1739 besit hy 12 slawe, 34 bokke; 1737 Mei besit hy 20 perde, 300 kleinvee, 360 skape, 25 miete gesaai, 60 miete; 1733. mei to 1738 besit hy 12 slawe, 10 perde, 60 kleinvee, 400 skape [4989] × 1724
- 9.200 **Nel**, Rachel = 1707.07.10 [4990]
- 9.205 **Van Aarde**, Hendrik *?? 1700 : van Antwerpen, onderwyser [2625] × 1721
- 9.206 **Mouton**, Susanna = Paarl-Drakenstein 1703.10.07 [2626]
- 9.207 **Bekker**, Carl Christiaan †1736 : van Maagdeburg, aankoms 1720, soldaat later korporaal en in 1725 sersant, burger 1734 [8832] × 1724.12.17 Kaapstad
- 9.208 **La Grange**, Margaretha = Kaapstad 1707.02.20 †1746.04.29 : ten tyde van haar dood het sy gewoon in 'n sesvertrek huis in Tafelvallei [8833]
- 9.221 **Jooste**, Jacob = 1710.03.09 : burger Drakenstein [7941] × 1739.10.11
- 9.222 **Raats**, Magdalena = Stellenbosch 1721.03.30 [7942]
- 9.223 **Du Plessis**, Johannes (Jean) = Paarl 1720.02.18 : MOOC 8/7/39a inventaris van hy en sy vrou Anna Gloudina Roux is op 13 Januarie 1756 by die weeskamer gedateer [6628] × 1744.04.26 Paarl
- 9.224 **Roux**, Anna Claudine = 1725.04.22 [6629]
- 9.253 Sien 8.53 [5585]
- 9.254 Sien 8.54 [4852]
- 9.255 Sien 8.57 [6033]
- 9.256 Sien 8.58 [6030]
-
- 10.3 **Cloete**, Jacob *Oedt, in die Biskopsryk van Keulen, Duitsland 1630 = 1630.11.11 †Hy is tussen 8 en 9 uur die aand 'bij't vleesch-huis' naby die Kasteel op verraderlike en koelbloedige wyse vermoor gevind 1693.05.23 : Die joernaal luis Dezen avond tusschen 8 a 9 uren is niet verre van't casteel en by't vleeschhuis vermoord Jacob Cloeten .. men vond hem deerlijk mishandeld met drie houwen in 't hoofd en twee steken in de borst .. leggende in syn bloed geweteld.' Sy wapens en ander besittings is nie aangeraak nie. Cloete was ten tyde van die moord die oudste persoon aan die Kaap. Hoewel hy reeds hoog bejaard was en die oorgrootvader van kinders, was hy so gesond en sterk soos 'n man van 25 jaar. Die moord is nooit opgelos nie. Aankoms waarskynlik op 13.7.1657 op die VOC skip Maria. OP 10.8.1657 het hy sy Vryburgerbrief ontvang. Hy het toe die rang van Adelborst (cadet) gehad. Die 12de man om 'n Burger te word. (die stelling dat hy - 1652 saam met Jan van Riebeeck gekom het dus verkeerd); burger 10.8.1657; kry 10.10.1657 'n plaas aan die Liesbeekrivier in die 'kolonie' wat as Groeneveldt bekend gestaan het en waar Marist Brothers College in Rondebosch nou staan. Hy het dit Ekelenburg of Ecklenburg genoem. In 1660 het hy Burgerraadslid geword. Gedurende Augustus 1668 word hy saam met sy skoonseun Willem Schalkzoon van der Merwe en Jan Verhagen van smokkelhandel aangekla. Hulle sou na bewering 'n aantal beeste van die Hottentotte gekoop het teen 'n prys vyfkeer meer as wat die Kompanje betaal, en strydig met die verbod op handel met die inboorlinge. Hulle is aldrie skuldig bevind en tot lyfstraf gevonnis. Gelukkig vir hulle is daardie vonnis deur bemiddeling van goeie vriende opgeskort en vervang met 'n boete van vyftig riksdalers. In 1671 repatrieer hy na die Rynland waar hy sukkel met geld probleme. Hy is skynbaar weer getroud in dieselfde kerk in Oedt met Entgen Cuipers op 29.12.1671. Hulle het tweeling dogters gehad genaamd Maria en Anne gedoop in die Oedt kerk op 23.3.1673. Die getuie was broer Johannes se vrou Grietgen Waasen, wat bewys ons het die ware Jacob beet. In 1680 weer na die Kaap terug as korporaal in diens van die Kompanje. (Hierdie navorsing deur Harry Booyens) [923] × 1650.05.31 Oedt, Katolieke Kerk
- 10.4 **Raderootjes (Raderotjes/Raedegortz)**, Sophia (Fytje) *?? 1630 †1665.05.28 : van Uts in't Land van Keulen; sy en haar twee oudste kinders het saam met haar broer, Peter Raderootjes, in 1659 in die Kaap aangeland aan boord van die Arnhem om by Jacob Cloete aan te sluit [926]
- 10.85 **Van der Byl**, Gerhard Pieterszoon *Overschie, naby Rotterdam in Nederland ?? 1640 †voor 29 April 1698 Stellenbosch 1698.04.29 : voor Maart 1668, vra hy die Kaapse owerhede dat sy vrou en kind ook na die Kaap mag kom. Hy woon eers in Kaapstad en word in Julie 1669 op eie versoek as geregsbode aangestel; in dieselfde jaar as diaken en in 1675 as ouderling van die Kaapse gemeente gekies; in 1677 lid van die Burgerraad in Kaapstad. Hy koop ongeveer 1672 'n stuk grond onder Duiwelspiek (Windberg in transportakte) en hy en sy seun Pieter besit dit, Varietas genoem, gesamentlik oor die 50 jaar. Na sy vertrek na Stellenbosch in April 1680, ontvang hy transport van nog twee erwe in Kaapstad. Op sy plaas Vredenburg (geleë aan die noordelike oewer van die Eersterivier) is hy een van die eerste drie boere van Stellenbosch en word in 1682 een van die eerste vier heemrade van Stellenbosch; in 1686 word hy as eerste ouderling van gemeente Stellenbosch gekies [4730] × 1662 Vollenhove, Overijssel, Nederland
- 10.86 **Van den Tempel**, Seijttjen Jansz *Overschie, Suid-Hollan 1642 †Stellenbosch 1701.08.18 : naam ook Sophia [4731]
- 10.87 **Bosch**, Dirk *1643 †ongeveer Mei 1673 : van Amsterdam, Nederland; aankoms Kaap 1663 aan boord die Marsseveen as soldaat van die VOC [4724] × 1668.04.29 Kaapstad
- 10.88 **Meyntjes (Myntingh/Meyntinghs)**, Geertruyd *1645 †Holland 1676.07.06 : van Hasselt, Holland (vandag België) [4330]
- 10.135 Sien 9.35 [2113]
- 10.136 Sien 9.36 [2116]

10.149 Sien 8.19 [1793]

10.150 Sien 8.20 [1794]

10.151 **Rousseau(Rossouw)**, Pierre *? 1666 †1719 : van Mer of Memars-la-ville, omtrent vier uur te perd noordoos van Blois in Frankryk; aankoms 1688 aan boord die Borssenburg; lê plaas L'Arc d'Orleans in Wemmershoek aan wat in 1694 aan hom toegeken is; in 1704 ontvang hy ook die plaas Vleesbank ten suide van huidige spoorwegstasie Hermon. Hy boer ook op die plaas Sanddrift, Land van Waveren. Hy kontrakteer op 2 Mei 1715 vir Gerrit Daveman as kleremaker en skoolmeester [1771] × 1689

10.152 **Retief**, Anne *1667 †1710 : van Mer, in Orleans, Frankryk; aankoms 1688 saam met haar broer Francois Retief [1772]

10.159 Sien 8.19 [1793]

10.160 Sien 8.20 [1794]

10.173 **Van Wyk**, Roelof Adriaanz *Nederland ? 1632 †Stellenbosch 1699.10.00 [693597] × 1667.08.21 Nederland

10.174 **Jans(z)**, Trijntje *1635 [693598]

10.175 **Helm**, Hans *?? 1641 : ook Hans Helms, Hellems, Helmus of Helm; 1671 aankoms van Nederland [984] × 1671 ??Holland

10.176 **Willemse**, Geertruy(d) *??Amsterdam 1653 †Kaapstad [985]

10.215 **Rosendaal**, Jacob Huybrechtsz *?? 1620 †1662.03.02 : aankoms 9 April 1660 in Kaap vanaf Amsterdam; "baashovenier" [4740] ×

10.216 **Geems(Geens)**, Barbara *?? 1630 †aan pokke 1713.06.13 [4741]

10.263 **Speldenberg**, Hendrik [314777] × 1679 buite eg

10.264 **Gabriels**, Arriaanje(Adriaantje) =Kaapstad 1662.11.13 : ook bekend as `Arriaantje van Cathryn', `stiefdogter van Kees de Boer' [5238]

10.265 **Olivier**, Ockert Corneliszoon *? 1645 =Tulbagh, Wes-Kaap †1705 : van Ouwerkerk, distrik Duiveland, provinsie Zeeland in Nederland; aankoms 1671 en werk as kneg vir Willem Willemse op sy plaas aan die Liesbeekrivier. Laasgenoemde het 'n Hottentot wat 'n blou en wit erdekan van hom gebreek het, doodgemaak en het uit die Kaap gevlug aan boord 'n Deense skip na Nederland maar het later weer na die Kaap teruggekom met 'n vrygeleide brief van die Prins van Oranje. Tydens Willemse se afwesigheid het Ockert twee buite-egtelike kinders, Dina en Cornelis, by Willemse se vrou, Maria Jansz Visser gehad wat later in die sorg van hul oupa Jan Coenraad Visser geplaas en Olivier vir hul onderhoud verantwoordelik gehou is. Olivier is Februarie 1692 met 1 000 gulden beboet omdat hy onwettig met drank handel gedryf het. Gedurende 1693 neem hy CP Deeldijk as skoolmeester in diens om aan sy kinders 'n skolastiese opvoeding te bied teen betaling van 11 gulden, 1 pond tabak per maand en 'n blou bafta (vasgestelde lengte Oosterse linne) [1761] × 1672 buite eg

10.266 **Visser**, Maria Jansz *Ommen, Overysel, Nederland ? 1649 †1718.06.07 [6885]

10.267 **Richman**, Johannes *?? 1650 †1691 : van Wey in die Rynprovinsie, burger Stellenbosch; 7 Augustus 1687 aangestel as hooftuinier van die Kompanjiestuin [5614] ×

10.268 **Eli**, Maria Matthyse *1665 †1697 : sy is die niggie van Burgert Pietersz, na alle waarskynlikheid ook bekend as Borchard Pietersz van Ysenberg of ook genoem en meer bekend as Burgert van Dyk. Sy word onder die vryburgers vermeld in 1693 en 1695 [5615]

10.269 Sien 9.35 [2113]

10.270 Sien 9.36 [2116]

10.271 Sien 9.3 [941]

10.272 Sien 9.4 [944]

10.273 **Naudé**, Philippe *Metz, Lotharinge 1654.12.28 †Berlyn 1729.03.07 : professor en hof-matematikus aan die Akademie vir Kuns, Berlyn, s.v. David Naudé, geb. Metz 16230405, oorl. Berlyn 16990403 [435721] ×

10.274 **Isnard**, Anne *Metz 1663 †Berlyn 1738.05.19 [435722]

10.275 **Taillefert**, Isaac *Nogental, Picardie, Frankryk ?? 1645 †Paarl/Drakenstein ? 1699 : van Chateaux Thierry, Brie, Frankryk, s.v. Jean Taillefer(t) (apteker en ouderling van die kerk op Monneaux) en Ester Jordin/Jourdain; 1688 aankoms van Chateau Thiery, provinsie Champagne, Frankryk aan boord van die Oosterland met sy vrou en ses kinders; hy is eershoedemaker in Chateaux Thierry, daarna wynbouer in Monneaux; 1691 is die aangrensende plase La Brie en Picardie is aan hom en sy seun Jean toegeken; ook eienaar van die plaas Leewn Vallei, dist Wellington [2534] × 1671

10.276 **Briet**, Susanna *1651 †Drakenstein 1724.02.13 : uit die vallei van Essomes. Na haar man se dood het sy die boerdery voortgesit. In November 1716 was sy en haar buurman, David Senecal, in 'n geskil oor waterbetrokke. Sy het Senecal by die Landdros en Heemrade verkla omdat hy die loop van 'n stroom water uit die Paarlberg (tussen plase Laborie en La Concorde) vir homself uitgekeer het; Senecal is gelas om die waterloop te herstel sodat albei plase die water kan gebruik. Die Taillefert en Senecal kinders het in 1727 ook probleme ondervind oor die leiwater [2535]

10.277 Sien 8.19 [1793]

10.278 Sien 8.20 [1794]

10.279 Sien 8.25 [1789]

10.280 Sien 8.26 [1790]

10.281 Sien 8.5 [4796]

10.282 Sien 8.6 [4797]

10.283 **Slabbert**, Floris =Agtekerke, Zeeland, Nederland 1656.10.07 : 1699 aankoms aan die Kaap van Middelburg, Nederland met gesin van 7 kinders; s.v. Maerten Adriaansen Slabbert (gebore 24 Desember 1621) en Janneken Lormye (gedoop te Grijskerke, Zeeland op 19 Desember 1621 en die weduwee van Jan Carel Stoffelgat). Sy grootouers, Adrianus Slabbaert en Petronella de Bats het reeds in die eerste helfte van die 17de eeu ter wille van hulle geloofsoortuiging uit Oostwinkel in Vlaandere voor die vervolging van die Rooms-Katolieke kerk gevlug en hul gaan vestig in die dorp Aagtekerke op die eiland Walcheren in die provinsie Zeeland. Floris het in 1706 die plaas Conterman's Kloof aan die Kaap ontvang [2073] × 1684.04.15 te Aagtekerke(Zeeland)

10.284 **Jasperse**, Huibrechje *Westkapelle, Nederland?? 1660 : d.v. Janse Jasper van Westkapelle en Neeltje Huybregts [2074]

10.285 **Van Dyk**, Joost Pietersz *??Ysenberg in Vlaandere 1674 : burger Drakenstein. Hy meld in sy testament dat hy 'n paar keer met Helena Sievers wou trou maar dat daar elke keer probleme was [1728] × 1696.03.04 Kaapstad

10.286 **Verburgh**, Catharina *?? 1678 [1729]

10.287 **Visser**, Gerrit Jansz *Ommen, Nederland 1650 †Brakkefontein aan die Bergrivier ? 1814 : 1680 ontvang hy die plaas Blaauwklip, Stellenbosch, die grondbrief eers op 1690.11.09 gedateer; verkoop die plaas aan Guillaume Nel. Die plaas is later die bekende Blaauwklippen wynlandgoed [998] × 1690.03.19 Kaapstad

10.288 Sien 10.176 [985]

10.293 **Snijder**, Hans Christoffel *1630 : oorspronklik Hans Christoffel Schneider, van Heidelberg in die Palatinate, ook bekend as Christoffel Snijman; stamvader van die Snyman familie in Suid-Afrika; soldaat in diens van die VOC. Op 4 Desember 1665 word hy en 19 ander gestraf vir aanranding en groep-drosterie en na Robbeneiland verban vir 3 maande. Op 30 Julie 1667 word hy gevonnissen omdat hy sy wagpos verlaat het "te slapen sigh ten woonplaats van sekere bekende swarte meijt" (Groote Catrijn) en na lyfstraf weer na Robbeneiland vir twee jaar verban, met die terugtrekking van twee maande se salaris pro fisco. Uit sy verhouding met die slavin Groote Catrijn is 'n kind Christoffel Snijman gebore en op 9 Maart 1669 gedoop. Hierna verdwyn hy uit die rekords van die VOC. [731239] × 1668 ??–eg

10.294 **Catrijn**, Groote *1631 †1683 : 'n slavin van Paliacatta (vernaamste VOC vesting in Bengale - tans bekend as Pulicat, geleë op die walle van die meer van Pulicat op die Coromandel-kus op die Indiese subkontinent). Ook bekend as Catharina van Bengale en Catharina van Paliacatte; 1656 is sy die slavin van Maria Magdalena (van onbekend) in Batavië (teenswoordige Djakarta in Indonesië); 1656.10.08 is sy seksueel aangerand in 'n perdestal by die Fort Rijswijk deur haar minnaar, die slaaf Claes van Malabar - sy verdedig haarself en slaan hom met 'n leer oor die bekken, as gevolg waarvan sy blaas bars en hy vier dae later sterf. Sy word tot die dood veroordeel om aan 'n paal vasgemaak en verwurg te word, maar Goewerneur-Generaal Joan Maetsuycker begenadig haar en verban haar lewenslank as 'bandiet' na die Kaap van Goeie Hoop; 1657.02.21 arriveer sy aan die Kaap aan boord van die Prins Willem en werk as wasvrou in die Fort, die eerste slavin aan die Kaap. Sy het twee voorkinders, een by die vaandeldraer en garnisoenhoof Pieter Everaerts van Cruysaert en een by die soldaat Hans Christoffel Snijder (of Schneider) of Snijman, van Heidelberg in die Palts, Duitsland. Op instruksies van die Raad van Indië is Groote Catrijn vrygestel en toegelaat om in die huwelik te tree met die vryswarte (mardijker) Anthonij (Jansz) (de Later) van Bengale op 20 Desember 1671. Groote Catrijn, haar eggenoot, haar dogter en kleindogter - met die uitsondering van Christoffel Snijman Jnr - het almal gesterf in 'n gesinstragedie tussen Desember 1682 en Februarie 1683. Anthonij Jansz van Bengale se aansienlike boedel het vir die seun se opvoeding gesorg, asmede 'n aansienlike erfenis [50501]

10.295 **De Savoye**, Jacques *Ath, provinsie Henegouwe in Spaanse Nederlande =1636.01.29 †1717.10.00 : 2de s.v. Julien de Savoye en Jeanne van der Zee (of Dureau?); vlug 1667 na Franse verowering van Ath na Gent in Vlaandere; uitgesproke Calvinis; verhuis 1686 as wewenaar na Sas van Gent in Zeeland. In 1687 gaan hy en gesin na Middelburg, Zeeland, en in 1688 op die skip Oosterland na die Kaap. Die plaas Vrede-en-Lust naby Simondium is in 1688 aan hom toegeken. Hierdie plaas word in 1702 aan Willem van Zyl verkoop en die gesin verhuis na Kaapstad waar Jacques 'n handelonderneming begin; hy verkoop dit in 1708. Op 19 April 1702 het hy en Jacques Theron 'n kontrak onderteken waarvolgens Theron twee jaar lank op die plaas in Wagenmakersvallei sou boer op voorwaarde dat hy 'n huis en kraal bou, asook 'n wingerd van 5 000 wingerdstokke aanplant; Theron sou geregtig wees op 'n derde van die opbrengs en die jongste seun van De Savoye sou die eienaar van die plaas bly. Daarna is die plaas vir vier jaar aan Johannes Louwrense van Rostok verhuur. Jacques was een van die afvaardiging van 5 Hugenote wat op 28 November 1689 onder leiding van Pierre Simond vir goewerneur Simon van der Stel besoek het om 'n eie gemeente en kerkraad vir die Hugenote te versoek. Hy was aktief in die vryburgers se stryd teen goewerneur WA van der Stel en is in die Kasteel toegesluit, reeds 'n ou man van in sy sewentig jare; na etlike dae van aanhouding het hy sy aanvanklike ondersteuning van die klagskrif teruggetrek. Hy is beskryf as 'n opvlieënde man wat maklik aanstoot geneem het. Hy het in September 1700 bedank as heemraadslid en kaptein van die burgermag en op 13 Oktober 1701 het die Raad van Justisie hom gelas om sy skuld van f600 plus f216 rente teen 11 Januarie 1702 terug te betaal. Hy het, soos meeste ander boere, vir sy gesin gesorg deur toestemming te verkry om te jag. Sy seun Philippe-Rudolphe is vir sy opleiding na Europa gestuur en in 1712, op 77 jarige ouderdom, het Jacques by die Politieke Raad aansoek gedoen om na Amsterdam te emigreer saam met sy vrou en skoonmoeder. Hy was toe nie in staat om vir hul volle passaat te betaal nie. Dit is bekend dat Jacques by die Waldeense kerk in Amsterdam aangesluit het in 1714 en seun Philippe-Rudolphe het in 1715 na die Kaap

teruggekeer as soldaat in diens van die VOC en later het hy gevorder tot junior handelaar. Jacques en sy vrou, terug in die Kaap, word op 16 Maart 1716 lede van die Kaapse gemeente [52499] × 1657.07.04 Aeth, Hainaut(Vlaandere)

10.296 **Du Pont**,Christine *?? 1641 †Europe voor 1686 1686 : van Ath [52500]

10.301 **Potgieter**,Harmen Jansen(Jansz) *ca 1635 †tussen 1705.09.01 en 1708 1708 : van Nordhorn, Wesfale, Duitsland; enigste seun van Jan Potgieter van Nordhorn, Wesfale, en Schwenne Lodden van Frensdorf, Duitsland. Nordhorn is geleë in die Groningen provinsie en die Potgieter familie het daar op 'n plaas gewoon met die families Steyn en Prinsloo as bure. Harmen was dan ook 'n lewenslange vriend van Douw Gerbrand Steyn in Suid- Afrika en sy dogter Maria het met Jacobus Steyn, die aangenome seun van Douw, getrou. Harmen word 1663 vryburger aan die Kaap; 1665 boukneg; tree weer in diens van die HOIK; 1674 tree weer uit diens van die HOIK; teen 1679 smid en een van die eerste inwoners langs die Eersterivier, Stellenbosch (die eiendom is 1680 aan hom belowe en 1712 amptelik aan sy weduwee se boedel toegeken); 1685 lid van die heemraad en `wagmeester'van die artillerie [2098] × 1672.05.08 Kaapstad

10.302 **Frederiks**,Isabella *Amsterdam 1652.05.08 †Stellenbosch voor 14 Januarie 1712 : ook Beeltje genoem; van Amsterdam, Nederland [2099]

10.303 **Herfst(Harst)**,Johann(Jan) *?? 1666 †na 1728 : van Bremen; 1686 opsigter van Kompanjiesveepos in Hottentots-Holland; 1690 burger Drakenstein; van verbuig na Herbst(?) [843] × 1686 buite eg ? ?

10.304 **Sanders**,Lysbeth *?? 1662 †1743 of 1742 : eers genoem Lijsbeth van die Kaap en ook Lijsbeth Lowis(e), moontlik die dogter van Pladoor 'n slavin van Guinea; slavin van Mathijs Coemans; 1671.03.03 verkoop aan Adriaan van Brakel vir f160 en kort voor 1680 aan Louis van Bengale; 1683.07.27 word sy saam met twee dogters deur hom uit slawerny vrygestel, maar Louis dagvaar haar egter in 1688 vir die verbreking van 'n belofte om met hom te trou; sy het intussen met die voormalige skaapwagter in diens van Louis, Jan Teerling, weggeloop. Teerling is gestraf, Louis se twee kinders weer in sy sorg geplaas en Louis is daarna met iemand anders getroud. In 1678 is Lysbeth gearresteer vir inbraak in die huis van Louis van Bengale asook diefstal uit sy huis; sy is aan Adriaan van Brakel terugbesorg maar haar twee medebesuldigdes (twee seemanne) is na Robbeneiland verban. Louis het in 1688 en 1715 formeel, maar sonder sukses, probeer om Lijsbeth, sy voormalige houvrou, weer in slawerny te plaas. Sy is 1696 gevang weens diefstal van juweliersware; sy is gebrandmerk en moes vir drie jaar publieke diens verrig, in kettings gebonde. Hierna het haar verhouding met Johann Herbst begin. Haar dogter Clara kan dalk die dogter wees van die Engelse skaapwagter en nie van Herbst nie. Haar meer bekende nasate sluit in president Paul Kruger, generaal Louis Botha, voortrekkerleier Andries Hendrik Potgieter en generaal Koos de la Rey [848]

10.307 **Du Toit**,Guillaume *?? 1666 †voor 4 Januarie 1711 1710 : van Ryssel, in Frans Vlaandere, broer v.d. stamvader Francois du Toit, aankoms Kaap 23 Junie 1686 aan boord die Vrijheit. Hy was een van die Hugenote wat hulp vir vestiging ontvang van die Kompanjie in 1689-1690. Hy het die plaas Aan't Pad (later Cloetesdal en woonbuurt Cloetesville) in distrik Stellenbosch aangelê en boer daar vanaf 1686 tot sy dood. Hy was ook die eienaar van die plase Watergang, aangrensend aan Aan't Pad langs die huidige Kayamandi en Valley Lustre by Stellenbosch (vanaf 1700); Sonquas Doordrift by die Bergrivier naby Hermon (vanaf 1704). Hy het sy plase Nederlandse name gegee en sy voornaam Gilliam geteken volgens die Nederlandse en nie Franse vorm nie. Hy dien as kerkraadslid en heemraad van Stellenbosch. Hy was ook een van die hooffigure in die Adam Tas rebellie teen die administrasie van WA van der Stel in 1706. Adam Tas het na Du Toit in sy dagboek verwys as `een eerlijk man en't was te wenschen datter wat veel sulke patriotten waren'. Hy en Guillaume Nel was ook groot vriende met Adam Tas, wie self beter Frans as skryftaal magtig was as baie van die Franse vlugteling aan die Kaap [4338] × 1688.05.16 Kaapstad

10.308 Sien 9.16 [4339]

10.309 Sien 9.3 [941]

10.310 Sien 9.4 [944]

10.311 Sien 9.67 [986]

10.312 Sien 9.68 [987]

10.321 Sien 9.105 [1780]

10.322 Sien 9.106 [1781]

10.331 **Mostert**,Jan *?? 1648 : van Utrecht, Nederland; 1679 kry weireg ten ooste van Tierberg - van die eerste boere aan Tygerberg [4613] × 1687.05.25 Kaapstad

10.332 **Niemeyer(Numers)**,Elisabeth *?? 1679 : van Deventer, Nederland [4657]

10.333 **Swart**,Johannes *Hoorn, Nederland ?? 1648 †voor 1710 : Jan-seun, aankoms ongeveer 1685 in die Kaap as sieketrooster in diens van VOC. Hy werk ook as sieketrooster; skoolmeester op Stellenbosch van 1692 tot 1701; na burgerskap in 1694 was hy ook sekretaris van die plaaslike landdroskantoor en het testamente, kontrakte en prokurasies opgestel.In Maart 1697 koop hy die plasie Vallei Lustre van Jean Margra en verkoop dit weer aan Guilliame du Toit van Ryssel op 24 November 1700. Woon h/v Andringa- en Dorpstraat, Stellenbosch [4622] ×

10.334 **Coen(Coenie/Coerie/Claasen)**,Margaretha Klaasdogter *?? 1655 †na 1720 : aankoms 1692 [4623]

10.335 **Du Buis(De Buys)**,Jean *1670.09.06 =Guines, Calais, Frankryk 1670.09.14 †na 1725 : aankoms 25 April 1688 op die Oosterlandt; Franse vlugteling, landbouer op Palmiet Vallei (1694); kry plaas (vandag Knolle Vallei) by die Palmietrivier 1712 en bly eienaar tot dit 1716 oorgaan na Charl Prieur du Plessis. Die huwelik op 26 Desember 1669 van Jean de Buis en

Isabeau de la Becque kom voor in die kerkregisters van die gereformeerde gemeente Guines, en die dood van die eggenoot op 15 Augustus 1760 en geboorte van 'n baba op 6 September 1670 word vermeld. Die familie Du Buis was welbekend in die omgewing van Mark, Calais in Frankryk [5545] × 1700 ??

10.336 **Jacob**, Sara *Vieile Eglise, naby Calais 1677.10.07 =Guines 1677.10.31 [2101]

10.337 **Pinard**, Jacques *1665 †1712 : afkomstig uit die buurt van Dreux, Franse vlugteling, in 1688 op die Voorschoten uitgekom. Hy en sy vrou ontvang ook hulp van die Kompanjie in 1689 tot 1690 om hulself gevestig te kry. Hy was eintlik 'n timmerman maar het die plaas Lustig Aan naby Paarl aangelê wat in 1725 aan Louis le Riche verkoop is. Jacques het ook die plaas Hartebeeskraal (voorheen Geelblomsvlei en ingelyf by Hartebeeskraal) in Klein Drakenstein gekry op 21 April 1711. Hy onderteken die klagskrif teen WA van der Stel tydens die Adam Tas rebellie van 1706 [1438] × 1687.12.10 Franse Kerk St. Aechten, Delft

10.338 **Fouché**, Hester *1666 †1697 : Franse vlugteling, aankoms saam met haar man in 1688 [1439]

10.343 Sien 10.337 [1438]

10.344 **Le Febre**, Martha =1684.07.30 [1705]

10.349 **Pretorius**, Johannes *Goeree =Oudorp, Nederland 1642.10.16 †1694.04.30 : hy was die oudste kind van twee seuns en vyf dogters van Wesselius en Josyntgen (Claesdogter) van Egmond, Nederland - laasgenoemde die dogter van Claus Nicolay Laurentia (mettertyd 'n bekende en welgestelde skilder) en Haasje de Grebber. Johannes het sy studies in teologie aan die Universiteit van Leiden laat vaar en een jaar na sy vader se dood sy tuisland verlaat. Hy arriveer aan die Kaap op 1 April 1666 as seekadet (adelbors), maar vertrek op 27 Junie dieselfde jaar na Mauritius; eers sieketrooster en Tweede Persoon (Sekunde) op Mauritius. Hy keer op 9 Desember 1669 terug na Kaapstad, waar hy in 1670 as assistent en 1674 as sekretaris van die Weeskamer diens doen. Hy was diaken by die Kaapse gemeente, lid van die Burgerraad, lid van die Huwelikshof, asook weesmeester [1718] × 1677.02.28 Kaapstad

10.350 **Victor**, Johanna *Amsterdam 1662 †Kaapstad 1769 : van Amsterdam [1719]

10.351 Sien 10.151 [1771]

10.352 Sien 10.152 [1772]

10.353 **Visagie**, Pieter *? 1630 : van Antwerpen; aankoms Kaap voor Maart 1655 van Antwerpen, Nederland aan boord van die 'Koudekerke' in diens van die VOC; boer; kry 1679 weireg ten ooste van Tierberg [5715] × 1671.06.21

10.354 **Kiens(Kien/Kienst/Kyns)**, Catharina *?? 1650 : van Ter Veere, Holland xxx Kaapstad 6.8.1690 Martin Paulsen (Marthinus Poussioen?) [5716]

10.355 **Prinsloo**, Adriaan Gerrits *Tergouw (Gouda) 1646 =St Janskerk, Gouda 1646.12.30 †voor Des 1698 : s.v. Gerrit Hendrikz en Willemte Jans; naam was eers Ary Geerts(Gerrits); vryburger aan die Kaap [4982] × 1683 Holland ?

10.356 **Claassen**, Alida *1666 =Ameyde, Suid-Holland : Rodegrave, voorheen bekend as Aeltje(Aaltje) Claas van Ameyde [4983]

10.357 **Niewout**, Jeremias(Heremias) *Groeningh, Nederland 1658 †1731 Ω1731.04.14 Amsterdam : s.v. Eppen Niewout; ook Eppens/Epping genoem; 1683.12.20 `Stalhoueder van Groeningen'; 1713.07 `Dienaar van de baljuw van Amstelland'; 1722.01.16 `Stalhouder' [734345] × 1654.03.14 Amsterdam, Nederland, onmoontlik

10.358 **Fisson**, Helena *Amsterdam, Nederland =Amsterdam, Nederland as Lijntien 1660.01.08 †Amsterdam 1727.11.12 : d/v Isack Aerts/Fisson en Aeltje Jans; ook bekend as Helena Isaks [734346]

10.359 Sien 9.81 [6031]

10.360 **Harmenz (Harmanz/Harmens/Harmans)**, Trijntje (Catharina) *?? 1670 : 1695 verskyn in die opgaafrolle as die vrou van Willem van Wyk [317950]

10.363 **Van Eck**, Adriaan Dirk *1662 : van Amsterdam, burger Drakenstein [5139] × 1702 Holland

10.364 **Haster**, Johanna *?? 1670 : van Leiden [5140]

10.395 Sien 8.49 [4917]

10.396 Sien 8.50 [4918]

10.397 **Jourdan(Jordaan)**, Jean *Cabriere, D'Aigues, Provence, Frankryk 1660 †Franschhoek voor 1699.01.00 : wamaker voor sy vlug uit Frankryk. Hy het vir hulp en ondersteuning aansoek gedoen gedurende 1687 by die Franse gemeente in Frankfurt am Main, Duitsland. Aankoms aan die Kaap 1688 van Saint Martin de la Brasque, Provence, op die skip Berg China; later eienaar van die plaas La Motte in Franschhoek. Hy en sy vrou is van die Hugenote wat gedurende 1689-90 hulp van die Kompanjie ontvang het om hulself gevestig te kry aan die Kaap. Soos sy broer, Pierre, het hy teen die regulasies van die Kompanjie gereeld handel gedryf met die Khoi-Khoi en Hottentotte [4985] × 1690 Frankryk

10.398 **Le Long(Longue)**, Isabeau *La Motte d'Aigues 1668 †1717 of 1736? 1736 : suster van Jean le Long; aankoms 1688 saam met haar man; d.v. Pierre le Longue en Jeanne Goirand [2048]

10.399 **Niel(Nel)**, Estienne(Etienne) *? 1668 †1738 : afkomstig van die Franse provinsie Dauphine, moontlik die broer van stamvader Guillaume (volgens Botha); 1693 aankoms as soldaat in diens van VOC; vestig hom op La Dauphine, Franschhoek en bekom ook Keerweder, Franschhoek in 1701 van sy buurman Heinrich Müller; besit ook Orange, Paarl en Bossjesmansfontein, Groot Paardeberg sedert 1714 en Klipfontein in Malmesbury sedert 1720. Op 17 November 1723 het hy La Dauphine aan sy skoonseun Andries Grové en

Keerweder aan sy ander skoonseun Paul Jordaan oorgedra. Hy was een van die rykste boere van sy tyd; heemraad vir Stellenbosch en Drakenstein en ook sersant in Drakensteinse burgermag. Sy enigste seun wat getroud is, het net dogters gehad [2461] × 1700

10.400 **Marais**, Marie Madeleine *1682 †Kaap, Suid-Afrika 1716.07.07 : van Hurepoix, suid van Parys, Frankryk [2462]

10.411 **Mouton**, Jacques *?? 1663 †voor 10 November 1731 1731 : van Steenwerk, naby Armentieres in Frans-Vlaandere, as vryburger in Tafelbaai aangekom op 20 Julie 1699 met die Donkervliet saam met sy tweede vrou, Marie de Villiers, en hul drie dogters; later landbouwer in Drakenstein op die plaas Steenwerk. Sy boedelinventaris toon dat hy geen skuld gehad het nie en die waarde van sy boedel was 21072 guldens. Hendrik van Aarde was vanaf 1716 tot 1724 huismeester by Jacques Mouton en trou later met Jacques se dogter Susanna [4867] × 1700.10.08 Kaapstad

10.412 **De Bevernage**, Francina *?? 1677 †1757 : aankoms teen 1700 van Neerbrakel by Oudenaarde in Vlaandere. In 1741 het sy tien slawe gehad. Na haar dood het haar plaas Steenwerk die eiendom van hul seun Jacob geword [4868]

10.415 **La Grange**, Pierre *? 1664 †1728 : van Cabriere d'Aigues in Provence, aankoms 4 Augustus 1688 met die skip Berg China; s.v. Francois Grange en Margarite Courbonne. Sy neef Louis Corbonne het ook na Suid-Afrika gevlug. Hy ontvang hulp van die Kompanjie in 1689-1690 ten einde homself gevestig te kry. Op 1 Desember 1702 kry hy transport van 'n erf in Kaapstad op die hoek van Lang- en Waalstraat. Hy teken die getuigskrif ten gunste van WA van der Stel in 1706 in die Adam Tas rebellie. Albei die Van der Stels was gekant teen handel tussen die vryburgers en die Khoikhoi, tog het heelwat vryburgers dit bedryf van wie die Hugenote was: Pierre Rousseau, Matthieu Amiel, Pierre la Grange, André Pellanchon, Jean Jourdan, Pierre Jourdan en Jacques Potiér (Potje) [6111] × 1704.11.16 Stellenbosch

10.416 **Kool**, Margaretha *?? 1690 †1771.08.22 : van Amsterdam; d.v. Cornelis Kool wat naby Pierre la Grange in Kaapstad gewoon het [6112]

10.441 **Joost(Jooste)**, Franz *Lippstadt, Duitsland †Bartholomeus Klip; vermoor deur sy vrou en twee slawe, Titus van Bengale en Fortuin van Angola 1714.01.31 : aankoms 1693, soldaat, skaapwagter 1693-96, later boukneg, as burger vermeld 1699 [6567] × 1706

10.442 **Mouton**, Marie *Middelburg, Zeeland 1690 †tereggestel saam met slaaf Titus van Bengale met wie sy 'n verhouding gehad het, en 'n medepligtige Fortuyn van Angola, weens moord op haar man 1714.08.30 : van Middelburg [6566]

10.443 **Raats**, Jasper *?? 1689 †voor 12 Feb 1729 : van Utrecht, skoemaker 1707 [4810] × 1718.11.27 Paarl

10.444 **Bastiaans**, Magdalena =Kaapstad 1704.04.13 [4809]

10.445 Sien 8.33 [2051]

10.446 Sien 8.34 [2052]

10.447 **Roux**, Paul =? 1690 †Paarl : boer Nantes, Paarl. Paul was 'n diaken in die Paarl gemeente ten tye van die struwelinge wat tussen Pierre Joubert en ds Beck oor die huwelik tussen sy dogter Elizabeth en Guillaume Loret ontstaan het. Hy het op sy manier probeer om vrede te kry en tot 'n mate daarin geslaag. Dit was moontlik aan hom toe te skryf dat ds. Beck ingestem het om die huwelik waar te neem. Hy word ook verkies tot heemraadslid vir Paarl [5013] × 1719.05.21 Drakenstein

10.448 **Joubert**, Isabeau (Elizabeth) *1692 [5007]

11.303 **Retief**, ? [323225] ×

11.304 ?, ? [323226]

11.528 ?, Catharina (Catryn) *?? 1646 =Kaap 1673.10.26 : van Malabar/Coromandel/Bengale [7999]

11.531 **Visser**, Jan Coenraad *Ommen, Nederland ? 1633 †Kaapstad 1718.07.00 : 1658.04.28 aankoms aan boord van die Dordrecht van Delft, Nederland as soldaat en prediker in diens van die VOC; 1659.09.30 burger [2555] × 1649 ? (sy skoonsuster)

11.532 **Gerrits**, Margaretha *?? 1633 †Kaapstad, vermoor deur die slaaf Claas van Malabar 1692.03.14 : ook Geertjen/Alida; 1662 aankoms aan die Kaap met vyf kinders van Hardenberg, Nederland; sy is vermoor deur die slaaf Claas van Malabar op 'n Vrydagmiddag; die slaaf het deur die kombuis geloop om hout te gaan kap in die erf en toe sy hom skel omdat hy nog nie hout vir haar het om te bak nie en weier om te glo dat hy in die berg was om na die koei te soek, het hy aan haar gesê 'jou ou hond, gaan haal dit jouself'; toe sy hom wil klap, het hy die byl gelig en dit in haar nek ingeslaan; die moord het voor Maria van Negapatnam gebeur [2556]

11.573 Sien 11.531 [2555]

11.574 Sien 11.532 [2556]

11.671 Sien 9.29 [2102]

11.672 Sien 9.30 [2103]

11.687 **Le Febre**, Pierre *1655 : van Artois, s.v. Pierre le Febre en Rachel van Plus; 1683 aankoms met sy vrou; 1898 woon op die plaas 'Fleurbaai' onder Stellenbosch [1706] × 1679 Frankryk

11.688 **De Grave**, Maria : aankoms 1683 saam met haar man [1707]

- 11.793 **Jourdan**, Pierre *?? 1623 †Frankryk voor 31 Oktober 1687 [322055] ×
- 11.794 **Marque**, Jeanne *1627 †1688 : van Saint-Martin de la Brasque [322056]
- 11.799 Sien 9.49 [1787]
- 11.800 Sien 9.50 [1788]
- 11.883 Sien 10.411 [4867]
- 11.884 **De Villiers**, Maria *La Rochelle of Guines, Frankryk 1673.11.09 =Guines 1673.11.12 †moontlik aan boord van die Donkervliet op pad na die Kaap 1699 : moontlik suster van De Villiers stamvaders; dogter van Jean de Villiers en Francoise Joing [4870]
- 11.887 **Bastiaans**, Frans(Francois) *?? 1651 †Paarl/Drakenstein 1708 : van Armentieres, Frankryk; reeds voor 1686 aan die Kaap. Hy is die enigste van die oorspronklike Hugenate wat nie met 'n Hugenaar trou nie. Hy kry die plaas Vredenhof in Noorder-Paarl, Daljosafat op 20 Desember 1695; sy seun, Johannes, erf die plaas in 1717 [4702] × 1686.05.19 Kaapstad
- 11.888 **De Leeuw**, Anna Maria *?? 1666 : d.v. Pieter de Leeuw [4703]
- 11.893 **Roux**, Paul *1665 †1723.02.07 ΩDrakenstein : van Orange, Vaucluse, Frankryk; aankoms 1688 met "Berg China", 16881108 as onderwyser aangestel, voorleser en sieketrooster vir Franse gemeente, Drakenstein. Hy en ds Pierre Simond was die grootste voorstanders vir die behoud van die Franse taal aan die Kaap. Hy het nie finansiële bystand nodig gehad toe daar in 1689 - 1690 hulp aan die Hugenate gegee is deur die Kompanjie nie en het sedert 1719 die plaas Nantes, Paarl, besit [2493] × 1689
- 11.894 **Seugnet**, Claudine *??Meschers, Chte Mme, Frankryk 1671 †Kaap 1721 : van Saintogne; aankoms 1689 aan die Kaap saam met haar susters Susanna en Jeanne [2494]
- 11.895 **Joubert**, Pierre *1665 †Drakenstein, Kaap 1732.06.30 : van La Motte d'Aigues, in Provence, Frankryk; 1688 aankoms op die skip `Berg China' wat Rotterdam op 1688.03.20 verlaat en op 16880804 Tafelbaai bereik, met sy vrou; 1694 is die plaas `La Provence' naby Franschhoek aan hom toegeken. Hy het verskeie plase in Drakenstein besit, o.a. Lamotte (vernoem na sy geboorteplek) en Provence (vernoem na die provinsie vanwaar hy kom). Hy besit ook een van die eerste plase in die Tulbagh-kom nl. De Plaisa [2071] × 1689 waarskynlik aan boord van die skip ``Berg China"
- 11.896 **Richard**, Isabeau(Elizabeth) *Provence 1667 †Drakenstein 1748 : 1688 aankoms op die skip Berg China saam met haar man Pierre Joubert. Haar naam en dié van haar eggenoot, Pierre Malan, verskyn op die skeepslys van die Berg China, opgestel 1687.12.23; die waarskynlikheid is dus dat Susanne Reyne en Pierre Malan oorlede is voordat die Berg China in Tafelbaai aangekom het [2072]
- 12.1787 Sien 9.39 [578006]
- 12.1788 Sien 9.40 [578007]
-